# Johannes

## Die Dissipel vir wie Jesus Lief Is



Louis Nel

# Johannes

## Die Dissipel

## vir wie Jesus Lief Is

Oordenkinge oor die Apostel Johannes

## Louis Nel

Mei 2019

Mosbolletjie
Boeke
www.dagstukkie.co.za

# Inhoud

1 Johannes

2 Vissers van Mense

3 Mense!

4 Bruilof

5 Simon se Skoonma

6 Twaalf Leiers

7 Die Groot Preek

8 Sout en Lig

9 Só Bid Jy

10 God se Koninkryk

11 Die Saaier

12 Storm der Storms

13 Die Mal Man

14 Jaïrus

15 Uitgestuur

16 Vervolging

17 Kos vir ‘n Reuse Skare

18 Om Op Water Te Loop

**19 Jesus Word Verheerlik**

**20 Diensbaarheid**

**21 Die Intog**

**22 Tempelreiniging**

**23 Die Vyeboom**

**24 Die Groot Gebod**

**25 Jerusalem, Jerusalem!**

**26 Salf vir Jesus se Voete**

**27 Voetewas**

**28 Voorberei vir die Dood**

**29 Die Paasmaal**

**30 Die Wingerdstok**

**31 Getsemane**

**32 Verraad in die Nag**

**33 Voor Pilatus**

**34 Kruisig Hom!**

**35 Jesus Gekruisig**

**36 Jesus Sterf**

**37 Josef van Arimatea**

**38 Die Leë Graf**



Gaan Na Inhoud

**39 Die Emmaus Verhaal**

**40 Jesus se Verskyning**

**41 Vissers van Mense**

**42 Uitgestuur**

**43 Wag op die Gees**

**44 Vuur uit die Hemel**

**45 Die Gees aan die Werk**

**46 Die Kerk word Gebore**

**47 Wát 'n Wonderwerk!**

**48 Op die Rooi Tapyt**

**49 Wéér in die Moeilikheid!**

**50 Filippus in Samaria**

**51 Diep Ingedagte**

**52 Die Ware Jesus?**

**53 Geskrif uit Patmos**

**54 'n Brief aan Efese**

**55 God se Troonkamer**

**56 Die Bitter-Soet Boek**

**57 Die Nuwe Jerusalem**

**58 Jesus Kom Weer!**



Gaan Na Inhoud

# 1

# Johannes

## Wie Was Johannes?

Dit is die jaar 98 nC. ‘n Stokou Johannes sit op die stoep van sy huisie op die eiland Patmos. ‘n Salige glimlag verlig die ou, verrimpelde gelaat. “Here, ek is gereed om U weer te sien. My werk op aarde is uiteindelik voltooi! Ek het alles sorgvuldig neergeskryf wat U aan my openbaar het, sodat almal dit kan lees en wéét dat U die Ewige Koning is wat vir ewig regeer!”

Daar is baie geskryf oor die Apostel Johannes, baie daarvan slegs legendes. Maar wie is hierdie Johannes dan nou eintlik?

Johannes is gebore ongeveer in die jaar 6 en hy sterf volgens oorlewering op die rype ouderdom van 94 in die jaar 100 in Efese. Sy geboortedorp is Betsaida in Galilea. Jesus het die eerste dissipels geroep in ongeveer die jaar 25, dus was Johannes waarskynlik maar ‘n knaap van 19 toe hy sy dissipelskap aanvaar het. Hy was dan ook die jongste van al die dissipels.

Sy pa se naam was Sebedeus, maar daar is onsekerheid oor sy ma, waarskynlik was sy

Salome. Hy het ‘n ouer broer gehad met die naam Jakobus, ook een van die twaalf apostels saam met Johannes. Ons kan aflei dat hierdie twee broers gedurig aan die stry was, daarom het Jesus hulle die bynaam gegee van Boanerges, “Manne van die donder!”

Sebedeus was ‘n visserman van beroep, soos sy pa voor hom waarskynlik was. Sy kennis het hy weer aan sy seuns oorgedra, en so het dit gekom dat Johannes en sy broer Jakobus ook vissermanne was. Die tyd toe hulle geroep was om Jesus te volg, het hulle steeds saam met Pa Sebedeus gewerk om met visvang die pot aan die kook te hou.

Ten spyte van sy opvlieënde humeur, het Jesus hom nogtans baie lief gehad, sovéél so dat hy na homself verwys as “die dissipel vir wie Jesus baie lief was” in Joh. 13:22. Na Jesus se kruisiging en opstanding styg Johannes saam met Petrus uit as een van die steunpilare in die gemeente, ten spyte van sy jeugdige ouderdom. Dikwels sien ons waar hierdie twee saam is wanneer dinge gebeur. Hulle is dan ook die twee manne wat na die graf toe hardloop om te gaan kyk wat gebeur het, wanneer die berig kom dat

Jesus nie meer in die graf was nie.

Later jare het Johannes ook uitgestaan as ‘n uiters besielende skrywer. Hoeveel boeke het hy geskryf? Ons weet net eenvoudig nie. Daar is egter vyf boeke wat aan Johannes gekoppel word. Die eerste is die Evangelie volgens Johannes. Hy het nie maar op ‘n dag gaan sit en die boek begin skryf, en ‘n paar maande later gefinaliseer nie. Dit het oor ‘n baie lang tydperk ontstaan, en hy het waarskynlik klein gedeeltes geskryf, wat oor ‘n lang tydperk gegroei het. Uiteindelik is dit gefinaliseer en saamgestel iewers tussen die jare 90 en 100, toe Johannes al ‘n stokou man was. Of hy sélf die finale afrondingswerk aan die boek gedoen het, en of dit dalk een van sy leerlinge was, weet ons nie.

Die eerste Johannes-brief is geskryf nadat die Johannes-evangelie gefinaliseer was, moontlik in die omgewing van 95 n.C. Daar het sekere wanopvattings in die gemeente ontstaan, en Johannes het hierdie brief geskryf om ‘n regstelling te maak oor sekere interpretasies wat die mense gehad het. Ons is nie baie seker of Johannes wél self hierdie brief geskryf het, en of dit dalk dieselfde persoon was wat


Gaan Na Inhoud

verantwoordelik was vir die afronding van die Evangelie nie.

2 en 3 Johannes is waarskynlik geskryf deur een van Johannes se leerlinge, en nie deur homself nie. Nogtans is sy invloed op die skryf van hierdie briewe baie groot.

Maar wat van Openbaring? Het Johannes hierdie boek ook geskryf? Ons is nie seker nie. Die outeur van Openbaring noem homself Johannes (Op. 1:4). Dit word geskryf in ongeveer 95 n.C. Maar wie is hierdie Johannes? Is dit Johannes die Apostel? Daar is ook twee ander moontlikhede, Johannes die Evangelis en Johannes van Patmos. Baie Bybelkenners is van mening dat dit Johannes van Patmos was wat Openbaring geskryf het, en nie die Apostel Johannes nie. Volgens 19de-eeuse tradisie is dit egter die Apostel Johannes wat Openbaring geskryf het nadat hy na Patmos verban was. Vandag kan ons slegs raai!

Maar wat maak dit in elkgeval saak? Vir die doel van hierdie boek, gaan ons aanneem dat dit wél die Apostel Johannes was wat Openbaring geskryf het.

Dit is tóg interessant om te weet dat van al die Apostels, dit slegs Johannes was wat ‘n natuurlike dood gesterf het. Judas Iskariot het homself gehang en al die ander is dood as gevolg van vervolging en selfs aaklige marteling.

Ek gaan my bes probeer om vir jou die lewe van ‘n uiters merkwaardige man te beskryf met die relatief min inligting wat oor Johannes beskikbaar is.

Gebed:

Here, dankie vir Johannes en die wonderlike rol wat hy gespeel het in soveel miljoene lewens. Dankie dat hy ook my lewe kon aanraak, nie alleen deur dit wat hy geskryf het nie, maar ook hoe hy sy lewe geleef het.

2

## Vissers van Mense

## Matteus 4:18-22

“Het jy die Man gesien wat daar oorkant op die strand aangeloop kom?” Die negentienjarige Johannes se skerp ogies sien sommer dadelik die Vreemdeling raak.

“Ek herken hom nie. Ek wonder wie dit kan wees?” Jakobus bepaal hom weer by die net waarmee hy besig is. Die ding het nogal erg beskadig met laasnag se visvangsessie, en hy moet regkom voordat hulle vanaand uitvaar.

“Dis nie dalk die Een waarvan my Rabbi, Johannes die Doper gepraat het nie?”

Johannes het ál sy spaartyd by die Doper gespandeer. Hy het letterlik gehang aan die lippe van hierdie rowwe profeet. Johannes het homself eintlik gesien as ‘n dissipel van die Doper en hy het gewens dat hy ook eendag so sou kon preek vir die mense.

Nuuskierig soek sy oë daardie vreemdeling. Hy het nou gaan staan, en dit lyk asof Hy Hom verlustig in alles wat op die strand aan die gang

is. Simon se skuit lê uitgesleep op die strand, en hy en sy broer Andreas staan halflyf in die water met werpnette. Arme Simon het seker laasnag niks gevang nie, dié dat hulle nou hier op die strand moet probeer om ietsie in die hande te kry. Maar dit lyk ook maar na ‘n hopelose poging. Hulle is nou al vir ure lank besig om die nette te gooi, in te trek, gooi, intrek, tot vervelens toe. En net so af en toe is daar ‘n ou vissie.

“Johannes!” bulder Pa Sebedeus. “Watse gedroom is dit hierdie? Toe, toe, die nette moet klaarkom! Hou op ginnegaap!”

Johannes skrik hom yskoud. Pa Sebedeus is ‘n befoeterde ou man! Dis seker van hom wat hy en boetie Jakobus hulle humeur geërf het. Oorhaastig begin hy weer werk aan die stukkende net. Maar sy gedagtes bly by daardie Vreemdeling. As hy dit waag om skelm op te kyk, sien hy hoe die man afstap na Simon en Andreas toe. Hy beduie vir hulle iets, en dan trek die twee hulle nette in en gaan gooi dit in die skuit.

Johannes vrek van nuuskierigheid, maar hy moet konsentreer om die net reg te knoop,


Gaan Na Inhoud

anders kry hy met Pa se tong te doene. As hy weer opkyk, is hy net betyds om te sien dat Simon en Andreas reguit na hulle skuit toe aangestap kom, vergesel van die Vreemdeling.

Die Man wink vir hom en Jakobus om af te klim. Hulle spring van die skuit af, en dan tref die Man se sagte woorde hom: “Volg my!” Johannes wil nog beduie na Pa Sebedeus wat hulle staan en aangluur. Maar dan sê die Man iets wat hom totaal onkant vang: “Kom saam met My, Ek sal julle vissers van mense maak!”

Dan herken Johannes Hom: Hy ís die Een van Wie Johannes die Doper gepraat het! Op daardie oomblik wéét Johannes dat hy hierdie Man se vriendelike uitnodiging net eenvoudig nie kan, nie mág weier nie. Hy praat met sovéél gesag, sovéél oortuiging dat Johannes en Jakobus albei onmiddellik instem. ‘n Briesende Pa Sebedeus word oorhaastig gegroet, en dan stap die vier manne saam met die Vreemdeling.

Johannes hou sommer dadelik van hierdie Man. Hy is vriendelik en met ‘n innemende geaardheid. Sy naam is Jesus en hy kom van Nasaret af. Daar het Hy gewerk as ‘n

ambagsman. Maar Sy eie mense wou Hom nie meer daar hê nie. Hulle het Hom uit die dorp gejaag omdat Hy hulle die waarheid vertel het. Hulle het selfs probeer om Hom dood te maak, by ‘n krans probeer afgooi! “Maar Ek is nie kwaad vir hulle nie. Ek het hulle vergewe!” lag Hy. Toe het Hy besluit om Hom hier in Kapernaum te kom vestig. Simon wou weet of Hy nou hier Sy ambag kom voortsit? Sy antwoord was dat Hy eintlik as ‘n soort-van ‘n Rabbi hier kom werk. Maar Hy was baie vaag oor presies wat Hy werklik kom doen.

Baie gou leer die vier manne dat Hy ‘n besonderse groot kennis van die Woord het. Soos wat hulle aanstap, vertel Hy hulle allerhande dinge van die Woord wat hulle nog nooit regtig begryp het nie. Nou is dit asof daar ‘n splinternuwe lig vir hulle opgaan.

Dit was ook nie lank nie, of ‘n paar nuuskierige mense kom stap saam met hulle om te luister na al die wonderlike wyshede wat hierdie Jesus vertel. Johannes kry groot respek vir Hom. Hy is inderdáád ‘n volwaardige Rabbi! Hy praat met al die gesag wat die Rabbi’s praat, en nog baie meer! Hy onthou nog die tyd toe hy as jong seun



Gaan Na Inhoud

aan die voete van die Rabbi moes sit. Daardie man was baie slim en hy het groot respek vir hom gehad. Maar die wysheid van hierdie Rabbi Jesus oortref daardie slim Rabbi by verre!

Kom ons, ek en jy, raak ook so opgewonde oor Jesus en hang aan Sy dierbare lippe om alles van Hom te leer. En kom ons vergewe ook maar die ouens wat ons probeer kwaad aandoen!

Gebed:

Here, leer my asseblief ook om mense wat my kwaad aangedoen het ten volle te vergewe, net soos U ook vergewe het.

3

# Mense!

## Matteus 4:23-25

Toe Johannes sien, begin dit al aand word. Hy skrik hom yskoud: waar het die tyd heen gevlieg? Hy het skoon tred verloor met tyd en plek, en hulle is nou bitter ver van Pa Sebedeus se skuit af. Die Oukêrel is seker al bitter kwaad dat hulle nog nie opgedaag het vir die nag se visvang nie!

"Ons slaap vannag sommer hier op die strand," kondig Jesus aan, en hulle begin vuurmaakhout bymekaarmaak vir die nag.

"Maar Rabbi, ek en my broer moet gaan werk! Pa wag vir ons, en ek ken my pa, as ons nie betyds daar aankom nie!" Johannes is 'n baie bekommerde man. Hy wonder waarom Simon en Andreas so rustig is oor die hele situasie? Dit lyk nie of dit Simon enigsins pla dat sy skuit nie vannag uitgaan nie!

Dan verduidelik Jesus dat hy rustig moet raak. As Johannes Jesus se dissipel wil wees, moet hy bereid wees om alles op te gee en vir die volgende paar jaar saam met Hom te gaan. Hy

hoef rêrag ook nie bekommerd te wees oor waarvan hulle gaan lewe nie of waar hulle gaan slaap nie. Daar sal wél vir hulle gesorg word.

Simon stap na een van die vissermanne toe en vra of hy gou sy werpnet kan leen. Tot almal se verbasing kom hy ‘n halfuur later terug met ‘n yslike groot vis, genoeg vir hulle almal.

‘n Dag later is dit Sabbat. Vrydagmiddag maak hulle al vroeg kamp sodat al die werk afgehandel is voordat die Sabbat aanbreek. Jesus het gesorg dat hulle naby ‘n dorpie uitkamp, sodat hulle die volgende oggend na ‘n sinagoge sou kon gaan. Teen hierdie tyd het hulle groepie al aangegroei met nog ‘n paar manne wat besluit het om Jesus te volg.

By die sinagoge word Jesus gevra om die woord te voer. Iemand het dit laat val dat Hy die een of ander Rabbi is, en dat Hy weet waarvan Hy praat. Die priester rol die groot boekrol voor Jesus oop, en Hy begin daaruit voorlees. Toe begin Hy praat. Daar sak ‘n doodse stilte neer oor al die manne in die gebou. Oopmond, sprakeloos luister hulle na die wonderlike woorde wat uit Sy mond voortvloei. Hy praat met


Gaan Na Inhoud

sóveel gesag en wysheid dat hulle nie kan ophou luister nie.

Die volgende oggend is daar al van vroegdag af ‘n klomp mense wat Jesus kom opsoek. Die nuus het baie gou versprei oor hierdie nuwe Rabbi wat so wonderlik kan praat. In die sinagoge word net die manne toegelaat. Nou kom die vrouens ook by, want hulle wil ook weet waaroor al die bohaai gaan.

Johannes kan nie mooi onthou waar dit alles begin het nie, maar skielik het Jesus net afgebuk na iemand wat baie siek was. Toe Hy die vrou aanraak, was sy oombliklik genees. Jy kon duidelik hoor hoe die mense rondom haar hulle asems intrek in ongeloof.

Toe kom daar nóg iemand met ‘n probleem, en ook sý word genees! Toe was die ark oop! Die nuus versprei soos ‘n veldbrand oor hierdie nuwe “Wondergeneser” en so gou as jy sê “Mes!” wemel dit van siekes met allerhande soorte kwale. Johannes se mond het behóórlik oopgehang. Sowat het hy nog nooit aanskou nie! En sy hart het geswel van trots, want dit was sý Rabbi wat hierdie wonderdade gedoen het.

Maar saam met daardie asemrowende wonderwerke, kom daar vir Jesus se dissipels harde werk. Skielik moet hulle nou skarebeheer toepas en siekes begin organiseer. Binne dae het derduisende mense na hulle toe gestroom. En tussen al die genesings deur, het hulle Meester steeds tyd gemaak om met die mense te praat en hulle allerhande wonderlike dinge te leer.

Dae het weke geword en weke maande. Hulle het nooit lank op een plek gebly nie. Hulle het van dorpie na dorpie gegaan en Jesus het elke Sabbat in ‘n ander sinagoge gepraat. Regdeur die hele Galilea het hulle getrek totdat daar nie ‘n enkele persoon was wat nie van Jesus geweet het nie.

Dit was lankal nie meer net hulle vier wat vir Jesus dag-na-dag gevolg het nie. Dit het nou al aangegroei tot ‘n groot klomp mense. Hulle het hulleself die taak opgelê om oral te help, want elke dag was hier nou al duisende mense wat na Jesus kom luister het en veral gekom het om hulle kwale genees te kry. Nou was dit ook nie meer net die mense uit Galilea nie, maar van oral, Dekapolis, Jerusalem, Judea en selfs

mense van oorkant die Jordaan af.

En Johannes het lááńkal vergeet van Pa Sebedeus!

Dit moes ‘n asemrowende ondervinding gewees het om saam met Jesus te kon wees. Maar terselfdertyd was dit baie harde werk. Om die Evangelie uit te dra is nie kinderspeletjies nie. Vra maar vir die sendelinge wat dikwels harde bene kou. Maar dit is deur en deur die moeite werd!

Gebed:

Here, ek dink vanoggend aan elkeen wat besig is om in U wingerd te werk. Gee hulle asseblief krag, deursettingsvermoë, liefde en wysheid, Here!



Gaan Na Inhoud

4

# Bruilof

## Johannes 2:1-11

“Ek het ‘n verrassing vir julle,” word Johannes en sy makkers een oggend deur Jesus gegroet.

“Rabbi, wat is dit?” wil Johannes nuuskierig weet, maar Jesus lag net. As hy nou vir hulle vertel, dan is dit mos nie meer ‘n verrassing nie!

Die manne is doodmoeg van ‘n paar weke se harde werk, en Jesus besluit dat ‘n bietjie ontspanning nie onvanpas sal wees nie. Hy het hóéka ‘n uitnodiging gekry na ‘n bruilof in die dorpie Kana, en hierdie sal vir die manne ‘n goeie blaaskansie wees, om net ‘n slaggie weg te kom van die groot skares af. En so val hulle vroegoggend in die pad.

Van ver af hoor die manne al die musiek en gelag en vrolikheid. “Daar is gróót makiti!” sê hulle vir mekaar, min wetende dat hulle júís na daardie einste makiti op pad is. Hulle tref ‘n baie jolige affêre aan met hulle aankoms, dit dans en sing en vier fees dat dit ‘n aardigheid is. Heimlik wonder Johannes waarom Jesus Hom met sulke joligheid sal ophou? Is Hy dan nie ‘n Rabbi nie?

Is Hy nie veronderstel om baie ernstig te wees nie? Maria, Jesus se moeder groet hulle hartlik. Sy het plek gehou vir dertien manne, want Jesus het teen hierdie tyd al twaalf gereelde volgelinge. Hulle vly hulle gemaklik neer op die kussings langs haar tafel. Eetgoed is daar in oorvloed, en die atmosfeer is een van groot vreugde.

Baie gou kom Johannes agter dat alles nie so baie kosjer is nie. Hy mis die wyn, wat so kenmerkend van enige bruilof is. Maria leun oor na Jesus toe. “Die wyn is op!” Dis ‘n ramp! Wat gaan Jesus doen? Johannes sien hoedat Jesus sy kop skud. Gaan Hy dan nie help nie? Dan besluit Hy tóg om die arme bruidegom, wat veronderstel is om die wyn te voorsien, uit sy verknorsing te red. Hy beduie iets vir Maria, en dan verdwyn sy. Die volgende oomblik begin die kelners water aandra na die groot klipkanne toe wat gebruik word vir die reinigingsrituele. Al sewe die reuse kanne word propvol gemaak. En dan beduie Jesus vir die kelners om van die water uit te skep en vir die seremoniemeester te gaan gee.

Johannes wil nog wonder oor hierdie eienaardige ding wat Jesus doen, toe sien hy

hoedat die man se gesig ophelder as hy die “water” proe. Dan besef Johannes: Dis nie water nie, dit is wyn! Sewehonderd liter daarvan! Nou wéét Johannes dat sy keuse om Jesus te volg beslis die regte een was!

Vir die afgelope weke het hulle wonderlike dinge aanskou, mense wat gesond gemaak is van allerhande kwale. Maar hierdie! Nog nooit het Johannes só ‘n asemrowende wonderwerk aanskou nie!

Jesus het met ‘n doel na hierdie bruilof gekom. Dit was nie maar net tyd uithang en partytjie hou nie! Hy het simbolies hier die pligte van die bruidegom kom oorneem deur die wyn te voorsien. Baie jare later skryf Johannes in Openbaring 19:5-10 van ‘n ander bruilof, die “bruilof van die Lam.” Daar is Jesus die Bruidegom by uitstek, en daar voorsien Hy in oorvloed! Wie sal ooit 700 liter wyn opdrink op ‘n bruilof?

Maar dis nie al nie, Amos het óók geprofeteer van hierdie wyn wat so in oorvloed sou vloei met die koms van die Messias. Dit staan opgeteken in Amos 9:13-14, waar hy sê dat die wyn selfs

van die berge sal afdrup. Dit is mos oorvloed!

Nou begin dinge vir Johannes in plek val. Hy kyk na die klipkanne. Daar is iets omtrent hulle! Waarom het Jesus nou juis besluit om Sy wyn in reinigingskanne te maak? Wat sou Hy daarmee wou sê? Dan tref dit hom: Daardie kanne is gebruik om die water in te hou vir die Joodse reinigingsrituele, soos wat die wet vereis. Dit is met ander woorde kanne wat die wet versimboliseer. Wat doen Jesus? Hy verander dit in iets waarmee jy feesvier. Die wetskanne word nou feeskanne! Omdat Jesus, die Bruidegom hier is, is hulle nou nie meer aan die wet gebonde nie maar kan hulle saam met Hom feesvier.

Maar waarom het Jesus dan eers geweier om aan Maria se versoek te voldoen? En toe doen Hy in elkgeval die wonderwerk? Jesus wou daarmee sê dat Hy nie deur mense voorgesê kan word wat om te doen nie, nie eers Sy moeder nie. Wat Hy gedoen het was die wil van Sy Vader, en daaraan alléén was Hy gehoorsaam.

Johannes kyk in verwondering na sy Meester. Hy



Gaan Na Inhoud

is beslis nie sommer enige Rabbi nie, Hy het mag! Is Hy nie dalk die Messias nie?

Hoe sien ek en jy vir Jesus? Ons is geneig om Hom te soek in die bonatuurlike. Dalk moet ons ‘n slaggie ons oë oopmaak en Hom soek in die doodgewone, alledaagse dinge van die lewe, soos ‘n bruilof! Om Jesus te herken, moet jy bereid wees om die klein wonderwerkies wat elke dag in jou lewe gebeur raak te sien en Jesus in geloof daarin te herken. Maar dan moet ons ook die regte ding doen en Hom al die eer gee vir hierdie dinge. Loof Hom met jou hele hart!

**Gebed:**

**Here Jesus, U is God en Heer! Dankie vir al U wonderdade wat ek elke dag kan beleef.**

## Simon se Skoonma

## Markus 1:29-39

Die dag het begin as ‘n doodgewone Sabbat waar die manne ‘n ruk lank in Kapernaum gewerk het. Maar hulle was bekommerd. Simon se skoonma was nie lekker nie. Sy het die vorige nag ‘n hoë koors gehad, maar met hulle hoë werkdruk kon Simon nie rêrag aan haar aandag skenk nie. Johannes deel sy kommer, maar eers moes hulle sinagoge toe.

Die preek van sy Rabbi het Johannes se bors daardie oggend weereens met trots laat swel. Hy móés vir almal wys dat hy ‘n leerling is van daardie Jesus! Maar toe gebeur daardie skrikwekkende ding met die besetene. Johannes het hom asvaal geskrik toe die man skielik tussen al die mense opspring en begin gil en tekere gaan. Simon het opgespring om die man nét daar uit te smyt, maar Rabbi Jesus het vir hom beduie om te gaan sit. Dat die man nou só ‘n hartroerende preek so kom staan en bederf het!

Wel, die manier wat Rabbi Jesus die saak

hanteer het was absoluut ongelooflik. Het jy al óóit so ‘n ding beleef!? Waar kry Hy die krag om die duiwel uit die man te dryf? Die mense was in ekstase! Nou besef hulle seker waarom hy hierdie Rabbi volg.

Na die preek en die opwinding, stap die groepie na Simon se huis toe. Dit was heerlik om weer ‘n slag in ‘n huis te kon slaap, maar Johannes kan sien hoe die bekommernis aan sy vriend Simon vreet. Hy is natuurlik bekommerd, want in haar toestand kan Simon se Skoonma mos nooit vir hulle klomp regstaan nie!

Wanneer hulle die huis binnestap, lê sy steeds in die kooi en worstel met die koors. Dinge lyk baie lelik! Dan kry Johannes ‘n gedagte: “As Rabbi Jesus daardie besete man kon genees, kan Hy mos ‘n gewone sieke ook gesond bid, Simon?”

“Rabbi,” vra Simon, “bid asseblief vir my skoonma.” Jesus vat die vrou se hand. Haar koors is hemelhoog, en die sweet tap haar bleek gesig af. Sy is dodelik siek! Wanneer Jesus egter haar hand vat, gebeur die wonderwerk. Die kleur kom terug na haar gesig, en sy sit regop, asof sy nooit iets makeer het nie. Simon wil nog

keer dat sy opstaan, hierdie vrou was mos baie siek! “Ma, lê maar nog ‘n rukkie.....” Maar hy is te laat want sy het klaar uit die kooi gespring, blakend gesond. Die manne kan hulle oë nie glo nie. So vinnig is haar herstel, dat sy dadelik aan die werk spring en vir hulle aandete voorberei.

“Het jy gehoor van Simon se skoonma?” gons dit oor die bostelegraaf. “Dis ‘n wonderwerk soos niemand nog óóit gesien het nie!”

“Kom ons gaan kyk wat gebeur het.”

“My seuntjie is siek, dalk kan die Rabbi hom ook gesond maak.”

Binne ‘n uur weet die ganse Kapernaum van Simon se skoonma. Vanuit elke hoek van die stad stroom die mense om vir hulleself te kom sien wat gebeur het. “Hoe is dit moontlik?” Elke minuut groei die skare aan voor Simon se eenvoudige huisie, totdat daar meer as ‘n duisend mense in die nou straatjie saamgedrom staan. “Rabbi, help my asseblief,” klink dit hier en daar op. Jesus is maar net te gewillig om die siekes te help, en elke keer as daar ‘n genesing plaasvind, dan dreun dit deur die skare soos ‘n swerm bye. Tot laatnag toe duur dit voort, totdat


Gaan Na Inhoud

Simon uiteindelik vir die mense moet sê dat dit darem nou tyd is dat hulle huiswaarts moet keer. Die Rabbi is mos maar net ‘n mens! Hy het mos ook rus nodig!

Vroeg die volgende oggend - dit is nog pikdonker - hoor Johannes dat iemand in die huis beweeg. Hy sien die silhoeët van die Rabbi as Hy saggies uitloop na buite. Later moet hy verneem dat Jesus ‘n stil plekkie gaan opsoek het om te gaan bid. As dit begin lig word, wil almal weet waar Jesus dan is? Johannes beduie net dat Hy uit is, iewers daar buite. “Kom ons gaan soek Hom,” besluit hulle. As hulle Hom uiteindelik kry wil hulle weet: “Waar was U? Almal soek U!”

Maar Jesus ontwyk hulle vraag: “Kom, ons het werk om te doen. Ons gaan al die naburige dorpies ook bearbei.”

Gedweë pak die manne op. Watter opwinding wag daar op hulle? Gisteraand se dinge het hulle laat bruis van opgewondenheid. Hier kan dalk nog groot dinge gebeur! Galilea, hier kom ons!

Vandag is dit vir ons moeilik om te begryp hoe nuut en vars Jesus se prediking en optrede vir daardie mense was. Ons ken die verhale almal

van kleintyd af, en dis ou nuus. Maar Jesus het gekom om alles nuut te maak, nie alleen vir daardie tyd nie, maar ook vir vandag. Dalk was die nuwe dissipels opgewonde om die verkeerde rede. Ons weet egter vandag wat die ware agtergrond is, en dit behoort vir ons nog baie meer rede te gee om opgewonde te raak oor Jesus. Is Jesus vir jou “ou nuus”? Dan het dit tyd geword dat ons met nuwe oë begin kyk na Hom en ons verhouding met Hom, en dat ons weer borrelend opgewonde raak oor Jesus.

**Gebed:**

**Here, laat dit asseblief vandag bruis in my gemoed van opgewondenheid oor U. U is steeds so wonderlik soos daardie tyd saam met die dissipels.**



Gaan Na Inhoud

6

# Twaalf Leiers

## Markus 3:1-19

Dit was ‘n dag wat Johannes nooit sou vergeet nie. Eintlik het dit al begin op daardie Sabbaddag in Kapernaum. Daardie oggend was die sinagoge tot oorlopens toe vol, want almal wou Jesus hoor preek.

Die oggend daag daar ook ‘n paar Fariseërs op. ‘n Suur klomp, daai! As hulle instap, sien hulle die man met die gebreklike hand daar sit, vol verwagting, want sy kans het gekom om Jesus te sien. Dalk kan Jesus vir hom ook ‘n wonderwerk doen. Hy sou so graag ook normaal wou wees soos enige ander man. Die Fariseërs stamp aan mekaar, en beduie na die gebreklike: “Vandag is die dag!”

Jesus kyk reguit na die Fariseërs as Hy die kêrel met die verskrompelde hand beveel om op te staan. Hy lees die slim manne se gedagtes soos ‘n boek, en Hy weet dat hulle Hom wil vastrek. “Mag ‘n mens op ‘n sabbatdag goed doen of kwaad doen, iemand red of doodmaak?” vra Hy vir die hoogsgeleerdes.

“Watter soort van vraag is dit?” wonder hulle vererg, “Hy is arrogant! Besef Hy nie met wie Hy praat nie? Ons het immers almal ‘n ordentlike geleerdheid in die Skrifte, baie meer as wat Hy kan sê!” Hulle besluit egter om liewer stil te bly, hulle sal Hom wél uitvang.

Jesus is kwaad vir die Fariseërs omdat hulle in die hand van die duiwel speel en die Evangelie probeer dwarsboom. Maar tegelykertyd is Hy diep bedroef omdat hulle hulle harte so verhard. Die grootste gebeurtenis in die geskiedenis van die heelal, die dag toe God uit die hemel neergedaal het om die mensdom te verlos van sonde, is besig om totaal by hulle verby te gaan. “As hulle maar net kon besef.....”

“Steek jou hand uit!” Johannes snak na sy asem. Voor sy oë gebeur die wonder: oombliklik is die man genees, sy verdorde hand so normaal soos dié van ‘n skrynwerker.

Bedroef kyk Jesus die Fariseërs aan terwyl hulle selfvoldaan opstaan en uitstap. “Ons hét Hom!” sê hulle tevrede vir mekaar. En daarmee haas hulle hulle na hulle “vriende in hoë plekke” om ‘n komplot te smee teen Jesus. Binnekort sal Hy

die hoogste tol betaal vir sulke arrogansie!

Vroeg die volgende oggend roep Jesus die manne bymekaar. Dit het tyd geword om te vertrek na die See van Galilea.

Skaars kom hulle by die see aan, of die mense stroom in groot getalle na Hom toe. Hulle móés Hom net eenvoudig sien. Van heinde en verre het hulle gestroom om hierdie Jesus te ervaar. So groot het die skares naderhand aangegroei, dat Jesus in 'n skuit moes klim, en daarvandaan preek. Die mense het Hom totaal verdring.

Sy preke was nie maar net 'n klomp teologiese redenasies, soos dié van die Skrifgeleerdes wat dwarsoor die gewone mense se koppe gepraat het nie. Hy vertel bloot eenvoudige stories om baie diep waarhede te illustreer. Hy praat oor dinge waarmee elkeen van hierdie mense hulleself kon assosieer, dinge uit hulle alledaagse lewe. Dit het egter ook nie maar net by woorde gebly nie, maar Hy het dit prakties toegepas. Hy het talle mense genees van allerhande soorte kwale. En dan was daar ook die uitdryf van onrein geeste.

'n Paar dae later gebeur daardie onvergeetlike

dag wat Johannes vir altyd sal onthou. Dit was laat middag en meeste van die skares was klaar huistoe. Al wat oorgebly het was die klompie gereelde volgelinge. Jesus wink vir die manne om Hom te volg, en Hy klim halfpad teen ‘n koppie op, waar hulle gaan sit. Daar was ‘n doodse stilte, terwyl Jesus hulle almal een-vir-een deurgekyk het. “Wat is nou verkeerd?” wil Johannes nog wonder. Dan wink Jesus die rowwe visserman, Simon nader. Boetie Andreas moet ook maar naderstaan.

“Johannes, jy en Jakobus, kom hier.” Johannes se hart gaan wild aan die bons as hy naderstap. Wanneer Jesus vir Judas Iskariot nader wink, is daar ‘n droewige trek in Sy oë. Iets aan hierdie man laat Johannes kriewelrig voel, hy kan net nie sy vinger lê op wat hom pla oor Judas nie. Nog manne word nader geroep: Filippus, Bartolomeus, Matteus, Thomas, Jakobus (dis nou Alfeus se seun), Taddeus en Simon die Fanatikus. Uiteindelik ‘n groep van twaalf manne altesaam. Die manne kyk vraend na mekaar: “Wat wil Jesus met ons doen?” Dan verduidelik Jesus: “Julle twaalf manne is My uitgesoekte uitgestuurdes, My apostels.”



Gaan Na Inhoud

Johannes het nooit besef watter reuse verantwoordelikheid daar van daardie dag af op sy skouers sou rus nie. Maar nou wag daar eers drie jaar se intense opleiding op hom en sy makkers.

Eers baie jare later het Johannes besef dat hulle groepe nie alleen die twaalf stamme van Israel sou verteenwoordig nie, maar met die kragtige vernuwing waarmee Jesus besig was, sou hulle terselfdertyd ook die "Nuwe Israel" verteenwoordig. Dit sou hulle plig word om dit te verkondig, en die wonderlike Evangelie aan die hele wêreld uit te dra.

**Gebed:**

**Here, dankie vir die voorbeeld wat U vir ons gestel het. Dankie dat U ons ook geleer het om die Evangelie eenvoudig uit te dra.**

## 7

# Die Groot Preek

## Matteus 4:23-5:12

Baie gou ontstaan daar ‘n hegte band tussen die twaalf manne. Alhoewel hulle nie die enigste gereelde volgelinge van Jesus is nie, aanvaar almal hulle as die leiers in die groep. Dit laat Johannes natuurlik baie belangrik voel. Van Kapernaum af gaan hulle deur die hele Galilea. Elke Sabbat is hulle in sinagoges om die mense te leer. Terselfdertyd het Rabbi Jesus ook talle siekes gesond gemaak van elke kwaal denklik. Die nuus het soos ‘n veldbrand versprei, en mense het in groot getalle van heinde en verre gestroom om hierdie “Wonderwerker” te sien en te ervaar, en natuurlik om van hulle siektes en kwale genees te word.

Baie jare later besef Johannes dat hierdie nie maar bloot ‘n barmhartigheidsaksie was nie, maar dat Jesus na ‘n veel groter doel gewerk het. Hy wou die verhoog regkry vir die grootste preek van alle tye. Die nuus van Jesus se asemrowende bediening het versprei na die uithoeke van Galilea. Mense was opgewonde, want hulle het nog nooit so iets beleef nie. Dit

word oorvertel en weer oorvertel totdat dit deur die hele provinsie van Sirië weerklink. In hulle hordes stroom die mense saam. Almal wou dit vir hulleself kom beleef. Reuse skares mense het om Jesus saamgedrom, en die sinagoges het totaal te klein begin word. Dan wend Hy hom na die buitelug, langs die see van Galilea.

Op ‘n dag is daar ‘n magtige skare bymekaar. Jesus wink Johannes en Simon nader. Hulle moet die mense teen die berghang laat sit. Hy loop teen die berg op sodat almal Hom kan hoor. Dan begin Hy daardie wonderlike preek wat al oor en oor en oor uitgerafel, bespreek en ontleed is.

Jesus het besef dat mense dikwels die Tien Gebooie sien as eise wat God stel, eise wat baie mense moedeloos maak omdat hulle nie hieraan kan voldoen nie. En dan het die Fariseërs ook nog boonop hulle eie wette opgestapel. Dit was egter nooit God se bedoeling om mense te belas met onmoontlike wette nie. Jesus wou hulle leer om dit eerder te sien as riglyne waarvolgens jy jou liefde teenoor God en medemens kan uitleef. Met hierdie preek wat Jesus beplan het, wou Hy Sy volgelinge wys hoe kinders van God hulle

liefdesverhouding met die Vader prakties kan uitleef, en hoe dissipels van Jesus Hom moet navolg.

Wanneer Jesus op ‘n groot rots gaan sit, beduie hy vir Johannes en sy makkers om hier naby Hom te kom sit. Hy wil hulle iets belangriks leer. Hy kyk hulle in die oë wanneer Hy begin praat, maar Hy praat só dat al die ander mense Hom duidelik kan hoor. Johannes wonder vir ‘n oomblik, vir wie hierdie preek dan bedoel is? Baie gou kom hy agter dat hierdie preek wel as onderrig vir hulle twaalf manne bedoel is, maar terselfdertyd is dit nie ‘n eksklusiewe gesprek met hulle nie. Elkeen wat teen die berghang sit moet dit hoor!

Die preek begin met die “Saligsprekinge.” Almal moet eers hoor en deeglik besef hoe genadig God is voordat hulle kan hoor wat die eise is wat God aan hulle stel. Baie jare later het Johannes eers besef dat dit presies is soos met die Tien Gebooie, waar God eers vertel van Sy groot genade oor Israel, voordat Hy eise stel, of eerder riglyne neerlê.

Jesus begin met ‘n genade-aankondiging, dat die mens wat besef dat hy totaal afhanklik van

God is, baie groot seën beleef, en dat hy deel het aan die Koninkryk van God. “Geseënd is dié wat geestelik arm is.” Eers kon Johannes nie mooi verstaan wat Jesus bedoel nie, maar toe hy mooi daaroor dink, besef hy dat Jesus eintlik wil sê dat as jy arm is, begin jy jou afhanklikheid van God besef. Johannes wéét mos hoe die armes deur die geestelike leiers verag word, want hulle glo dat armoede ‘n teken is dat God hulle verwerp het. Nou sê Jesus dat hierdie sogenaamde verworpenes juis deur God aanvaar word. Stadigaan gaan daar ‘n liggie vir Johannes op.

Hy begin agterkom dat hierdie saligsprekinge van Rabbi Jesus eintlik gaan oor geregtigheid. Nie alleen om die regte houding voor God te hê nie, maar terselfdertyd ook om reg te doen aan ander mense.

Vandag moet ek en jy ook besef, dat as hierdie twee elemente teenwoordig is in jou lewe, ontvang jy seën en dan het jy deel aan God se Koninkryk.

Om reg te doen behels onder meer om barmhartig te wees, vrede te maak, te treur oor dít wat verkeerd is, sagmoedig te wees,

geregtigheid na te streef en om jou lewe skoon en rein te hou. Maar jy kan ook verwag om vervolg te word as jy ernstig is in jou navolging van Christus, maar dan is die troos dat daar vir jou ’n groot beloning in die hemel wag.

Om werklik jou geloof op hierdie manier uit te leef en deel te hê aan die Koninkryk van God, is nie vir sissies nie. Dit kos baie moed om hoed-in-die-hand voor God te staan en jou hoogmoed en eiegeregtigheid voor Hom te bely. En dan boonop die juk van die Koninkryk op jou skouers te neem en vir Jesus te volg. Maar die beloning is ongekende seën, vrede wat alle verstand te bowe gaan, en vreugdevolle gemeenskap met die Vader.

**Gebed:**

**Here, ek besef vanoggend opnuut hoe afhanklik ek van U is, want sonder U is ek niks!**

## 8

## Sout en Lig

## Matteus 5:13-16

"Julle is die sout vir die aarde!" Johannes word teruggeruk na die werklikheid as Jesus stip na hom kyk.

"Ek is sout?" wonder Johannes onwillekeurig.

"As die sout verslaan het, hoe kry mens dit weer sout?" Dit sit Johannes aan die dink. Wat presies bedoel die Meester met hierdie stelling? Wat het sout nou te doen met al hierdie mooi dinge wat Hy so pas gesê het oor dié en dáái wat so geseën is? Hy voel half skuldig, want die Meester het gesê dat diegene wat rein van hart is asook die sagmoediges en die vredemakers seën sal ontvang. En hy sien homself nou nie juis as iemand wat hierdie gawes het nie. En nou noem die Meester hom "sout van die aarde!"

Sout is 'n wonderlike ding, jy kan so baie daarmee doen! Johannes se gedagtes dwaal alweer, en hy glimlag oor Jesus se stelling. As visserman is hy maar ál te deeglik bewus van die gebruike van sout. Sonder die preserveerkrag van sout, sal 'n vis baie gou vrot wees. Maar as



Gaan Na Inhoud

jy hom deeglik insout, hou hy vir maande! En hoe wonderlik werk sout nie, wanneer jy jouself per ongeluk raaksny met die vuil vismes. Jy vryf bloot 'n bietjie sout in die wond. Dit brand soos vuur, maar dit keer die infeksie. Nie eers gepraat van die smaak wat sout aan kos gee nie. Daarsonder smaak jou kos na niks!

Maar wat het sout dan nou te make met hom as die Meester se volgeling? Dan skielik gaan daar 'n liggie op vir Johannes: "Maar natuurlik! Ek moet dieselfde eienskappe as sout hê!"

Johannes begin al meer besef hoe meesterlik Rabbi Jesus doodgewone dinge gebruik om waarhede aan hulle tuis te bring. Natuurlik is sout 'n preserveermiddel om kos te bewaar sodat dit nie tot niet gaan nie. Sy taak as Jesus se dissipel is mos ook om met Jesus se boodskap, mense te bewaar sodat hulle nie verlore gaan nie. As hy mense na Jesus bring, word hulle gered!

En die sout wat 'n wond genees? Jesus se genesende krag is soos sout wat die infeksie keer. Nie net om siektes te genees nie, maar met die wonderlike waarhede wat Jesus hulle leer,

waarhede wat jou by God uitbring en jou siel genees.

Die derde een is natuurlik die lekker een. Jesus se woorde gee heerlike smaak. En as jy lewe soos wat Jesus jou leer om te lewe, dan gee jy ook smaak aan 'n smaaklose wêreld.

Johannes word weer teruggeruk na Jesus se preek: "Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie."

Johannes proes van die lag, terwyl hy aan Simon stamp: “Hoe steek jy dan nou 'n stad op 'n berg weg?”

Dit lyk asok Jesus sy gedagtes lees: "Mens steek nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie. Jy sit dit op 'n lampstaander sodat die lig kan versprei." Johannes voel eintlik klein as Jesus Sy blik op hom vestig: "Laat julle lig so voor die mense skyn dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

Johannes voel 'n lamheid oor hom kom. 'n Koue rilling trek by sy ruggraat af. "Maar Meester, dit is amper onmoontlik!" wil hy dit uitblaker, maar hy besluit om liewer stil te bly. Hy dink aan sy

opvlieënde humeur, hoe gou hy kan kwaad word. Hy dink aan al die kere wat hy en sy boetie Jakobus al heftig aan die stry geraak het. Dis mos nie die manier om God te verheerlik nie? Wat moet die mense van hom dink wanneer hulle so baklei?

"Laat jou lig skyn, Johannes....." eggo Jesus se woorde in hom. "Hoe kry ek dit reg?" huil Johannes in sy hart. "Elke keer, nes ek dink dat ek dit regkry, struikel ek weer!" Boonop is ek nog so bitter jonk!

“Moenie jou lig onder ‘n emmer wegsteek nie Johannes...”

Dit sou eers drie jaar later wees wat Johannes die geheim van oorwinning sou ontdek, die dag toe die Heilige Gees oor hulle uitgestort is. En hoe wonderlik helder het Johannes se lig nie daarna geskyn nie!

Vandag wil ek en jy ook dalk so wegkrimp soos Johannes, want dit klink na so ‘n onbereikbare taak om ons lig waarlik te laat skyn. Ek is te jonk, te oud, te min kennis, te skaam…...

Laat die Heilige Gees toe om deur jou te werk. Vertrou Hom, en stel jouself tot Sy beskikking.



Gaan Na Inhoud

Hoe laat ek my lig skyn? Eerstens deur positief die liefde van Jesus en die blydskap wat Hy jou gee uit te straal in hartlikheid, vriendelikheid en opregte omgee. Vir ‘n begin hoef jy absoluut niks verder te doen nie. Wys net vir almal rondom jou hoe jy Jesus in jou lewe geniet. Dis mos nie ‘n straf om ‘n kind van God te wees nie, dit is ‘n wonderlike heerlikheid!

Die res sal outomaties volg. Hoe meer jy dit geniet om hierdie blydskap uit te straal, hoe meer sal jy selfvertroue kry om ‘n ware lig vir Hom te wees.

**Gebed:**

**Here, ek wil my lig helder laat skyn, help my daarmee asseblief.**

9

# Só Bid Jy

## Matteus 6:5-15

Johannes spits sy ore. Jesus raak nou ‘n onderwerp aan wat hom al baie gepla het: gebed! “As julle bid, moet julle nie soos die skynheiliges wees wat so daarvan hou om in die sinagoges en op straathoeke te staan en bid sodat almal hulle kan sien nie.”

Johannes bars so amper-amper hardop uit van die lag. Hy ken die gesig maar ál te goed, van ‘n neus-in-die-lug Fariseër wat iewers op ‘n straathoek staan en bid dat die biesies bewe. Daardie hoogheilige manne dweep nou waarlik met hulle Godsdiens!

Johannes sit vorentoe, hy wil hoor presies wat Jesus sê oor gebed. Hy het al opgemerk dat Jesus vroegoggend wegglip, en dan gaan bid Hy daar iewers waar dit stil is. Wat is sy Meester se geheim oor gebed?

“Gaan na jou binnekamer toe en maak die deur agter jou toe, en dan bid jy tot jou Vader. Hy sien wat binne in jou hart is.” Jesus glimlag vir die

manne. Gebed is nie ‘n verskriklike formele ding soos meeste mense glo nie. Dit is ‘n persoonlike gesprek met die Vader.

“En moenie bid soos die heidene nie,” verduidelik Jesus verder. Johannes het al gehoor hoe daardie ouens bid. Hulle bid aanmekaar dieselfde rympie oor en oor, so asof hulle god nie mooi kan hoor die eerste keer nie.

“Kom Ek vertel julle hoe om te bid,” verduidelik Jesus, en Johannes spits sy ore. “Hou dit eenvoudig, die Vader hoor jou die eerste keer, en Hy weet in elkgeval alreeds wat jy nodig het nog voordat jy begin bid.”

Johannes het nooit so daaraan gedink nie!

“Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.”

So kort! So eenvoudig! Johannes het 'n lang,

ingewikkelde gebed verwag.

Maar dan verduidelik Jesus verder, dat dit baie belangrik is dat jy weet wat jy bid, en dat jy elke woord daarvan ernstig bedoel. Jy bid byvoorbeeld dat die Here jou sondes sal vergewe. Maar daar is 'n stertjie by, want terselfdertyd moet jy ook bereid wees om dié ouens wat iets verkeerd teen jou gedoen het te vergewe. Anders is jou gebed betekenisloos!

Johannes het daardie besonderse gebed in sy hart bewaar. Eers het hy gedink dat jy die gebed woord-vir-woord elke keer so moet bid, totdat hy later besef het dat hierdie 'n wonderlike raamwerk is vir gebed.

Die aanhef van die gebed, “Ons Vader wat in die hemel is,” vertel vir ons van die nabyheid van God. Die feit dat Hy in die hemel is het niks met afstand te doen nie. Die hemel is nader aan ons as wat ons dink. Jesus het immers belowe dat Hy by ons sal wees tot met die voleinding! En Hy is in die hemel!

Dit het eintlik hier te doen met die Vader se almag en alomteenwoordigheid. Ons aanbid die Almagtige God, waarvoor niks, absoluut niks

onmoontlik is nie. Hy is sékerlik groter as Sy skepping, die heelal. Ons wêreld kan Hy in die holte van Sy hand hou. As inwoner van die aarde kan ek dus gaan waar ek wil, maar ek is steeds baie naby aan God, rég in die holte van Sy hand.

Ons praat verder ook nie met ‘n onpersoonlike God nie. Jesus leer ons om Hom baie persoonlik op te neem. Hy is “ons Vader”. Dit wil vir ons sê dat dit ‘n baie persoonlike gesprek is met Iemand wat vir my omgee en wat my liefhet, net soos wat ‘n aardse vader sy eie seun sal liefhê. Dit beklemtoon die absolute nabyheid van God aan my wanneer ek bid. Dit is dus baie belangrik om deeglik te besef wanneer ons bid, hoe persoonlik hierdie gesprek eintlik is. Dit is egter ewe belangrik om ook die almag van God te besef, want as ons verder bid vir ons daaglikse behoeftes, moet ons weet dat dit binne God se mag is om te voorsien.

Die natuurlike uitvloeisel van ‘n gesprek met die Almagtige God sal wees om aan Hom eer te betoon, en vir Hom te wys hoeveel respek ek vir Hom het. Sê vir Hom dat jy Sy almag en grootheid eer, en dat Sy wonderlike Naam vir jou heilig is en hoe kosbaar Sy liefde vir jou is! Die


Gaan Na Inhoud

blote aanhoor van die heilige Naam van God Almagtig moet ontsag en eer afdwing by my as nietige mensie. Natúúrlik gaan ek Sy Naam eer. Natúúrlik gaan ek by die blote aanhoor of aanroep van Sy Naam aan Hom al die respek en aanbidding gee wat Hom toekom, en ek gaan vir Hom vertel hoeveel Sy Naam vir my beteken.

*(Word vervolg)*

**Gebed:**

**Ons Vader wat in die hemel is, U heilige Naam is vir my so groot dat ek dit met siddering op my lippe neem. Ek loof U, Here van die leërskare.**

# God se Koninkryk

## Matteus 6:9-15

Johannes verstaan maar ál te goed van die Naam van God wat geheilig moet word. Dit is dan van babatyd in hom ingegraveer dat jy nie God se Naam ydellik mag gebruik nie. Jy spreek nie eers Sy Naam uit nie, want nét dalk, miskien, per ongeluk sê jy dit "ydellik!"

Maar hy verstaan nie mooi van God se Koninkryk wat moet kom nie. Hoe werk dit? God regeer mos alreeds, waarom moet Sy koninkryk dan kom?

Eers baie jare later het hy die volle omvang van hierdie bede verstaan. Die antwoord is eintlik héél eenvoudig. Die aarde is 'n betwisde provinsie in God se Koninkryk. Die duiwel maak daarop aanspraak dat dit sy gebied is. Kyk maar net hoe het hy die Koninkryke van die wêreld vir Jesus aangebied tydens Jesus se woestynversoeking! Dit wil so ál lyk asof dit sy eie was wat hy wou verruil vir aanbidding. Hy doen hom voor as die vors van hierdie wêreld. Alhoewel God se Koninkryk met Jesus 'n

aanwesige werklikheid geword het, het dit in hierdie bedeling nog net ‘n voorlopige karakter. Dit sal eers in die toekoms tot volle verwesenliking kom. Wanneer die groot Dag van die Here aanbreek en die teken van Christus aan die hemel sal verskyn, word dit ‘n finale werklikheid. Dan sal Hy “**alle bose magte vernietig**” (1 Kor. 15:24) en die Koningskap aan God die Vader oordra. “**So sal God alles wees vir alles**” (1 Kor. 15:28).

Intussen is dit nodig dat ons, die Vader se kinders, steeds volhardend sal bid: “**Laat U Koninkryk kom.**” Maar dit gaan oor veel dieper as wat dit op die oog af lyk. Dit beteken dat alle gelowiges dienaars moet wees in die Koninkryk van God. Elke burger van die Koninkryk is in werklikheid ‘n krygsman. Jy word vanselfsprekend ‘n soldaat in die stryd teen die magte van die duisternis. Hy wil juis ons gewone mense gebruik om die stryd te stry, maar ook om te werk in Sy Koninkryk en die grense van daardie Koninkryk uit te brei as ambassadeurs van Sy Koninkryk.

Ons kan beslis nie die “Ons Vader” bid en niks doen vir die verkondiging van die komende


Gaan Na Inhoud

Koninkryk aan alle nasies nie. Ons moet elke moontlike geleentheid gebruik om vir mense te sê: “**Die Koninkryk van God is baie naby**” (Luk. 10: 9). As ek bid dat die Koninkryk kom, moet ek bereid wees om burgerskap te aanvaar van hierdie Koninkryk. En saam met burgerskap kom pligte. Maar daar is ook die versekering dat Christus eendag gaan kom om die Koninkryk finaal in besit te kom neem.

As gelowiges verwag ons nie net die koms van die Koninkryk van God nie. Ons bid ook daarvoor, verlang daarna, beywer ons vir daardie nuwe hemel en nuwe aarde wat God belowe het.

God wil hê dat ons moet bid en vra. In Jes. 43: 13 het Hy gesê: “**Wat Ek doen kan niemand ongedaan maak nie.**” Nou beveel Hy ons om voorbidding te doen dat sy Wil moet geskied! Hoe rym dit dan?

Dit beteken natuurlik nié dat God nie sonder ons gebed kan doen wat Hom behaag nie. Die gebed is op stuk van sake nie om die Here se ontwil nie, maar om óns ontwil aan ons gegee. As Hy ons deur die gebed laat deel hê aan die volvoering van sy wil, doen Hy dit om ons te leer dat sy wil vir ons die beste is. Kyk nou maar

byvoorbeeld hoe ‘n wyse pa te werk gaan. Hy doen sy beplanning deeglik en hy dink aan elke detail. Daarna kom bespreek hy die planne met sy kinders. Hy betrek hulle as’t ware in sy beplanning. Hy het reeds sy huiswerk behoorlik gedoen, so hulle insette sal nie die resultate verander nie. Maar deur hulle te betrek raak hulle opgewonde en entoesiasties. En net so maak ons Hemelse Vader. Hy wil ons betrek by Sy Koninkryksbeplanning.

Wanneer ons dus bid dat God se wil geskied, skakel dit die gevaar uit dat ons in stryd met God se wil sal bid. As ons hierdie bede bid, onderwerp ons ons nie maar gelate aan die wil van God nie, maar ons maak die wil van ons Vader ook positief ons eie wil en begeerte.

In hierdie gebed leer Jesus ons om te vra dat die Here se wil op die aarde sal geskied net soos in die hemel. In die hemel geskied God se wil alreeds volledig, want die hemelwesens gehoorsaam Hom ten volle. Daar waar God se woonplek is, word sy heerskappy nie bestry nie. Op aarde gebeur dit nog wel, en daarom die gebed dat dit in daardie opsig op die aarde sal word soos in die hemel.


Gaan Na Inhoud

“Laat U wil geskied…” beteken dus: “my Vader, U is wys en goed en liefdevol, ver bo wat ek kan begryp. U wil vir U kinders is volmaak goed, net soos U. Daarom vertrou ek U onvoorwaardelik en begeer ek niks anders nie, as dat U wil tot uitvoering sal kom. Soos in die hemel waar U Koninkryk reeds volmaak is, en die engele as dienende geeste U wil volmaak volbring, laat U wil so ook op die aarde volbring word.”

**Gebed:**

**Here, vanoggend bid ek innig dat U Koninkryk sal kom en U wil sal geskied. Ek verklaar myself dan ook bereid om ‘n volwaardige dienende burger van U Koninkryk te wees. Ek bid dat U my die krag en wysheid daarvoor sal gee.**

## 11

# Die Saaier

## Matteus 13:1-23; Lukas 8:4-15

Johannes se gedagtes dwaal baie ver, hier waar hy as balling op die eiland Patmos sit. Ja, hy trek nou al diep in die negentig. Die Here was vir hom baie goed!

Hy dink weer terug na die tyd toe hy 'n jong, energieke mannetjie was, die tyd saam met Jesus. Wat hy die meeste geniet het, was die stories wat Jesus vertel het. Hy het gehang aan Jesus se lippe, elke keer as daar 'n storie kom. O ja, hy het tóé nie altyd verstaan wat die storie werklik beteken het nie, maar later het die liggie wel vir hom opgegaan.

Die wonderlike was dat Jesus dinge uit die alledaagse gebeure gebruik het om Sy stories te vorm, soos dié slag met die saaier. Hulle het die dag daar teen die berghang gesit. 'n Ent daarvandaan was 'n boer besig om sy grondjie om te ploeg en koring te saai. Johannes het die glimlag om Jesus se mond sien vorm, en toe vertel hy die storie.

Eendag het 'n boer na sy land toe gestap met 'n

sak saad. Hy het begin saai, maar alles het nie so goed verloop nie. Die wind het van die saad weggewaai en dit het in die pad beland. Dít wat nie deur die verbygangers vertrap is nie, is deur die voëls opgevreet. In die middel van sy land was daar ‘n klipbank. Party van sy saad het hierop beland. Dit het nou wel ontkiem en gegroei, maar uiteindelik is dit deur die son doodgeskroei. Nog ‘n deel van die boer se saad het tussen die bossies beland. Skaars het dit begin groei, en die plantjies was doodgewurg deur die bossies.

Johannes voel skoon moedeloos. Die arme boer! Dit wil vir hom voorkom asof net mooi niks vir hom reggeloop het nie. Maar Jesus se storie is nog nie klaar nie, want dan vertel hy van die saad wat in die goeie grond geval het. Daardie saad het gegroei en uiteindelik ‘n groot oes opgelewer.

Johannes was só aangegryp deur hierdie storie, dat hy eintlik so skelm ‘n traantjie moes wegpik toe die ander nie kyk nie. Maar hy kon nie mooi die kloutjie by die oortjie sit nie. Hy besef maar ál te goed dat die storie ‘n baie dieper betekenis het, maar hy kan net eenvoudig nie die

boodskap insien nie. “Meester? Ek verstaan nie!” Johannes staan met ‘n groot vraagteken op sy gesig. “Hierdie stories is baie mooi, maar die mense verstaan nie wat dit beteken nie.”

Jesus sug swaar: “Johannes, julle is uiters bevoorreg. Julle het die vermoë gekry om die geheime van die koninkryk van die hemel te ken. Maar hulle,” en Hy beduie na die skare, “hulle het nie daardie vermoë nie. Hulle kyk, en hulle sien nie. Hulle hoor en luister, maar hulle verstaan nie. Die profeet Jesaja het dit alles só voorspel.”

Nou verstaan Johannes nóg minder. Daardie aand om die kampvuur moes Jesus verduidelik wat hierdie gelykenis beteken, en dat dit eintlik ‘n geestelike betekenis het. Hy verduidelik dat die saad God se Woord is. Party mense wat hierdie Woord hoor, is soos ‘n klipharde pad, waar die Woord nie enige kans het om te ontkiem nie. Dit gaan net by hom verby. Party mense is soos die klipbank. Hulle hoor die woord en hulle is opgewonde. Maar hy vergeet baie gou weer daarvan sodra dinge bietjie swaar gaan, en dan gaan die boodskap in hom dood.



Gaan Na Inhoud

Dan is daar die onkruid-mense. Hulle aanvaar die Woord, maar die wêreldse dinge weeg nog te swaar by hulle. Die sonde-bossies wurg die Woord baie gou dood in hulle.

Die goeie nuus is egter dat daar wél mense is wat soos vrugbare grond is, waar die Woord in hulle groei. Daardie mense dra uiteindelik wonderlike vrugte. Johannes besef maar ál te deeglik dat sy lewe soos daardie goeie grond moet wees. Hy durf nie toelaat dat klipbanke en onkruid sy lewe oorheers nie!

‘n Salige glimlag sprei oor die ou man se mond. Johannes het intussen ook ‘n ander betekenis van hierdie gelykenis ontdek, een wat hy oor baie jare met groot vreugde toegepas het.

Dit werk so: ek is eintlik die boer, die saaier, en die Here het ‘n sak Woord-saad aan my toevertrou. Dikwels wil ek moedeloos raak wanneer ek die Woord met ander wil deel, maar hulle weier om selfs te luister. Dis nou die saad wat op die pad val. Of diegene vir wie ek die Woord saai is sommer dadelik opgewonde, maar daar is g’n diepte nie, en gou vergeet hulle. Maar die boodskap van Jesus is dat ek moet aanhou


Gaan Na Inhoud

saai en nie moedeloos word nie. Selfs as my saad tussen onkruid beland, moet ek steeds voortgaan, want iewers sal my boodskap wat ek saai wél op vrugbare grond val. Dan sal daar vrug op my arbeid wees.

Ek moet net nóóit moedeloos raak nie. Dis nie ek as persoon wat verwerp word nie, maar God. Dit is ‘n saak tussen Hom en die persoon wat die saad ontvang het.

Johannes het baie gesaai, baie van sy saad het verlore gegaan. Maar miljoene mense was vrugbare grond.

**Gebed:**

**Here, maak my asseblief ‘n saaier wat nooit óóit sal moed opgee nie!**

12

# Storm der Storms

## Matteus 8:23-27

Om te preek is harde werk! Dit klink dalk baie snaaks, as jy dit nog nie gedoen het nie. Maar glo my, ek wéét! Alhoewel ek nie ‘n dominee is nie, kry ek dikwels die geleentheid om in die klein dorpies in Zoeloeland te preek. En elke keer is ek na die preek sopnat gesweet en totaal uitgeput. En dit is maar net na een enkele uurtjie! Jesus het vroegoggend begin en tot kort voor donker gepreek vir dae aaneen.

Vir Johannes was dit nie eers snaaks toe sy Meester vir hulle laat daardie middag aansê om Simon se skuit in die water te stoot nie. Hulle móés net eenvoudig wegkom van hierdie uitmergelende skare wat meër en meër wou hê. Hy vra dat hulle na die oorkant moes vaar na die land van die Garaseners, waar feitlik niemand nog van Hom gehoor het nie. Suiwer heidense wêreld daardie! Johannes kry eintlik koue rillings net aan die gedagte van waarheen hulle op pad is. Wat wil die Meester dan nou daar gaan maak? Hy het al van sy skuit af die troppe varke

daar sien wei. Hy ril weer.

Rondom die see van Galilea is daar etlike berge en klowe. Dikwels vorm daar kort, sterk winde wat in hierdie klowe afstroom, amper soos deur ‘n tregter, en dan veroorsaak dit baie skielike en hewige storms op die meer. Johannes voel nie baie gerus nie, daar is iets in die lug! Hy hoop nie hulle kry vannag so ‘n storm nie!

Skaars is hulle in die skuit, of Jesus gaan vly Homself op ‘n bankie neer, en minute later slaap Hy. Johannes kyk Hom aan met ‘n glimlag om sy moendhoeke, Hy moet sekerlik uitgeput wees na nóg ‘n marathon-dag van preek, siekes gesond maak, duiwels uitdryf en vertrap word deur die skares van mense wat almal by Hom wou uitkom. Mense kan darem verskriklik veeleisend wees!

Dan gebeur dit: daardie gevreesde skielike stormwind! Eers is dit net ‘n rukwind, sommer so uit die niet. Johannes se hart klop in sy keel, dis nie die eerste keer dat hy in ‘n storm beland nie, hy weet hoe dit werk! Binne minute loei die wind en hulle moet inderhaas die seile laat sak. Die golwe raak al groter en groter, totdat woeste


Gaan Na Inhoud

branders keer op keer oor hulle brose skuitjie breek en dreig om alles uitmekaar te slaan. Die manne is doodsbenoud, hulle klein skuitjie word minagtend soos ‘n dobbertjie in die groot oseaan rondgeslinger. Hulle sien al hoe hulle die dieptes insink.

Jesus slaap rustig voort.

Johannes kan dit later nie meer hou nie. Hy skud Jesus wakker. “Meester, ons sink! Ons vergaan! Word wakker!”

Johannes kyk toe hoedat sy Meester rustig regop gaan sit, so asof daar nooit enige krisis bestaan nie. ‘n Enkele woordjie van Hom laat die woeste wind en golwe bedaar sodat daar plotseling ‘n doodse stilte en kalmte kom.

“Kleingelowiges!” Jesus verwyt die manne oor hulle ongeloof. Vir die afgelope tyd sien hulle elke dag die wonderwerke wat Hy doen, sien hulle die mees ongelooflike dinge gebeur. Die water in wyn, Simon se skoonma, die man met die verdorde hand. Maar die oomblik as dit hulle eie basse begin raak, dan begin hulle twyfel oor presies waartoe Jesus in staat is. Hulle het duidelik nog ‘n baie lang pad om te loop voordat

hulle gereed is om die leiding van die kerk oor te neem.

Johannes voel soos ‘n wurm. “Wie is Hy dan tog?” Hy en sy maters het nog nie eers begín om te begryp wie hierdie Rabbi is wat al die wonderlike dinge laat gebeur nie.

Die vraag is of ek en jy mooi verstaan presies wie Jesus nou werklik is? Ek dink dat, nes Johannes en sy maters, ons nie aldag werklik besef met wie ons te doene het nie. In die eerste plek dink ek dat ons ou verstandjies net eenvoudig te klein is om ‘n begrip van Hom te kan kry, want Sy almag en alwetenheid en alomteenwoordigheid is baie groter as wat ons kan verwerk. ‘n Man sê eendag vir my dat hy nie aan God kan glo nie, want hoe is dit ooit moontlik vir iemand om tegelyk op baie verskillende plekke te wees? Ja, hy is reg! Ons verstand kan nie sulke dinge begryp nie, want dit pas nie in ons verwysingsraamwerk in nie.

Tóg is die bewyse oorweldigend. Dit lyk absoluut onmoontlik vir iemand wat dodelik siek is om eensklaps blakend gesond te wees. Medies is dit nie moontlik nie. Nogtans gebeur dit, en dan

moet die dokters dikwels net hulle koppe in ongeloof skud. By God is absoluut niks onmoontlik nie.

Dit is egter nie nodig dat ons die wonderwerke ervaar en moet sien nie, al die bewyse is alreeds daar. Maar hierdie dinge moet ons aanspoor tot aanbidding van Hom wat oor alles heers en vir Wie niks onmoontlik is nie. Besef ons ooit nog wie **God** werklik is? Kom ons raak vandag diep onder die besef van Wie ons aanbid, en ons gee Hom die lof en eer wat Hom toekom.

**Gebed:**

**Here, vanoggend val ek voor U neer in aanbidding, want ek is maar net ‘n stoffie voor U groot almag.**

# 13

# Die Mal Man

# Lukas 8:26-39

Johannes en sy geselskap het by Kapernaum, op die noordelike oewer van die meer van Galilea in die vissersboot geklim en die volle lengte van die meer, reg suid gevaar, verby Tiberias en Hippus. En omtrent dáár het die verskriklike storm hulle getref. Maar Jesus was daar en Hy het die storm eensklaps laat bedaar. So kon hulle toe rustig verder vaar na die landstreek van Gadara, aan die suidelike punt van die meer. Skaars is hulle aan wal, of die volgende groot “storm” tref hulle, dié slag in die vorm van ‘n besete man wat poedelnaak op hulle afstorm.

Maar wag, nou loop ek die verhaal vooruit! Wanneer Johannes-hulle voet aan wal sit, bevind hulle hulleself in die “buiteland,” in die land van die Geraseners. Die gebied is deel van die Dekapolis, wat letterlik beteken “Tien Stede.” Dit was nie ‘n Joodse gebied nie, dus het die Joodse wette gladnie daar gegeld nie. Mense het selfs met varke geboer, iets wat elke goeie

Jood met afsku sou vervul!

En dan sien hulle hom, die kaal man wat reguit na hulle toe aangehardloop kom. Hy bly lankal nie meer in ‘n huis nie, die samelewing het hom hoeka totaal verwerp. Tussen die grafte het hy sy lêplekkie gekry. Sy onbeheerste optrede het al daarvoor gesorg dat die inwoners hom probeer vang en met kettings boei het om hom in bedwang te hou, maar g’n kettings kon hom beheer nie.

Yskoue rillings hardloop langs Johannes se ruggraat af. Hy mik om terug in die skuitjie te spring om weg te kom van hierdie boosheid af. Maar Jesus staan doodkalm en wag die man in.

Die manne staan saamgebondel, gereed om te hardloop toe die malle al gillende op Jesus afstorm. Hy val voor Jesus se voete neer en bulder: “Wat het U met my te doen, Jesus, Seun van God die Allerhoogste? Ek smeek U, moet my nie pynig nie!”

Johannes kan sy ore nie glo nie! Hoe weet hierdie man dat sy Meester se naam Jesus is? En dan boonop die verskriklike Godslastering om Hom die Seun van God te noem! Johannes

sidder!

Jesus bly egter steeds koel en kalm, asof absoluut niks gebeur het nie. Hy berispe nie eers die man nie! Al wat Hy doen is om die man ewe kalm te vra: “Wat is jou naam?”

“Legio!” skreeu die man. Dan besef Johannes dat hierdie man die slagoffer is van bose geeste wat in hom ingevaar het. Hierdie duiwelse demone in die man het met Jesus gepraat deur die man se liggaam te gebruik.

Natuurlik ken die duiwel en al sy demoniese aanhangers vir Jesus, en hy weet presies wie Jesus is. Hy sal egter nooit vir Jesus dien nie, want hy wil sélf op die troon sit.

Die Latynse woord Legio het verwys na ‘n afdeling, oftewel legioen in die Romeinse leër wat uit tussen 3’000 en 6’000 soldate bestaan het. Die demone wil niks met Jesus te doen hê nie, hulle wil net alleen gelaat word, want Jesus se teenwoordigheid is vir hulle ‘n groot bedreiging.

Bewend van angs luister Johannes na die gesprek tussen Jesus en die mal man, oftewel die demone in hierdie man: “Asseblief, ons pleit

dat U ons nie na die onderaardse diepte terug sal stuur nie! Laat ons eerder in daardie trop varke invaar…..”

Skielik ontspan die man en hy val op die grond neer. Dan skrik Johannes hom boeglam as die trop varke wat daar naby staan en wei het, skielik aan die skree gaan, amper asof ‘n swerm bye hulle toetakel. Hulle begin wild rondmaal, en dan begin hulle hardloop. Die arme veewagtertjie skrik hom in ‘n ander geloof in en laat spaander reguit dorp toe. Tot Johannes se afgryse kies die varke koers, reguit na ‘n afgrond wat teen die see eindig. Al skreeuende tuimel hulle oor die afgrond. Nie ‘n enkele vark oorleef nie, almal versuip.

Wanneer Johannes weer na Jesus kyk, sien hy ‘n dankbare man wat Jesus aanbid, sy gesig helder en sonder ‘n sweempie van die waansin wat minute gelede nog sy gesig verwring het.

Bewend staan Johannes-hulle nader. Die man smeek hulle om saam met hulle te gaan, maar glimlaggend skud Jesus Sy kop. Nee, Hy het vir hom ‘n baie groot taak hier waar hy bly. Hy moet gaan vertel wat met hom gebeur het!


Gaan Na Inhoud

Kort daarna kom ‘n klompie erg-omgekrapte manne uit die dorp aan. Die veewagtertjie het hulle vertel wat gebeur het, en hulle is baie bang. Hulle kan nie bekostig dat Jesus hier aanbly nie, kyk maar net wat het met hulle varke gebeur! Hulle moet asseblieftog maar teruggaan na waar hulle vandaan kom! Gedweë klim hulle in die skuit en vaar terug.

Die vraag is: het die duiwel ‘n oorwinning behaal? Nee, beslis nie. Hy het hom wel iets toegelaat, maar die besetene is bevry en hy het ‘n wonderlike evangelis geword in ‘n heidenland. En die dissipels kon Sy almag weereens aanskou!

**Gebed:**

**Here, dankie dat ons weereens vanoggend U almag kon aanskou.**



Gaan Na Inhoud

## 14

## Jaïrus

## Lukas 8:40-56

Johannes is bitter moeg. Is daar dan nie ‘n bietjie rus vir hulle nie? Na gister se ellelange preek moes hulle heelnag spook en spartel in die storm. Skaars geland anderkant, of daar is die drama met die mal ou. En toe kry hulle nie eers kans om ‘n bietjie bene te rek nie, want hulle word summier weer teruggejaag na die oorkant van die see. Van ver af sien Johannes al hoe die mense begin saamdrom op die strand. Iemand moes Simon se skuit herken het waar hulle aangeroei kom. Skaars klim Johannes-hulle af, of ‘n groot skare mense drom alweer om hulle saam en hulle moet net bontstaan om almal te organiseer.

Dan sien Johannes hom, die man wat oorhaastig deur die skare beur. Johannes het hom al van ver af aangehardloop sien kom, en hy het gewonder hoekom die man so haastig is?

Dadelik herken Johannes vir Jaïrus toe hy voor Jesus se voete neerval. Jaïrus is een van die kerkleiers, ‘n raadslid van die sinagoge. Hierdie

kerkleiers is nou nie juis lief vir Jesus nie, maar hierdie man is een van die min uitsonderings, een van slegs enkele geestelike leiers wat goedgesind is teenoor Jesus. Jaïrus se nood is baie groot, want sy dogter lê op sterwe, en hy smeek Jesus om saam met hom te kom. Jesus wink vir Johannes en nog ‘n paar manne om dadelik saam met hulle te kom.

Maar skielik is daar ‘n onderbreking. Jesus stop in Sy spore en draai om: “Wie het my aangeraak?”

“Here, daar is nie nou tyd om te wil weet wie aan U geraak het nie - die meisiekind is besig om dood te gaan!” Johannes spreek nie die woorde hardop uit nie, maar hy raak half ongeduldig met Jesus wat nou nie Sy loop kan kry nie. Daar is ‘n reuse skare mense wat hulle die hele tyd verdruk, almal stamp en stoot! Wat is dan nou verkeerd met sy Meester?

Agter Jesus staan ‘n vrou met ‘n geweldige groot nood. Sy ly aan ‘n volgehoue menstruele vloeiing. Volgens die Joodse kultus maak dit dat sy permanent onrein is. Dus mag sy met niemand direk in aanraking kom nie. Vir twaalf

jaar al leef sy in hierdie onhoudbare situasie, en sy kan dit net nie meer vat nie! Jesus is haar laaste en enigste hoop. Volgens Joodse wette (Lev 15:19-30) durf sy nie aan Jesus raak nie, want dit sou Hom sélf vir sewe dae lank onrein maak. Dus raak sy net aan die verste punt van Sy klere se soom. Simon por vir Jesus aan om asseblieftog voort te gaan na Jaïrus se huis. Jesus bly staan. “Wie het aan My klere geraak?”

Die spanning bou op. Die tyd loop uit vir die sterwende dogtertjie. Johannes se hart klop in sy keel. Kan die vrou nie maar ‘n bietjie wag nie? Maar vir Jesus is die drama wat hier afspeel belangriker.

Die vrou besef dat Jesus weet dat dit sy was. Sy val bewend van angs voor Hom neer en erken haar daad. Sy vertel van haar verskriklike dilemma, en die wonderlikste is dat sy gevoel het hoedat haar liggaam genees is die oomblik toe sy aan Jesus raak. Liefdevol spreek Jesus haar aan as “dogter,” en dan is die twaalf jaar waarin sy deur die ganse samelewing verwerp en verstoot is skielik verby. Sy weet dat sy vir die eerste keer in jare nou weer deel is van die volk en van haar eie familie.

Maar dan tref die tragedie. Johannes word yskoud as iemand aangehardloop kom en uitasem vertel: “Dis te laat! Jaïrus se kind het reeds gesterf!”

Johannes voel asof hy vir Jesus aan Sy skouers kon skud en vra: “Here, hou kón U? Die vrou kon mos maar ‘n bietjie gewag het?” Menslik gesproke is enige verdere optrede van Jesus sinneloos. Maar Jesus troos vir Jaïrus: “Moenie jou ontstel nie. Glo net, en sy sal gered word.”

Johannes luister in ongeloof na die skokkende woorde. “Maar sy is dan dood Here!” wil hy vir Jesus sê. “Moenie nog die man se lyding erger maak nie!”

Wanneer hulle by die huis aankom, tref hulle ‘n troostelose situasie aan van mense wat huil oor ‘n kind wat gesterf het. Hulle verwag van Jesus niks verder nie, want alle hoop is verby. Dit is verstaanbaar dat hulle so reageer. “Die kind slaap net’” sê Jesus. Hulle lag Hom uit, hulle het immers sélf gesien dat sy dood is, en dit is finaal! Jesus vat die meisie se hand en beveel haar om op te staan. Johannes kan sy oë nie glo as die dogtertjie onmiddellik reageer nie.

Inderdaad weet ons vandag dat die dood vir ‘n gelowige gladnie meer finaal is nie. Jesus het nie alleen gewys dat Hy heerser oor die dood is met hierdie kind se genesing nie, maar enkele jare later het Hy die dood finaal oorwin, toe Hy die volle prys van verlossing betaal het aan die kruis. Ek en jy het ook deel hieraan as ons slegs glo in Hom. Jesus se woorde aan Jaïrus: “Glo net en sy sal gered word.” kry later soveel groter betekenis wanneer Paulus in Hand 16:31 sê: “Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word,” en as Johannes in Joh 3:16 skryf: “Die wat in Hom glo sal die ewige lewe hê”.

Die vraag is: glo jy?

**Gebed:**

**Here, dankie dat U my ook gered het, en dat die dood nou geen houvas meer op my het nie.**

# 15

# Uitgestuur

## Matteus 9:35-10:15

Dag-vir-dag sien Johannes hoedat die skares aangroei. Die mense vertrap mekaar om net naby Jesus te kom. Jesus het een aand vir Johannes vertel hoe bitter jammer Hy hulle kry. Toe sê Hy ‘n snaakse ding, dat die oes baie groot gaan wees. Jesus draai toe na die manne toe en Hy verduidelik vir hulle, om ‘n oes in te samel, is die werk van baie mense. Een man kan dit nie alleen doen nie. Daar is arbeiders nodig wat bereid is om die harde werk in die wind en weer en son te doen. Om te oes is nie maklike werk nie, maar die bevrediging wat dit gee is onmeetbaar groot. Eers het hulle nie mooi verstaan wat Hy bedoel nie, maar toe verduidelik Hy dat Hy eintlik praat van ‘n geestelike oes. Dáár is die bevrediging nog veel groter, en baie gou is jou harde arbeid totaal vergete, wanneer jy die vreugde geniet van ‘n suksesvolle oes.

Vir ‘n tyd lank het Sy twaalf leerlinge nou al dag-vir-dag gesien wat Jesus doen, en gehoor wat Hy sê. Die tyd het egter nou aangebreek dat

hulle prakties gaan toepas wat hulle geleer het. Maar Jesus stuur hulle nie met leë hande in die veld in nie. Hy rus hulle behoorlik toe. Dit was op daardie stadium steeds net ‘n leerskool, maar later, ná Jesus se hemelvaart, sou hierdie selfde manne die bal aan die rol moes sit om die Evangelie deur die hele wêreld te versprei.

Uiteindelik breek die groot dag aan, waar die manne prakties in die veld gaan toepas wat hulle geleer het. Wanneer Jesus die manne die ongenaakbare wêreld instuur, gee Hy hulle absolute volmag oor onrein geeste en om siekes te genees. Hulle kan met ander woorde direk die bediening van Jesus voortsit as gesagvolle gesante van Jesus.

Johannes en sy maters kry baie spesifieke opdragte om uit te voer. Hulle word baie spesifiek na Israeliete gestuur. Hulle moet die Samaritane en ander heidennasies vermy. Hulle boodskap aan almal moet wees: “**Die koninkryk van die hemel het naby gekom.**” Maar dit moet ook nie net by preek bly nie. Hulle boodskap moet gepaard gaan met die praktiese uitlewing daarvan soos om siekes gesond te maak, selfs melaatses te reinig en bose geeste uit te dryf.

Die manne was baie opgewonde om op hierdie manier prakties te gaan toepas wat hulle die afgelope ruk van Jesus geleer het. Dis opwindend!

Maar vir Johannes-hulle wag daar ‘n verrassinkie: as hulle dalk gedink het dat dit maklik sou wees, maak hulle ‘n baie groot fout. Jesus verbied hulle om enigiets met hulle saam te neem. Hulle mag géén geld, ekstra klere, skoene of selfs eers ‘n reissak saamvat nie. En boonop mag hulle géén vergoeding aanvaar van enigiemand vir die werk wat hulle doen nie. Klink dit dalk ‘n bietjie onregverdig? Hoe moet hulle dan oorleef?

Jesus wil egter iets baie belangrik vir hulle leer: totale afhanklikheid van God. Daar op die berg het Hy mos vir hulle gepreek: “**Salig is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is.**” Dalk sal hulle dit onthou wanneer hulle iewers in die veld sonder kos of verblyf sit. Of dalk selfs met ‘n paar skoene wat op die pad die gees gegee het. Die ergste is dat wanneer dit gebeur, gaan hulle ook nie hoed in die hand iewers kan bedel om hulp nie. Hulle moet staatmaak op die gasvryheid van die mense wat hulle boodskap

hoor. God sal die boodskap wel na iemand stuur, wat op sy beurt weer gehoorsaam sal wees aan God se stem en uit eie vrye wil, sonder dat iemand hom vra, vir die manne sal huisvesting en kos gee, en alles wat hulle nodig het.

Jesus wou dit vir die twaalf uitgestuurdes baie duidelik stel hoe ernstig die boodskap was wat hulle moes uitdra. Vir diegene wat dit ontvang het, en veral diegene wat hulle gasvryheid gebied het, het die ryke seën van God gewag. Die belofte van die ewige lewe en God se vrede was meer as waarvoor enigiemand kon vra. Wie hulle, en saam daarmee natuurlik ook die boodskap egter verwerp het, het die ewige verdoemenis in die gesig gestaar. As teken daarvan moes die manne simbolies die stof van hulle voete afskud.

Ek en jy is ook deel van Jesus se span van “landbouers”. Sommige van ons word nog opgelei, en ons moet tevrede wees om maar bossies uit te trek of water te gee. Ander weer bestuur daardie groot masjiene wat tonne en tonne siele oes. Aan sommige van ons word slegs ‘n ou klein landjie toevertrou wat ons moet vertroetel totdat dit gereed is vir die oes.


Gaan Na Inhoud

Sommige het selfs net een enkele ou mielieplantjie om op te pas! Dan is daar diegene wat ‘n reuse land gekry het om te bestuur, waar die oes reusagtig groot is, en die verantwoordelikheid nog baie groter.

Vind uit waar jou plekkie in Jesus se span is, en gaan sit skouer aan die wiel. As dit moet beteken dat jy opleiding van die een of ander aard moet ontvang, dan beter jy dit doen. Jesus het gesê: “Die oes is groot maar die arbeiders min.” Is dit dalk omdat jóú plekkie steeds leeg is?

**Gebed:**

**Here, dankie dat U vir my die ewige lewe en U wonderlike vrede gegee het. Ek bid vanoggend vir so baie mense wat daagliks die boodskap hoor, maar dit steeds verwerp.**

# 16
# Vervolging
# Matteus 10:16-33

Johannes sit en peins, daar op die eiland Patmos. Dit is alreeds meer as sestig jaar gelede wat hierdie dinge gebeur het. So baie water het in die see geloop en soveel dinge het gebeur. Hy is die enigste een van die twaalf manne wat oorgebly het. Al sy ou maters het grusaam gesterf, is vervolg, gemartel, dis nou almal buiten natuurlik Judas wat sy eie lewe geneem het. Maar Jesus het dit mos presies so voorspel! Hy onthou nog daardie dag baie goed, toe Jesus hulle vir die eerste keer uitgestuur het. Sy woorde was dat Hy hulle soos skape tussen die wolwe instuur.

Maar dit was nie net hulle twaalftal nie, baie ander is deur dieselfde lot getref. Die Jode wat die Christelike geloof aangeneem het, is deur hulle eie mense verag en uitgeskel as verraaiers omdat hulle die Joodse geloof prysgegee het. In baie gevalle is hulle wreed vervolg. Kyk maar byvoorbeeld hoe Paulus voor sy bekering rondgegaan het en mense links en regs in die tronk laat stop het, en selfs betrokke was by die

moord op Stefanus. Ja, jy kan dit niks anders as moord beskryf nie! Johannes onthou nog hoe die gelowiges in vrees geleef het vir Paulus! Later moes die einste Paulus presies dieselfde paadjie loop, en per geleentheid is hy selfs gestenig en laat lê vir dood. Die gelowiges het baie swaar gekry, want hulle het hulle hele aansien in die samelewing verloor, en daarom in baie gevalle ook hulle inkomste.

Vandag verstaan Johannes Jesus se woorde maar ál te goed. Tóé was dit ‘n ernstige waarskuwing, maar vandag is dit vir hom ‘n troos in sy omstandighede waar hy as uitgeworpe balling op Patmos sit. Toe Jesus destyds vir Johannes en sy maters uitgestuur het, was Sy waarskuwing nie net oor Martelaarskap wat sou kom nie, maar veral oor God se bewaring wanneer dit wél gebeur.

Johannes glimlag wanneer hy weer terugdink aan daardie dag toe hy en Petrus voor die Joodse Raad gedaag is, en die Raad hulle probeer intimideer het om nie verder die Evangelie te verkondig nie. Hulle verweer was: “**Dit is onmoontlik om nie te praat van die dinge wat ons gesien en gehoor het nie.**”

Snaaks genoeg was hy daardie dag gladnie bang nie! Hulle twee het nie ineengekrimp van vrees nie, maar hulleself bloot totaal aan die Heilige Gees oorgegee. Die woorde en die krag, wat beslis nie hulle eie was nie, het van êrens vandaan gekom. G'n wonder dat die raadslede so verbaas was oor hulle nie. Hulle het nie die geleerdheid gehad van daardie raadslede nie, hulle was maar eenvoudige, ongeleerde manne wat moes visvang vir 'n lewe.

Vandag moet ons besef dat hierdie verhale tweeduisend jaar gelede opgeteken is. Sedertdien het omstandighede natuurlik baie verander, maar selfs vandag nog sien ons dieselfde dinge gebeur waarvan Matteus en Lukas en Johannes skryf. Vandag dien hulle boodskap steeds vir ons as troos in dikwels moeilike omstandighede. Dit is veral in die Moslem-oorheersde lande waar die Christen vandag bitter swaar kry en dikwels uitgelewer word ter wille van sy geloof.

Wanneer ons die verhale lees, wil dit amper lyk asof die Joodse Christene 'n klomp moeilikheidmakers was. Dit is egter gladnie die geval nie, en virséker wil die Here nie hê dat jy

jouself doelbewus ‘n martelaar maak nie. Dit is net eenvoudig nie natuurlik om doelbewus lyding te begeer nie. Wanneer lyding egter onvermydelik is, moet ons met waardigheid optree, en juis daardie geleentheid gebruik om die Evangelie eerlik en opreg te verkondig.

Vat nou maar byvoorbeeld die geval toe Paulus en Silas in die tronk was: hulle was eers stukkend geslaan en toe vasgeketting onder in ‘n stinkende, vuil kerker. As dit ek was sou ek sekerlik daar gesit en kerm het en bitter jammer vir myself gevoel het. Wat het hulle egter gedoen? Hulle het lofliedere gesing! Daarmee het hulle twee dinge reggekry: eerstens het dit hulle ‘n bietjie laat vergeet van hulle eie pyn, en het dit hulle beslis beter laat voel. Tweedens was hulle daardeur ‘n getuienis, nie alleen vir hulle mede-gevangenes nie, maar ook vir die owerhede, soveel só dat die tronkbewaarder en sy hele gesin daardie nag nog tot bekering gekom het en Jesus ontmoet het as Verlosser.

Wanneer ons vandag hierdie gesprek tussen Jesus en Sy dissipels lees, is ons geneig om ons blind te staar teen die vervolgings en lyding en selfs doodsdreigemente. Maar eintlik gaan dit



Gaan Na Inhoud

hier baie meer oor God se bewaring, bystand, liefde en onderskraging indien hierdie dinge op ons pad sou kom. Dit gaan ook verder daaroor dat, wanneer jy ter wille van jou geloof vervolg word, jy jou nie moet verset, en met geweld die evangelieboodskap beklemtoon nie. Gee jouself eerder aan God se genade oor. Dra Jesus se dienende, oorredende liefde uit, selfs tot op die punt van lyding en martelaarskap.

**Gebed:**

**Here, baie dankie vir die bevestiging ook weer vandag dat U in alle omstandighede ons sal dra, selfs ook wanneer ons vervolg word ter wille van die Evangelie. Dankie vir U wonderlike troos.**



Gaan Na Inhoud

17

## Kos vir ‘n Reuse Skare

## Matteus 14:13-21

Johannes is diep geskok toe hulle die nuus kry van sy naamgenoot, Johannes die Doper se grusame en onverstaanbare moord. Dit het die gemeenskap geskud! Selfs Jesus is diep daardeur getref, sovéél só dat Hy net alleen êrens wou wees op ‘n stil plek waar niemand Hom pla nie. Mens het mos soms nodig om jou net ‘n bietjie af te sonder van die wêreld om alleen met God te kan wees, sodat jy weer perspektief op die lewe kan kry.

So klim Jesus en Sy twaalf leerlinge in ‘n skuit en roei na ‘n eensame plekkie. Só maklik kom hulle egter nie van die hongerige skares mense af weg nie. Toe hulle weer sien, is daar al klaar weer ‘n reuse skare wat om hulle saamdrom. Jesus se oomblik van stilte was van bitter korte duur. Die nood onder die mense is groot, en daar is baie wat desperaat is om genesing te kry, maar dan is daar ook talle wat kom net om vir Jesus te hoor praat, want sy woorde is soos salf op die sielewonde.



Gaan Na Inhoud

Johannes en sy maters begin onder mekaar brom. Dit word laat, en hulle is dan nou juis op so ‘n afgeleë plekkie. Waar gaan al hierdie mense kos vandaan kry? Johannes is die jongste, en hy word afgevaardig om iets in die Meester se oor te gaan fluister. Dit lyk nie of hulle Meester óóit bewus is van die situasie nie. Jesus laai egter die probleem vierkantig op die twaalf se eie skouers af: Húlle moet sorg vir kos!

Die manne skrik hulle yskoud. Dis ‘n groot klomp mense hier bymekaar! Hulle maak vinnig ‘n skatting: hier is minstens vyfduisend mans! Dan het hulle nie eers al die vrouens en kinders ook bygereken nie! Maklik vyftienduisend mense in totaal! Dis skrikwekkend!

Johannes-hulle raap en skraap, maar die enigste kos wat hulle in die hande kry, is ‘n jong seuntjie se padkos. Die vyf broodjies en twee vissies wat hulle mee vorendag kom is lagwekkend belaglik! Daar is nie eers genoeg vir die twaalf van hulle nie!

Jesus se reaksie? Sonder om te bekommer oor waar alles vandaan gaan kom, dank Hy God vir die kos, en begin uitdeel. Johannes se oë rek! Hy kan nie glo wat hy sien nie! Die kos gaan met


Gaan Na Inhoud

die ry af, maar dit word net eenvoudig nie minder nie! Waar kom alles skielik vandaan? Elkeen van die derduisende mense wat daar sit, kry ‘n stukkie van hierdie drie miserabele ou gesoute vissies. Ek dit lyk of die brood net al meer en meer word!

Uiteindelik is daar oorgenoeg vir almal. Johannes merk dat daar uiteindelik soveel brood was, dat die mense nie alles kon opeet nie. Op Jesus se bevel, stuur hulle mandjies om vir die brood wat oorgebly het. Daar is ‘n volle twaalf mandjies vol!

Wat het hier gebeur? Daar was ‘n groot nood, en die manne het na Jesus gegaan vir hulp. Hulle het besef dat hulle uit eie krag niks kon doen nie. Jesus gee hulle ‘n opdrag om aan die werk te spring en iets positief te doen: hulle moet vir die mense voorsien. Hulle het nie maar op ‘n hopie gaan sit en sê dat dit tog absoluut onmoontlik is, en dat dit tog nie eers sal help om te probeer nie! Nee, hulle het begin rondvra wie kos daar het. Hulle het met ander woorde pro-aktief opgetree. Dít wat hulle in die hande kon kry, het hulle vir Jesus gegee. Met hulle karige ou bietjie het Hy die wonderwerk laat gebeur.


Gaan Na Inhoud

Oor die afgelope klompie jare het daar oral in ons land sopkombuise opgespring. Mense het die groot nood van werkloses, armes en wesies raakgesien en besluit om te help waar hulle kan, al het baie van hulle nie eers geweet waar om te begin om die middele te kry nie. Daar is talle verhale van brandarm mense wat so 'n sopkombuis met absoluut niks begin, en dan uitvind dat die kos en fondse om die kombuis te bedryf op wonderbaarlike wyse voorsien word. As jy egter gaan kyk watter metodes God gebruik om te voorsien, sal jy gou agterkom dat die kos en geld nie sommer maar uit die lug val nie. God vra van ons om aktief op te tree. Om 'n voorbeeld te noem: jy sal byvoorbeeld na 'n groot supermark gaan en aan die bestuurder verduidelik wat jy besig is om te doen. Dan vra jy vir skenkings of vir kos wat nie meer in 'n toestand is om te verkoop nie, byvoorbeeld groente wat begin verlep. Die wonder kom wanneer God in daardie bestuurder se hart werk en hy besluit om te voorsien. Voor jy jou kan kry is daar 'n kettingreaksie wat jou verstom.

Die belangrike dinge om te onthou is:

1 Bring jou nood na God in geloof dat Hy kan



Gaan Na Inhoud

help.

2 Sit sélf skouer aan die wiel, en doen wat Hy van jou vra. Moenie maar net gaan sit en hoop dat hulp uit die lug sal val nie.

3 Glo dat God op die regte tyd en deur die regte kanale sal voorsien.

4 Dank God wanneer die “manna en kwartels” op jou neersif, dikwels uit die mees onverwagte oord.

5 Gee aan God al die eer, want alleen Hy kan voorsien, al lyk dit soms vir jou of dit uit ‘n suiwer menslike oord kom.

**Gebed:**

**Here, vanoggend moet ons net weereens besef dat U almagtig is en dat U voorsien in al ons behoeftes. Help my asseblief om my volle vertroue in U te plaas.**

## 18

# Om Op Water Te Loop

## Matteus 14:22-33

Om mense gesond te kan maak, is darem nog aanvaarbaar. Om water in wyn te laat verander, is asemrowend. Om vir ‘n skare van vyftien duisend kos te gee uit niks, grens aan die absoluut onmoontlike. Maar om op die water te kan loop - dit is slegs die gode beskore! As jy die totaal onmoontlike doen om op die see te loop, betree jy die godewêreld!

As Johannes terugdink aan daardie insident, dan besef hy net weereens wat die ware identiteit van Jesus is. Hy is nie maar bloot van die godewêreld nie, Hy is die Almagtige God! Johannes het dit immers baie duidelik so in sy Evangelie geskryf.

Nadat Jesus en Sy dissipels vir die reuse skare kos gegee het, is dit net te verstane dat hulle totaal uitgeput was. Jesus stuur die manne solank met ‘n skuit vooruit na die oorkant van die meer, terwyl Hy nog die laaste mense huistoe stuur. Dan kry Hy uiteindelik ook rus. Hy klim teen die berg op om te gaan bid sodat Hy Sy

kragte kon herwin. So bring Hy die grootste deel van die nag in gebed deur. Gebed is immers noodsaaklik!

Intussen roei en stoei Johannes-hulle met die see. Hulle kry letterlik die wind van voor, en hulle skuit wil maar net nie vorder nie. Dan, in die wasige mistigheid van die vroeë oggendskemering sien Johannes daardie figuur oor die see aangeloop kom. Hy skrik homself skoon in ‘n ander geloof in! Dis absoluut onmoontlik! Het hulle nou die godewêreld betree? Is dit ‘n spook?

Die geheimsinnige figuur kom oor die woeste golwe reguit na hulle toe aangestap, en daar is nêrens waarheen hulle eers kan vlug nie! “Dis ‘n spook!” Die manne skreeu van angs.

Dan hoor Johannes Jesus se gerusstellende woorde: “**Wees gerus, dit is Ek. Moenie bang wees nie.**” Jesus se woorde: “**Dit is Ek**” herinner Johannes nogal aan Moses se ontmoeting met God by die brandende bos. Moses wou weet: “Wie is U?” “**EK IS WAT EK IS**” het die Here Homself aan Moses bekend gestel. Skielik word hulle vreesaanjaende situasie ontlont. Wat meer is, Jesus sê hiermee vir hulle dat Hy dieselfde

troue Verbondsgod is wat aan Moses verskyn het en wat nie alleen aan Moses en die Israeliete uitkoms gegee het nie, maar wat ook **NOU** uitkoms in húlle nood kom gee. Hy is Immanuel, God By Ons! Alle mag behoort aan Hom, selfs die totaal onmoontlike soos om op die water te kan loop!

Hierdie twee gedagtes bring onmiddellik vir Johannes en sy maats kalmte.

Johannes proes van die lag as hy terugdink aan wat daarna gebeur het. Dit was alweer Simon, hy wou toe kwansuis óók op die water loop! Ja, hy was die een wat altyd dinge gedoen en gesê het op die ingewing van die oomblik, sonder om te dink. Vuriglik impulsief! Kort-kort het dit hom in die moeilikheid laat beland. Toe wou hy sowaar die totaal onmoontlike doen, die ding wat alleen die "gode" kan doen, net omdat hy vir Jesus dit sien doen het. As Jesus hom uitnooi om uit die skuit te klim, is dit Simon se impulsiewe geloof wat hom die mag gee om die eerste treë op die water te gee.

Hy het dit sowaar nogal reg gekry ook! Johannes kon sy oë nie glo nie, want hier loop Simon, 'n doodgewone mens op die rowwe see. **DIE**

**ROWWE SEE!** Maar daarmee het Simon nou nie juis rekening gehou nie. Om op water te loop, dié kon hy dalk nog baasraak. Maar die skrikwekkende golwe wat op hom afstorm, dit was een te veel vir hom! Skielik sien hy nie meer vir Jesus nie, maar net hierdie verskriklike golwe. En dan sink hy. Die oomblik as hy sy oog van Jesus af wegneem, is alles verlore. Jesus gryp hom aan die hand en help die arme bedremmelde Simon die skuit in.

"**Hou die oë op Jesus**" sing ons. Maar dan sink ons wanneer ons Hom uit die oog verloor. Inderdaad sou Petrus ook nog 'n hele paar keer lelik sink op sy pad vorentoe!

Is daar nie dalk maar 'n Petrus in ons elkeen se lewe nie? Ons is dikwels geteister deur bangheid, ongeloof en kleingeloof. Soms kom daar selfs oomblikke dat ons oor God twyfel, dat ons totaal die oog van Hom af wegneem. Dan vra ons ook soos Petrus: "As dit werklik U is……." (vers 28). Maar dan, as ons (soos Petrus) die Woorde van die Here hoor wat ons uitnooi: "**Kom!**" is ons in staat om bo die twyfel en angs uit te styg en letterlik op water te loop.

Ons moet egter onthou dat dit nie hier oor


Gaan Na Inhoud

menslike bravade gaan nie, maar oor ‘n “loop in die geloof”. Jy is maar gedurig bewus van jou eie twyfel. Dikwels is daar ‘n insinking waaruit Jesus ons moet red. Tog hoor ons elke keer weer die Here se stem: “Kom!” Hy wil hê dat ons dit sal waag op die pad van radikale liefde en gehoorsaamheid om so ons bangheid en kleingeloof te oorkom. Petrus het uiteindelik geseëvier ná Pinksterdag. Toe het hy uitgestyg as ‘n hoekpilaar in die geloof. Ek en jy kan ook. Nes Petrus, het ons ook die Heilige Gees ontvang wat ons al die nodige krag gee.

**Gebed:**

**Here, dankie dat U ook vir my U Heilige Gees gegee het, en dat U daardeur vir my onbeperkte krag gegee het. Here, versterk asseblief elke dag my geloof en vertroue in U.**

## 19

# Jesus Word Verheerlik

## Matteus 17:1-8

Vir Johannes-hulle was dit harde werk en baie ontberinge om Jesus te volg. Dikwels moes hulle iewers onder die sterre op die harde grond slaap. Bedags moes hulle skares in toom hou en organiseer. Nogtans was dit alles ‘n reuse “avontuur” saam met die Messias. Maar toe begin hulle met groot kommer toekyk hoedat die donderwolke bokant hulle vorm! Die groot teenstand wat Jesus kry van die kerkleiers, maak hulle benoud. Daar kom al selfs doodsdreigemente! En skielik is dit nag as Jesus vir hulle vertel dat Hy in Jerusalem tereggestel gaan word. Simon is opstandig: “Mag God dit verhoed, Here! Dit sal beslis nie met U gebeur nie!” Hy verstaan nie. Hy word kwaai deur Jesus berispe. Dan verduidelik Jesus dat dit nie maklik is om Hom te volg nie. Dit kan soms ‘n bitter moeilike pad wees. Jy kan selfs die dood in die oë staar! Maar die uiteinde is alles deur en deur die moeite werd.

Simon voel afgehaal! Net ‘n dag of wat tevore

nog was hy in die wolke, toe Simon dáárdie belydenis gemaak het dat Jesus die Christus, die Seun van die Lewende God is. Jesus het tóé vir hom gesê dat sy naam van nou af Petrus, die Rots sal wees. Hy het homself al klaar as die leier van die groep begin sien. En nou bring Jesus hom weer hard terug aarde toe.

Maar Simon, oftewel Petrus was nie die enigste wat al ‘n bietjie verhewe begin voel het nie. Johannes het sélf al ‘n bietjie neus-in-die-lug begin raak omdat hy een van die uitgesoektes was. Jesus moes dit agter gekom het, want Hy het vir hulle dit duidelik gestel dat as hulle Hom wou volg, moes hulle hulleself verloën en Sy kruis dra. Dis nederige werk!

Skaars ‘n week later roep Jesus vir Petrus, Jakobus en Johannes nader. Hulle drie moes saam met Hom teen ‘n berg opklim. Johannes het gewonder waaroor dit gaan, maar Jesus het nie ‘n woord gerep nie. Dit was ‘n verrassing. In doodse stilte stap Jesus vooruit. Die manne voel aan dat hier iets baie groot broei.

Dan, wanneer hulle bo is, gebeur die byna onbeskryflike, die gebeurtenis wat permanent in Johannes se geheue ingegrafeer is. Oopmond



Gaan Na Inhoud

staar hy na sy Meester. Voor sy oë verander Jesus se hele gedaante. Sy gesig blink helder soos die son. Sy klere begin spierwit skitter sodat Johannes skaars na Jesus kon kyk.

Die volgende oomblik verskyn twee hemelse figure uit die niet. Onmiddellik weet Johannes net dat hulle die twee reuse uit die ou tyd is, Moses en Elia. Hulle het uit die hemel neergedaal om saam met Jesus te verkeer. Vir Johannes en die ander twee is hierdie asemrowende verskynsel een te veel. Hulle wil dit vir altyd so bewaar. Hulle wil selfs vir hulle hutte daar bou sodat hulle vir ewig daar kan bly.

Maar nog is dit het einde niet, want die volgende oomblik is daar ‘n skitterwit wolk bokant hulle, en uit die wolk kom die magtige stem van God: “Dit is My geliefde Seun oor wie Ek My verheug. Luister na Hom.”

Soos dooies val Johannes-hulle op die grond neer. Dit is uiters kosbare oomblikke! Maar die manne is gevul met angs. So bang is hulle, dat hulle nie eers wil kyk nie. Die Almagtige God het persoonlik met hulle gepraat!

Dan kom raak Jesus aan hulle: “Staan op, moenie bang wees nie.” As hulle hulle bevreesde


Gaan Na Inhoud

oë oopmaak, is dit net hulle drie saam met Jesus.

Maar eers is daar ’n reuse taak om af te handel, want as dit nie tot die laaste druppel bloed uitgevoer word nie, is Jesus se koms op aarde nutteloos! Vir Jesus lê daar ‘n bitter moeilike pad voor, ‘n pad van lyding en vervolging, en aan die einde daarvan die afskuwelike kruisdood.

Wat die drie manne daardie oggend aanskou het, is slegs ‘n klein kykie in die toekoms, wanneer Jesus in heerlikheid op die troon sal sit. Die manne het wel die wonderwerke gesien wat Jesus gedoen het, en by ‘n paar geleenthede het hulle bely dat Hy die Seun van God is. Maar hierdie dinge het nog nie werklik vir hulle behoorlik ingesink nie. Hulle het Jesus so half as vanselfsprekend aanvaar as maar net nóg ‘n “vaal” Profeet. En dan, vir slegs ‘n enkele oomblik, kry hulle ‘n kykie in die hemel in, en hulle sien Jesus vir wie Hy werklik is, die ware, Lewende God! Moes dit dan nodig wees vir Jesus om Homself op só ‘n wyse te openbaar voordat hulle Hom werklik sou herken?

Ag, ons doen eintlik maar presies dieselfde! Al te dikwels aanvaar ons Jesus maar as

vanselfsprekend. Hy is mos maar daar! Hy het so deel van ons alledaagse lewe geword, dat ons Hom nie meer herken as die Ware Lewende God nie. Ek kry dikwels diep seer as ek hoor hoe Christen-gelowiges verkleinerend of alledaags van Jesus praat. Dikwels word daar skertsend of selfs in ‘n grap na Hom verwys, wél in ‘n goeie sin. Maar met sulke soort opmerkings bring ons eintlik vir Jesus af na die vlak van die mens in ‘n slegte of vernederende sin. Ons moet altyd onthou **WIE** en **WAT** Hy werklik is. Hy is uiteraard **God ALMAGTIG!** Hy is die Koning van alle konings, die Skepper van die heelal!

**Gebed:**

**Here Jesus, ek aanbid U as my Koning en my Here en my God. Al die lof en dank en aanbidding kom U alleen toe.**



Gaan Na Inhoud

# Diensbaarheid
## Matteus 20:17-28

Daardie was 'n dag wat Johannes liewer hééltemal wil vergeet! Sy ma het dit seker maar goed bedoel, maar......

Die oggend sien Johannes dat sy dierbare Mammie ook tussen die mense is. Sy wink vir hom om na haar toe te kom, en hy moet sommer sy broer, Jakobus saambring. Sy verduidelik dat sy baie graag met Jesus 'n woordjie wil hê, maar hulle tweetjies moet saam met haar kom. Sebedeus se vrou kom kniel baie eerbiedig voor Jesus, sy het ‘n ernstige versoek vir Hom, dat haar twee seuntjies asseblieftog die ereposisie by Jesus se troon sou kry wanneer Hy gaan regeer. Dit klink nie na ‘n vreeslike onbillike versoek nie, want uiteraard is hulle mos deel van ‘n ou klein groepie wat Jesus se intieme vriende was vir die afgelope paar jaar al. Sy het egter nie die vaagste benul gehad waaroor alles werklik gegaan het nie.

In plaas daarvan dat hulle sê: “**Ag Ma, los tog maar, want ons weet mos dat dit oor baie**

**meer gaan as net ‘n ereplekkie langs die troon,**” speel hulle egter saam. Ná al die dinge wat Jesus hulle geleer het, besef hulle steeds gladnie WIE en WAT Jesus is nie.

Natúúrlik is Jesus nie gelukkig nie: “Julle weet nie wat julle vra nie.Kan julle die lydensbeker drink wat Ek gaan drink?”

Die ander manne is bitter ontsteld oor hierdie absurde versoek. Hoe kon die twee! Jakobus en Johannes het sowaar die vermetelheid gehad om hulle voor te spring! Hulle wou dan eintlik sélf mik vir daardie ereposisie!

Jesus moet mooi praat met die manne. Hulle moet bereid wees om die minste te wees, nie gedien te word nie maar eerder om te dien.

Ek dink dat Jesus seker baie moedeloos met hierdie klomp moes gewees het. Vir drie jaar lank gee Hy hulle intensiewe opleiding, en verduidelik vir hulle presies waaroor alles gaan. Daar kom pragtige oomblikke wanneer dit lyk of hulle besef wie Jesus is. Oomblikke wanneer hulle bely dat Hy die Seun van God is.

En dan, **DIT......**

Miskien het hierdie pelgrimsreis van hulle na

Jerusalem, gedagtes by hulle losgemaak, dat Jesus dalk 'n staatsgreep sou uitvoer en Israel van die Romeine verlos. Het Jesus nie al by verskeie geleenthede vir hulle uitgespel wat in Jerusalem sou gebeur nie? Het hulle nooit gehoor toe Hy vir hulle vertel het van die lyding en die dood wat daar op Hom gewag het nie? As Jesus dan vir hulle vra of hulle bereid sal wees om die lydensbeker saam met Hom te drink, antwoord hulle onomwonde "JA!" Hulle praat sonder om te dink, sonder om te besef wat hulle sê.

As Jesus die twaalf eenkant roep, begin Hy vir hulle ‘n prent skilder, ‘n prent waarin Hy verduidelik wat die verskil is tussen ‘n wêreldse Koninkryk en ‘n Goddelike Koninkryk. In vandag se terme sou Jesus waarskynlik sê dat die regeerders hulle magte totaal misbruik. In plaas van om die land te dien, wil hulle gedien word, in mooi motors ry, in paleise woon en onbeperkte mag hê.

In God se Koninkryk werk dit baie anders: daar word jy nie gedien nie, maar jou hoogste taak is eintlik om diensbaar te wees. Jesus het hierin telkemale die voorbeeld gestel, waar Hy die

minste was om sy leerlinge se vuil voete te was, iets wat slegs ‘n slaaf sou doen. Hy het weggeskram van alle eerbetoon, en telkemale as Hy iemand gesond gemaak het, het Hy die persoon beveel om stil te bly daaroor. Jesus se dag van glorie, die dag toe Hy die vyand finaal verslaan het, was nie ‘n reuse jubelfees nie, maar uit ‘n wêreldse oogpunt ‘n uiters tragiese dag. Daardie dag het Hy, die Koning, die Oorwinnaar immers aan ‘n vloekhout gehang en is Hy bespot en geslaan. Jesus verwag nie van enigeen van ons om óóit so ver te gaan nie. Sy boodskap is egter dat die hoogste eer wat jou kan tref is dat jy die geleentheid kan kry om te dien. En dan, dat jy daardie geleentheid met albei hande sal aangryp.

Ek het dit al dikwels beleef dat mense wat die hoogste posisies beklee in die kerk, juis die mense is wat bereid is om die skottelgoed te was en die laagste werkies te doen.

As gelowiges moet ons strewe wees om diensbaar te wees, nie alleen teenoor God nie, maar ook teenoor elkeen wat ons paadjie kruis. Saam met diensbaarheid kom natuurlik ook nederigheid en die bereidheid om die minste te

wees. Dit is baie beslis nie maklik nie! Dit verg baie moed om van daardie troontjie af te klim! En nog meer so, as jy moet toesien dat die persoon wat jou plek inneem beslis nie waardig is om daar te sit nie. My gebed vanoggend vir jou is dan ook dat hierdie ‘n kenmerk van jou lewe sal wees.

**Gebed:**

**Here, help my om diensbaar te wees in U Koninkryk maar ook nederig. Stuur vandag asseblief geleenthede oor my pad waar ek kan dien, en maak my gewillig om die minste te wees.**



Gaan Na Inhoud

# 21

# Die Intog

## Johannes 12:12-19

Die spanning is besig op te bou tot ‘n geweldige crescendo, en Johannes kan dit skaars hou. Twee dae gelede het hulle deur Jerigo gekom op pad na Jerusalem, toe Jesus twee blindes langs die pad genees het sodat hulle kon sien. Die mense was in ekstase, maar op Johannes se maag was daar ‘n knop van pure senuwees. Wat wag daar op hulle in Jerusalem? Van heinde en verre kom mense aangestroom vir die Paasfees. Die nuus, dat Jesus ook op pad was na die fees toe, laat dit gons onder die menigtes wat soos ‘n lewende rivier die laaste entjie na Jerusalem kronkel. Dit was ‘n bitter moeilike, steil pad op na Jerusalem van Jerigo af, maar uiteindelik is hulle bo. Almal is vrolik en opgewonde - so ‘n gebeurtenis kom net eenkeer per jaar. Maar vanjaar is dit asof iets anders knaag aan die stemming. Almal besef dat daar iets baie groot gaan gebeur, maar niemand kan sy vinger daarop lê nie.

“Daar is Jesus!” roep iemand uit, en Johannes

se moed sak sommer weer in sy stowwerige sandale in. Soos ‘n reuse swerm kommandowurms breek ‘n groot groep mense weg, Jesus tegemoet. Langs die pad pluk hulle palmtakke en kom al takswaaiende en singende op Hom afgestorm. “Prys Hom!” sing hulle uit volle bors. “Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!” Johannes weet maar ál te goed dat die Jode nog al die jare ‘n baie sterk nasietrots gehad het, maar dat dit die laaste tyd ‘n hoogtepunt bereik het. Palmtakke is deesdae die in-ding om hierdie nasionalisme te versterk en uit te basuin. “Die Koning van Israel! Die Koning van Israel!” dreun dit deur die menigte, wat nog al die tyd aangroei teen ‘n verbysterende tempo. Johannes krimp ineen.

Het die einde van die verpestelike Romeinse oorheersing nou uiteindelik aangebreek? Hierdie skare dink beslis so! Johannes en sy makkers deel ook maar half teësinnig en bitter bekommerd in die feesvreugde. Wat gaan môre oplewer? Gaan hulle Meester dalk tereggestel word? Besef hierdie jillende skare dit dan nie?

‘n Jong donkie, ‘n eg-koninklike rydier, word nadergesleep vir Jesus om op te ry. As Hy

opklim, raak die skare histeries. Hulle dreunsang weerklink oor die klowe, en eggo dat dit kilometers ver gehoor kan word.

Maar daar is ook ‘n groepie manne wat gladnie meedoen nie. Rasend van woede, aan die een kant, en tegelyk ook bekommernis, staan hulle daar en beraadslaag. “Kyk net wat doen Hy!” sis een Fariseër. Hy slinger verwyte na sy hulpelose kollegas: “Sien julle, julle het net mooi niks uitgerig gekry nie!”

“Ja, hier het ons dit nou! Die ganse wêreld tou nou agter Hom aan!”

“Kyk, as ons nie nou bitter vinnig optree nie, gaan hierdie ding baie lelik skeefloop. Dink nou maar vir julleself: wat gaan die Romeine doen as hulle sien dat hier ‘n groot opstand aan die uitbroei is? Dan is dit klaarpraat met ons! Dan is al ons harde werk van die afgelope jare tot niet! Daardie Romeine gaan ons opfrommel!”

“Ja,” stem sy maat saam. “Ons moet onmiddellik van Hom ontslae raak, of ons is in groot moeilikheid!”

Johannes onthou skielik die woorde van Sagaria 9:9: “Jubel, Sion! Juig Jerusalem! Jou Koning sal

na jou toe kom. Hy is regverdig en Hy is ‘n oorwinnaar, Hy is nederig en ry op ‘n donkie, op die hingsvul van ‘n donkie.”

Hy wonder of enigeen van hierdie duisende mense wat so al singende agter Jesus aan dans, hierdie woorde onthou? Johannes wil huil. Hy sien hoe sy Meester na Sy dood ry. Daardie manne gaan Hom beslis nie weer laat wegkom nie. Tóg ry Jesus gedweë die stad binne, soos ‘n Lam ter slagting gelei. Johannes verstaan dit gladnie. Hoe kan Hy so willens en wetens reguit in die slagyster inry?

“Hosanna!” Die skare is histeries! “Hosanna! Gee nóú verlossing! Hosanna! Hosanna!” Dit weergalm teen die stadsmure wat al nader kom. Dit is presies wat Jesus op pad is om te gaan doen - Hy gaan om verlossing te bewerkstellig! Maar dit is totaal anders as wat hierdie mense verwag.

Die gebeure daar voor Jerusalem se trotse stadspoorte, ruk ons vandag aan die hart, net soos wat dit vir Johannes geruk het. “Kon die Vader nie maar net verlossing gegee het nie? Waarom moes Jesus nou juis so verskriklik ly?”

Dalk kon Hy, maar dan was dit goedkoop en afgewater. Ons verlossing het verskriklik duur gekom. God se genade is nie goedkoop nie, en juis dáárom vra dit van jou en my om ons dankbaarheid met passie uit te leef. Jesus was bereid om die volle pad te stap. Hy was bereid om doelbewus in die put vol adders in te klim om ons te red. Die skrikwekkende is dat Hy presies geweet het waarvoor Hy Hom inlaat!

**Gebed:**

**Here, dit ruk in my, en ek kry diep seer as ek dink aan U groot offer vir my. Ek wil U dien, Here, met alles wat in my is, omdat ek so dankbaar is vir wat U vir my, sondaar, gedoen het.**

22

# Tempelreiniging

## Markus 11:12-26

Met die gedagtes van die skoonheid en majesteit van die tempelgeboue nog vars in sy gedagtes, stap Johannes en sy maats vroeg die Maandagoggend uit Betanië terug na Jerusalem. Sy Meester is op ‘n missie, dit kan Johannes baie duidelik sien. Hy glimlag as hy sien hoe die palmbome langs die pad gestroop is van hulle takke. Daardie optog gister het ‘n warm gevoel in sy hart gemaak. Watter avonture wag daar nie vandag op hulle nie? Meester het gesê dat hulle weer tempel toe gaan.

Langs die pad staan ‘n vyeboom - snaaks, gister het hy hom nie eers raakgesien nie. Tog só jammer dat dit nie nou vyetyd is nie. Hulle ontbyt was vanoggend maar baie eina-eina, en hy wat Johannes is sou nou kon doen met ‘n paar sappige vye! Blykbaar het sy Meester ook dieselfde idee, want Johannes sien hoedat Jesus reguit na die vyeboom loop en vroetel tussen die blare. “Dis nie vyetyd nie,” wil hy nog vir die Meester sê, maar dan sien hy dat Jesus

dit klaar uitgevind het. “Van jou sal niemand ooit in der ewigheid weer vye eet nie,” hoor hy die Meester vir die boom sê. “Dis onregverdig,” dink Johannes. “Hoe kan die Meester dan nou vye verwag buite seisoen?”

Die res van die pad loop Johannes verdwaal in sy eie gedagtes. As hy weer sien, is hulle by die poorte van die tempel. Sy hart gee sommer so ‘n wilde bokspring. Op die tempelterrein is alles vanoggend in chaos. Net waar hy kyk sien hy stalletjies van handelaars: sommige verkoop skape, ander duiwe en ander ruil weer geld om. Johannes stap na een van die geldwisselaars, hy haal ‘n paar muntstukke uit sy sak. Op die een is die gesig van die keiser afgebeeld, en op die ander is daar afbeeldings van Griekse gode. Johannes ril as hy na die munte kyk: “Hierdie goed mag ek nie in die tempel se skatkis gooi nie,” dink hy. Ja, die wet sê duidelik dat jy nie ‘n afbeelding van enige mens of afgod mag maak nie, en hier is dit nou mos duidelik op die munte.

“Wat kos dit om my geld te ruil vir Tirus-munte?” Tirus-munte het nie daardie beelde op nie. As hy hoor wat die wisselkoers is, kry hy amper ‘n hartaanval. “Dis rowery!” snou hy die man toe.


Gaan Na Inhoud

“Julle steel arm mense se geld!” Die wisselaar trek sy skouers op. Hy wéét mos dat Johannes daardie geld móét hê, en hy gaan dit nêrens anders kry nie!

Dan hoor Johannes ‘n groot rumoer elders op die tempelterrein. Mense skree en vloek verontwaardig. Johannes se hart gaan amper wéér ‘n slag staan as hy sien dat dit niemand anders as sy Meester is nie, besig om die geldwisselaars en smouse se tafels om te smyt! “Julle maak ‘n rowersnes van God se huis!” hoor hy sy Meester skree. Hy het Jesus nog nooit so kwaad gesien nie.

Johannes se hart krimp ineen as hy ‘n groepie Priesterhoofde en Skrifgeleerdes eenkant sien staan. “Daar broei baie onheilige dinge uit!” sê hy vir homself. “Daardie manne beplan beslis nie ‘n verjaardagpartytjie nie.....”

Daardie aand in Betanië lê Johannes en rondrol, hy kan nét nie slaap nie. Die dag se gebeure maal deur sy kop. “Daardie handelaars buit mense uit! Hulle wéét dat mense dikwels baie ver trek met ‘n skapie om te offer oor Paastyd, en dan is die skaap nie meer in so ‘n goeie

kondisie wanneer hy in Jerusalem aankom nie. Dan ruil hulle dit om vir ‘n vet skaap, maar hulle vra ‘n buitensporige prys vir die dier. En die duiwe wat hulle verkoop aan die arm mense - jy kan amper ‘n skaap koop vir die prys wat hulle vra vir ‘n simpele duif!” Johannes is sommer van vooraf omgekrap. Ja, sy Meester het beslis die regte ding gedoen!

Die volgende oggend is dit weer vroeg uit die vere om na Jerusalem te gaan. Meester het gesê dat Hy vir die mense wil gaan preek op die tempelterrein. Dit gaan opwindend wees! Johannes wonder watter wonderlike stories Jesus vir die mense gaan vertel. Hy geniet Jesus se stories, al verstaan hy hulle nie altyd nie. As hulle by gister se vyeboom verby stap, moet Johannes tweekeer kyk. Hy glo nie wat hy sien nie: “Meester! Meester, kom kyk!” Gister nog was die boom lowergroen; vandag is hy kurkdroog uitgedroog tot in sy wortels in, sonder ‘n teken van lewe. “Rabbi, dis mos dieselfde boom wat U gister vervloek het?” Johannes het ‘n reuse vraagteken op sy gesig.

Jesus sien dat die manne gladnie verstaan nie, en dan begin Hy verduidelik: “Julle moet geloof

in God hê." Hy verduidelik dat jy deur geloof berge kan versit, en dat God die gelowige se gebed verhoor. Hy verduidelik verder van vergifnis, en dat God die gelowige se sondes vergewe. Maar terselfdertyd beteken dit ook dat jy diegene wat iets aan jou gedoen het moet vergewe, want hoe kan jy verwag om God se vergifnis te kry as jy sélf nie bereid is om iemand anders te vergewe nie?

"Maar Meester, wat het dit met die vyeboom te doen?" wil Johannes weet.

**(Word vervolg)**

**Gebed:**

**Here, my geloof is dikwels so klein. Gee my asseblief ook daardie geloof wat berge kan versit.**

23

## Die Vyeboom

## Markus 11:12-26

Johannes dink weer terug aan daardie snaakse insident die week voor Jesus se kruisiging. Daardie vyeboom – hy het net mooi gladnie verstaan waaroor dit gegaan het nie. En toe Jesus agterna verduidelik het, was dit vir hom nóg ‘n groter raaisel. Jesus se optrede was onverstaanbaar, dalk selfs onregverdig.

O ja, vandag besef hy maar ál te goed dat hierdie handeling van Jesus ‘n simboliese daad was. Wat wou Hy hiermee sê? Jesus wou hiermee aantoon dat die Joodse volk en die stad Jerusalem vergelyk kon word met hierdie vyeboom wat nie vrugte gedra het nie. God het van hulle as Sy volk verwag dat hulle geestelike vrug sou dra, maar daar was net mooi niks! God het selfs so ver gegaan om Sy Seun, Jesus te stuur om vir drie jaar lank vir hulle te sê dat Sy Koninkryk aangebreek het. Hy het daardie wonderlike nuus nie alleen met woorde uitgebasuin nie, maar Hy het met die dinge wat Hy gedoen het vir hulle op ’n praktiese manier



Gaan Na Inhoud

gewys dat die Koninkryk daar was. Asemrowende wonderwerke was aan die orde van die dag, maar hulle het Hom verwerp.

Die ergste was dat die kerkleiers, die mense wat verantwoordelik was om die volk te lei op Godsdienstige vlak, Jesus gedurig teengestaan het. In plaas daarvan dat hulle die volk aangemoedig het om Jesus te volg, het hulle Hom probeer doodmaak. Deur die vyeboom te vervloek, het Jesus simbolies gewys dat Hy die deel van die volk wat weier om Hom te volg, verwerp het.

En pas daarna was daar die geldwisselaars se tafels wat Hy omgegooi het en toe het Hy die handelaars uitgejaag. Johannes het maar ál te goed verstaan dat die tempel die spil was waarom alles in die Joodse Godsdiens gedraai het. Dit was as't ware die hartklop van die kerk en die volk. Daar was altyd 'n gewoel en gewerskaf in en om die tempel. Daar was offers gebring en mense het hulle gawes na die tempel gebring. In die pilaargange was daar onderrig gegee en dit was 'n bymekaarkomplek.

Maar daar was iets baie tragies besig om te

gebeur: Waar die tempel die sentrum moes wees wat die koms van die Seun van God moes uitbasuin, het daar absoluut niks van gekom nie. Die lewe het bloot voortgegaan soos wat dit elke dag voortgegaan het vir die afgelope paar honderd jaar. Alhoewel Jesus sélf in die tempel die Evangelie verkondig het, het niemand hulle daaraan gesteur nie. Niemand in die tempel, die huis van God, het ag geslaan op die koms van die Seun van God nie.

Eintlik was dit nog veel erger, want die Tempel het in ‘n sekere sin ontaard in ‘n rowersnes, waar die rowers baie vroom gesigte aangeplak het en mense laat glo het dat hulle eintlik vir hulle ‘n guns bewys het. Intussen is die arme mense uitgebuit met buitensporige pryse wat hulle moes betaal vir die voorreg om ‘n offer aan God te kon bring.

Met Jesus se skoonmaakveldtog wou Hy nie alleen die rowers aan die kaak stel nie, maar ook wys hoe ver die “vroom” mense wat die tempel beman en besoek het werklik van God afgedwaal het.

En dan gebeur die ding met die vyeboom.

Oornag het dit totaal uitgedor! Die vloek het ‘n werklikheid geword! Die boodskap is baie duidelik vir Johannes: as jy God se genade en liefde ondankbaar van die hand wys, is die gevaar daar dat jy uiteindelik ook deur God verwerp kan word.

Wat in die tempel aan die gang was, was op die oog af baie mooi en edel. Daar is offerandes aan God gebring en mense is gehelp op ‘n georganiseerde wyse om geld en diere te kon kry om te offer. Onder was dit egter vrot! Dit was leeg, want God was nie in hulle Godsdiens nie.

Dit is vandag ook ‘n waarskuwing aan ons, die kerk van Jesus, dat Jesus altyd die middelpunt van ons aanbidding moet wees.

Jesus roep dan ook die dissipels op tot die ware Godsdiens. Hy gee vir hulle drie baie belangrike sleutelwoordjies: Geloof, Gebed en Vergifnis. Wat beteken dit om in Jesus te glo? Daar is ‘n paar elemente in die woordjie “geloof” saamgevat, die belangrikste natuurlik om te glo dat Jesus vir my gesterf het en dat Hy my Verlosser is. Maar ook dat ons Jesus ten volle sal vertrou vir wie en wat Hy waarlik is, naamlik

God Almagtig. Dat ons geloof sal hê in Sy krag, en dat selfs die onmoontlike met Jesus moontlik is.

Die tweede sleutelwoordjie is natuurlik gebed, want daardeur gee Jesus ons toegang tot Sy krag. Ons moet egter onthou dat Hy ons nie hiermee vrye teuels gee om allerhande "sirkustoertjies" met gebed uit te oefen nie. Wat ons vra moet in ooreenstemming wees met die wil van God.

Derdens, vergifnis. God vergewe al ons sondes in Jesus. Maar dit plaas op ons as gelowiges 'n baie groot verantwoordelikheid, want soos God ons vergewe, moet ons ook bereid wees om ander mense te vergewe. Kan ons verwag dat God ons vergewe as ons selfsugtig weier om ons medemens te vergewe?

**Gebed:**

**Here, gee my asseblief 'n vergewensgesinde hart.**

24

# Die Groot Gebod

## Matteus 22:34-40

Johannes kan die Fariseërs nie lekker kleinkry nie: Hulle probeer vir Jesus vastrek met die een of ander slim vraag, en dan kry hulle ‘n vernederende loesing. Die volgende dag is hulle maar weer terug, en dan gebeur presies dieselfde. Maar dit is asof hulle so dikvellig is, dat hierdie pak slae hulle net vir ‘n rukkie bedwelm, maar dan kom hulle net weer terug vir nóg ‘n loesing. Dit lyk of hulle net nie kan leer nie!

Het hulle nou werklik gedink, na soveel keer wat hulle tweedebeste gekom het, dat hulle vir Jesus kon vastrek met ‘n strikvraag? Hierdie keer wil hulle weet wat die grootste gebod in die Wet is. Dit is nie asof hulle nie geweet het nie, want hulle het die wet agterstevoor uit hulle koppe geken. Hulle het egter tog só gehoop dat Jesus hierdie slag die verkeerde antwoord sou gee, en dan kon hulle Hom vastrek. Johannes wil eintlik uitbars van die lag, en hy wonder hoe Jesus hulle híérdie slag gaan antwoord?

Die arme Sadduseërs het so pas in die stof gebyt toe hulle Hom wou vasvra oor die lewe na die dood. Jesus het hulle meesterlik geantwoord en hulle druipstert weggestuur. Dit was óók vir die Fariseërs ‘n gevoelige slag, want alhoewel hulle nooit om dieselfde vuur sit nie, het hulle nou ‘n verenigde front teen Jesus gevorm. As die een wen, wen almal. Jesus het immers gekom en die hele Joodse Godsdiens op sy kop gekeer.

Toe die Wetskenner hierdie vraag vra, dink Johannes dadelik aan die honderde bykomstige wette en voorskrifte waarmee die einste Fariseërs die volk doodwurg. Watter een van hierdie talle wette is die belangrikste? Is daar ooit een wat uitstaan?

Jesus se antwoord steek regdeur die kern van die saak: Hy haal aan uit Deut. 6:5. Die grootste gebod is dat die hele mens - wil, gevoel en denke - op God gerig sal lewe. Natuurlik het die Skrifgeleerdes dit geweet, maar dan verras Jesus as Hy ook uit Lev. 19:18 aanhaal oor die houding teenoor jou medemens. Hy stel hierdie wet gelyk aan jou houding teenoor God, en saam is hulle die totale wil van God vir jou lewe. Hierdie twee gebooie is dus één, net soos wat ‘n

mens nie die kop- en stertkant van ‘n muntstuk kan skei nie.

Vir Johannes gaan daar 'n lig op oor die volle implikasies van Jesus se antwoord. Oor die eerste helfte, die liefde vir God, is daar géén misverstande nie. Dit is oor die tweede helfte wat almal so kleitrap. Naasteliefde alleen is eintlik gladnie genoeg nie. Dit op sy eie is bloot humanistiese liefde, en die heidene bedryf dit ook! Naasteliefde word eers liefde wanneer jy dit in die lig van die liefde vir God spieël. Die belangrike is dat ons mekaar nét so lief moet hê soos Jesus óns liefhet. Eers dán ontdek jy ware naasteliefde. Jesus het vir ons ‘n voorbeeld gestel oor hoe om lief te hê. Dit was nie ‘n teoretiese lippetaal-liefde nie, maar 'n praktiese doen-liefde. Hy het prakties gegaan en Sy hele lewe gewy daaraan om mense se lewens te verander deur hulle die regte pad te leer, te wys en boonop om aan hulle onmiddellike nood aandag te gee - genesing, kos gee, vertroosting ens. Net so moet ons liefde nie alleen woorde wees nie, maar ‘n praktiese doen-liefde.

Ons moet dit ook baie duidelik verstaan dat hierdie kerngebod nie die “mindere” gebooie vir


Gaan Na Inhoud

ons Christelike lewensstyl vervang nie. Inteendeel, alle ander voorskrifte moet eers gemeet en getoets word aan hierdie gebod. Wanneer ons byvoorbeeld die tien gebooie lees, sien ons telkens dat elke gebod (of voorskrif) gemeet kan word aan die liefdesgebod. Om dood te slaan is om liefdeloos op te tree. Egbreuk kom wanneer die liefde nie meer daar is nie of wanneer dit gekaap word. Diefstal is 'n liefdelose aksie. Slegte begeertes veroorsaak dat jy dinge doen wat die liefde totaal oorboord gooi. Vals getuienis is eweneens liefdeloos, want dit kan bitter seer maak. En natuurlik is die eerste vier gebooie uit en uit 'n uitleef van liefde teenoor God. Wanneer ons mooi oor hierdie wette gaan dink, dan sien ons 'n baie groter prentjie van liefde.

Dit was juis die groot probleem met die Fariseërs. Die fout was nie dat hulle allerhande wetsvoorskrifte gehad het nie, maar dat hulle juis dít wat die heel swaarste by God geweeg het, naamlik die liefde, nêrens in hulle wette laat geld het nie. Vir hulle het dit gegaan oor die wette, en nie oor die mense agter die wette nie. Hulle het die wette tot in die fynste besonderhede uitgeleef

sonder dat liefde êrens ‘n plek daarin gehad het.

Natuurlik moet ‘n Christen-gelowige se lewe gedissiplineerd wees, maar daar moet ‘n fyn balans wees, sodat dit nie rigied raak nie. Dit mag nooit gaan om ‘n wet ter wille van ‘n wet nie, maar ‘n wet wat jou verbind om God en jou naaste in liefde te dien. Dan natuurlik verder ook om jou liefde teenoor God en jou naaste ten volle uit te leef. Dit doen jy natuurlik nie uit plig nie, maar omdat dit diep uit jou hart uit kom uit dankbaarheid vir God se groot genade en onvoorwaardelike liefde teenoor jou.

**Gebed:**

**Here, vul asseblief vandag my hele lewe met liefde, sodat dit sal oorborrel, en ek almal wat vandag oor my pad kom, se lewens sal aanraak met ’n alles-omvattende liefde.**



Gaan Na Inhoud

## 25

## Jerusalem, Jerusalem!

## Matteus 23:37-24:14

Daardie laaste week voor Jesus se kruisiging was vir Johannes een groot nagmerrie. Hy dink terug aan die oggend toe hulle van Betanië af na die stad stap. Skielik het Jesus gaan staan, en toe bars Hy in trane uit. Dit was aangrypend, en Johannes se hart het inmekaargekrimp. "**Jerusalem, Jerusalem!**" het Jesus gesnik. "**Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerk bymekaarmaak, maar julle wou nie! Kyk, nou word julle stad as 'n puinhoop aan julle oorgelaat. Maar Ek sê vir julle: Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat die dag kom wanneer julle sal uitroep: Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!**"

Johannes onthou nog dat kort nadat Jesus hierdie uitspraak gemaak het, Hy van die tempel af weggeloop het in 'n simboliese aksie.



Gaan Na Inhoud

Die tempelgebou het Johannes se asem weggeslaan elke keer as hy daar kom. Oorspronklik was die tempel natuurlik deur Salomo gebou, en dit was glo ‘n indrukwekkende gebou wat mildelik versier was met Sederhout, Sipres, koper en goud. Met die val van Jerusalem tydens die ballingskap, het die Babiloniërs die tempel verwoes en totaal afgebrand. Later is dit herbou onder leiding van Serubbábel, maar hierdie gebou was nie naastenby so mooi soos dié van Salomo nie. Baie jare later, kort voor Johannes se geboorte het Herodus die Grote, die tempel stuk-vir-stuk afgebreek en herbou. Hierdie was waarlik een van sy mees manjifieke bouwerke. Dit was ‘n asemrowende gebou!

Terwyl Jesus en die dissipels van die tempel af wegstap, verwonder Johannes hom weereens aan die verruklike bouwerk van die tempel. En toe sê Jesus ‘n ding wat hulle in hulle harte ruk: “**Julle sien al hierdie dinge? Dit verseker ek julle: hier sal nie een klip op ‘n ander bly nie. Alles sal afgebreek word.**” Johannes en sy maats het gedink dat Hy dit “geestelik” bedoel. Dit kon tog nie moontlik wees nie? Maar hóé

verkeerd was hulle nie! Die eerste ramp het die tempel alreeds slegs enkele dae later getref, toe die voorhangsel in die tempel van bo na onder skeur tydens die kruisiging.

En toe, 42 jaar later word Jesus se profesie waar, tot op die laaste kommatjie. Dit het gebeur toe die Jode in opstand gekom het teen Rome. Jerusalem word aangeval deur die Romeine. Ongeveer 600'000 Jode sterf in die brutale aanval, en selfs die tempel word afgebrand. In die hitte van die inferno smelt die goud wat mildelik in die bouwerk gebruik is, en dit vloei tussen die krakies van klippe in die mure in. Natuurlik was dit baie kosbaar, en die Romeinse soldate het letterlik elke klip afgebreek en omgekeer om die kosbare goue metaal in die hande te kry. En so word Jesus se profesie tot op die laaste stoffie waar.

Waar Johannes op Patmos sit, kry hy trane in sy oë. Sy geliefde stad, sy geliefde tempel...... niks het oorgebly nie, niks! Van Salomo, Serubbábel en Herodus se ongelooflike bouwerke het daar nie 'n enkele klip, geen enkele splintertjie sederhout of greintjie goud oorgebly nie.

Na Jesus hierdie ontstellende dinge gesê het,


Gaan Na Inhoud

het hulle na die olyfberg toe gestap, en daar saam met Jesus gaan sit. Hulle was verward oor al die uitsprake wat Jesus gemaak het, en die veroordelings. Wanneer sou dit gebeur? Hoe sou hulle weet dat die einde gekom het? En wanneer sou Jesus dan terugkom? Toe begin Jesus vir hulle vertel van die verskrikking van die eindtye: allerhande soorte rampe wat die aarde sou tref, natuurrampe en verskriklike oorloë. Maar daar was nog meer: daar sou ‘n verskriklike vervolging van Sy volgelinge wees. Baie gaan afvallig word, en by baie gaan hulle liefde afkoel. Daar sal ook valse profete verskyn wat dwaalleringe verkondig. Maar deur dit alles sal die kerk die Evangelie verkondig, totdat dit dwarsoor die ganse aarde versprei het, en niemand sal kan sê dat hy nie die Evangelie gehoor het nie. Eers dan sal die einde aanbreek.

Jesus wou iets uiters belangrik by hulle, en ook vandag by my en jou tuisbring. Ons moenie probeer sommetjies maak oor wanneer die einde gaan kom nie. Al die tekens wat Jesus hier noem het al oor en oor deur die geskiedenis gebeur. Wanneer hierdie dinge egter plaasvind, moet ons weet dat die einde naderkruip. Hierdie dinge

moet ons op ons tone hou sodat ons te alle tye gereed kan wees vir Sy Wederkoms. Al die tekens is reeds hier, nog meer intens as óóit deur die geskiedenis. Vandag het die laaste teken waarvan Jesus praat ook al waar geword, dat die Evangelie elke volk en nasie bereik het. Nog nooit in die geskiedenis was ons so naby aan Jesus se wederkoms nie. Natuurlik mag ons nie mislei word of verskrik staan nie. Ons moet waaksaam wees, volhard en vasstaan in die liefde en geregtigheid. Alleen só sal ons gereed wees wanneer die einde kom. En die einde sal baie, báie onverwags aanbreek, wanneer absoluut niemand dit verwag nie.

**Gebed:**

**Here, hou my elke oomblik van die dag op my tone, sodat ek gereed sal wees om U te ontmoet wanneer U onverwags kom.**

# Salf vir Jesus se Voete

## Johannes 12:1-11

Johannes het ‘n knop op sy maag. Die hele week al praat Jesus van Sy naderende dood. Hy spel dit as’t ware vir hulle uit!

Dan word hulle groepie uitgenooi vir ‘n ete deur Jesus se vriend Lasarus en dié se twee susters, Marta en Maria in die dorpie Betanië. Daardie aand kom lê hulle rondom die tafel soos gebruiklik. Marta is soos altyd die een wat rondhardloop en hulle bedien. En dan, terwyl sy so ywerig aan die werk is, verdwyn Maria, en kom te voorskyn met ‘n albasteflessie. Alle oë is op haar gerig. Johannes snak na sy asem, want jy kan sommer sien dat hierdie ‘n baie duur fles is. Wat sou sy daarmee wou maak? Sy gaan reguit na Jesus toe, breek die nek van die fles en begin om die ganse inhoud daarvan oor Jesus se voete uit te giet.

Nardusolie word gemaak van die wortels van die nardusplant wat in Indië groei. Hierdie olie is dus ingevoer uit Indië, en dit is peperduur. ‘n Enkele druppeltjie is genoeg om ‘n heerlike geur te


Gaan Na Inhoud

versprei. Vir Maria is dit egter nie genoeg nie, en die hele inhoud, ‘n volle halfliter word oor haar Meester se voete uitgegiet. Die hele huis word gevul met die hemelse geur van Nardus.

‘n Doodse stilte hang oor die groep. Niemand rep ‘n woord nie. “Weet Maria wat sy so pas gedoen het?” maal in Johannes se gedagtes. Maar Maria is nog nie klaar nie. Sy maak haar hare los, en dan begin sy om dit as handdoek te gebruik, en Jesus se voete droog te maak met haar goedversorgde haredos. Nou het sy almal éérs sprakeloos. Johannes skud sy kop om seker te maak hy het reg gesien. So ‘n ding word net eenvoudig nie gedoen nie!

Johannes wéét mos hoe belangrik ‘n vrou se hare vir haar is, en hoeveel moeite hulle doen om dit te versorg. Wat Maria pas hier gedoen het, is baie, baie spesiaal, want ‘n vrou gebruik haar hare slegs só om ‘n man se voete af te droog, as hy vir haar baie spesiaal is. Hiermee wil sy vir die man sê dat sy haar héél beste vir hom wil gee. Johannes weet egter dat Maria se aksie teenoor Jesus beslis nie oor ‘n seksuele aangetrokkenheid is nie. Vir haar is Hy haar Meester! Hy beteken vir haar meer as énigiets

en vir Hom sal sy enigiets doen.

Judas Iskariot is die eerste om die stilte te verbreek. Hy is ‘n bitter ongelukkige man. Hy meet Maria se aksie onmiddellik in geldwaarde, want hierdie duur olie kon eerder verkoop gewees het. Sy redenasie is dat die geld vir die armes gegee kon word. Dit klink baie edel, maar Johannes sien sommer dwarsdeur hom: suiwer geldgierigheid! Soos enige Rabbi, bekommer Jesus Hom nie oor die alledaagse dinge soos kos, geld ens. nie, daarvoor moet sy volgelinge mos sorg. Dis algemene gebruik. Judas is die een wat die finansies hanteer. Johannes het egter lankal vermoed dat daar van die geld in sy eie sak beland het. Hierdie flessie nardusolie het Judas se geldgierige ogies laat skitter, want dit was ‘n hele jaar se salaris werd. En nou is dit gemors!

Skielik besef Johannes dat Maria dalk weet wat op Jesus wag! Vermoed sy dalk dat Hy werklik oor ‘n paar dae gaan sterf? Sy sou Hom salf met die beste wat sy het terwyl Hy nog lewe. Sy aanbid ‘n lewende Here!

Dit wil vir Johannes lyk asof Jesus rustig is oor

wat Maria so pas gedoen het. As Judas haar oor die vingers wil tik oor sy so mors, is Jesus se reaksie, dat Maria hierdie reukolie spesiaal moes hou vir hierdie dag, want dit is om Hom te salf vir Sy begrafnis. Vir die armes kan hulle maar weer anderdag iets gee.

Hoe moet ons dit vandag verstaan?

Vir Maria was dit van uiterste belang om haar álles te gee vir ‘n lewende Here. Nie alleen offer sy baie duur reukolie op nie, maar waag sy ook haar reputasie deur haar hare te gebruik. So maklik kon iemand dalk iets anders gelees het in haar handeling, maar sy het nie omgegee nie. Sy het besef dat Jesus se tyd om was, en dat daar dalk later nie weer ‘n geleentheid sou wees nie.

Ek dink dit is baie belangrik dat ons Jesus moet dien terwyl daar vir ons nog ‘n geleentheid is om dit te doen. So maklik wil ons sê dat ons wél eendag aan Sy voete sal sit, eendag ná die wederkoms. Maar dit is ook belangrik dat ons hiér en nóú alles in die stryd moet werp, en ál ons lof en verheerliking aan Hom, die Koning van alle Konings sal bring. Maria was dankbaar

vir wat Jesus vir haar gedoen het, en sy het haar dankbaarheid op ‘n tasbare wyse getoon. Is jy dankbaar vir wat Jesus vir jou gedoen het, en steeds elke dag doen? Dan is dit mos net reg om ook op ‘n tasbare wyse vir Hom dankie te sê. Nie maar op ‘n halfhartige wyse, deur ‘n paar druppeltjies olie aan Hom af te staan nie, maar om jou álles vir Hom te gee. Géén offer is te groot om vir Jesus te gee nie.

**Gebed:**

**Here, ek gee dikwels so halfhartig, en my dankbaarheid is so flou. Ek wil U dien met alles wat ek het.**

## Voetewas

## Johannes 13:1-17

Ingedagte sit die stokou man, Johannes en skryf. Hy is tevrede met die eerste deel van sy boek. Hier het hy geskryf oor die drie jaar van Jesus se openbare optrede. Hy wou die boodskap duidelik tuisbring, dat wie in Jesus glo, die ewige lewe het. Johannes is séker daarvan dat hy beslis in sy doel geslaag het. Die Heilige Gees het hom immers die leiding gegee oor wat om te skryf!

Johannes dink ‘n oomblik na voordat hy die volgende afdeling van sy boek aanpak. Hy skryf immers aan die Kerk, dus sal dit goed wees as hy die een en ander skryf oor hoe Jesus Sy kerk hanteer het. Dalk moet hy begin by daardie aangrypende dag toe Jesus……

“Voor die viering van die paasfees het Jesus reeds geweet dat die tyd vir Hom gekom het om van hierdie wêreld af na die Vader oor te gaan.” skryf Johannes. “Ek móét skryf van Sy liefde!” peins hy. “Hy het sy eie mense wat in die wêreld is, liefgehad, Hy het hulle tot die uiterste toe liefgehad.



Gaan Na Inhoud

Jesus en sy dissipels was aan tafel.”

Johannes glimlag. Ja, hulle het rondom die tafel gesit, eintlik eerder gelê op kussings toe die Meester hulle almal totaal onkant gevang het! Dit was in Sy héél laaste dae voor Sy kruisiging. Intieme oomblikke, daardie! Maar die duiwel was daar ook hard aan die werk. Judas Iskariot het toe alreeds sy plannetjies klaar agtermekaar gehad om vir Jesus te verraai.

In sy geestesoog sien Johannes nog hoedat hulle almal heerlik uitgestrek rondom die tafel gelê het. Natúúrlik was hulle almal se voete vuil en stowwerig van die heeldag se loop. Dit sou darem só lekker gewees het as hulle ‘n slaaf kon bekostig om almal se moeë voete ‘n bietjie te pamperlang. Maar só ‘n luuksheid is hulle nie beskore nie!

Maar dan staan Jesus op. Hy bind ‘n doek om Sy lyf en kom die vertrek ingestap met ‘n wasskottel. Johannes het duidelik gehoor hoe die manne na hulle asems snak, toe Jesus buk en die eerste man se voete begin was. Dit word net eenvoudig nie gedoen nie! Bitter onwillig en uiters ongemaklik, hou die manne hulle voete.

Maar Petrus weier soos ‘n steeks donkie: “Nooit in der ewigheid nie!” Ai! Ou Petrus! Hy was maar altyd dwars van die gereg! Vir hom was dit ‘n geval van Jesus, sy Meester wat verneder word om slaaf te speel. Petrus wou géén deel hê aan sy Meester se vernedering nie! Johannes onthou nog hoedat Jesus maar weer mooi moes verduidelik sodat Petrus kon verstaan. En toe skielik gaan daar vir Petrus ‘n liggie op. As Jesus dan nou wou was, dan moes Hy asseblief sommer sy hele lyf was! Ai tog! En weereens moes Jesus baie mooi verduidelik dat dit nie nodig was nie.

Waaroor het dit alles gegaan? Wat wou Jesus vir hulle sê? Daardie dag het Hy gedemonstreer dat Sy volgelinge se waardesisteme totaal verskil van dié van die wêreld. Eintlik het Hy met hierdie handeling totaal die gelowiges se waardestelsels omvergegooi! God se liefde en Sy mag lê juis in opoffering en nederigheid. Hier het Hy, die Seun van God, Skepper van die heelal en Opperste Heerser dit prakties kom demonstreer deur Sélf Slaaf te word en die nederigste van alle werke te kom doen.

Wat leer ons vandag hieruit?

Twee gedagtes kom na vore. Die eerste, dat die voetwassery simbolies is van ons vuil sondige verlede wat skoongewas word deur Jesus. “As ek jou nie was nie, het jy nie deel aan My nie,” het Jesus vir Petrus gesê. Om enigsins deel te kan hê aan Jesus, móét ons toelaat dat Hy ons sondes afwas (vergewe). Hoe doen Hy dit? Hy het die volle straf gedra vir ons sondes met Sy kruisdood op Golgota. Ons moet hierdie geskenk van vergifnis aanvaar en ons eie maak, dan is ons outomaties skoon gewas.

Tweedens, dat ons Jesus se voorbeeld moet navolg. As Hy wat so hoog bo ons verhewe is, bereid was om die nederigste werk te doen, moet ons ook bereid wees om die minste te wees. Dit is nie maklik nie!

Jou lewe verander drasties die dag wanneer jy Jesus se vergifnis en verlossing kry. Dit is egter maar net die begin. Hierna moet ons Jesus se voorbeeld navolg. Ons kan nie maar gaan sit en ontspan nie. In hierdie gedeelte sê Jesus dit dan ook baie duidelik dat een van die maniere waarop ons Hom moet volg, is ook daardie selfde opofferende diens aan mekaar te bewys soos wat Hy gedoen het. Ja, ons wil almal graag


Gaan Na Inhoud

leiers wees en die dinge doen wat edel en aanskoulik is. Min gelowiges sien egter kans vir die “vuil werk”, daardie dinge wat vernederend is om te doen. Om op ‘n parkbankie langs ‘n vuil, stinkende boemelaar te gaan sit en sommer net te gesels, is darem baie ver onder ‘n man se waardigheid. Hoe ver is ek en jy bereid om te daal sodat Jesus, die Koning, verheerlik kan word?

**Gebed:**

**Here, ek bely dat ek nog so styf vasklou aan my waardigheid. Help my asseblief om U wonderlike voorbeeld na te volg.**

# Voorberei vir die Dood

## Matteus 26:1-16

‘n Uiters bekommerde Johannes sien daagliks hoedat Jesus se einde naderkruip. Geruime tyd al probeer die Joodse leiers op enige denkbare manier om Hom vas te trek, maar elke keer word hulle planne in die wiele gery. Hulle is gefrustreerd tot die dood toe. Één stukkie troos vir Johannes, is egter dat hy wéét dat die laaste sê aan Jesus behoort. Alleen Hý kan bepaal wanneer Hy gereed is vir daardie verskriklike dag. Ja, by verskeie geleenthede het Hy vir die dissipels gesê dat Hy sou sterf en dat Hy aan die haat van die Joodse leiers oorgelewer sou word. Hy was egter vaag oor presies wanneer dit sou gebeur. Nou maak Hy egter ‘n uitspraak wat Johannes se bloed laat stol: “**Oor twee dae word Ek gekruisig!**”

Die masjienerie word tot Johannes se groot ontsteltenis in werking gestel om Jesus om die lewe te bring. Hy is nooit onkant betrap nie, trouens Hy het Sélf die proses geïnisiëer want die tyd daarvoor was nou ryp! Dit maak natuurlik



Gaan Na Inhoud

van die Joodse rolspelers ‘n laer orde, want hulle planne kan alleen werk as dit by God se groot plan inpas.

Dis verwarrend! Wanneer is dit die mens se eie slim plannetjies en wanneer is dit God se groot raadsplan? En as ons sê dat Gód die besluit geneem het, sou dit dan die Joodse leiers onskuldig maak? Dit was mos God se besluit, was dit nie?

Baie beslis nie, want hierdie spul het lankal hulle bose planne agtermekaar gekry. Dit plaas egter hulle planne binne ‘n baie groter raamwerk, want terwyl hulle besig was om onheil te stook, het God juis hulle boosheid gebruik tot heil van die ganse mensdom. Hoe ironies, dat God se groot verlossingsplan uitgevoer was deur menslike moordplanne, en alhoewel daardie rolspelers nie maar blote marionette in God se hand was nie, het God tóg die laaste sê in die saak gehad.

Dit moet vandag vir ons ‘n wonderlike troos en bemoediging wees, veral in die tyd van verskrikking waarin ons vandag leef. God is oneindig meër vindingryk as mense, en Hy word nooit onkant gevang nie. Ja, inderdaad laat Hy alle menslike planne, of hulle nou sleg of goed

is, vir Hóm werk. Dit laat ons as gelowiges die hele debakel oor staatskaping en die afgryslike korrupsie tot in die hoogste gestoeltes wat ons land knel, in ‘n ander lig sien. Ja, natuurlik is dít wat hulle doen verkeerd! God laat dit egter toe met ‘n rede, en daarom hoef ek nie woedend te reageer daarop nie. Ek vertrou God dat alles sal uitwerk volgens Sy groot raadsplan!

Jesus se verwysing in hierdie gedeelte na die Paasfees, koppel direk Sy dood daaraan, en dit verwys subtiel na Jesus as die Paaslam wat vir die sondes van die volk geslag word.

In skrille kontras met die Joodse leiers se moordplanne, sien ons ‘n vrou wat onbaatsugtig haar liefde aan Jesus bewys deur haar kosbare olie op Jesus se kop uit te gooi. Die dissipels is verontwaardig, want hoeveel arm mense kon nie dalk kos kry as hierdie olie verkoop sou word nie. Ons kan dalk hulle verontwaardiging verstaan. Daar steek egter eintlik iets veel dieper in hulle reaksie: hulle kon steeds nie vrede maak met Jesus se dood nie. Hulle word direk ook by Sy dood betrek.

Dalk was hulle onwillig om die volle pad van Jesus se lyding saam met Hom te stap.

Inderdaad sien ons dit duidelik wanneer hulle Jesus totaal in die steek laat in Sy donkerste nag. Wanner Jesus sê dat die armes altyd by hulle sal wees, wil dit amper skok! Dit maak nie sin nie! Jesus sê egter hiermee, dat armoede wél altyd sal bestaan en dat Hy nie vir hulle Utopia op aarde beloof nie. Hy beklemtoon dit egter dat, alhoewel die liefdesgebod vir jou naaste uiters belangrik is, die gebod om God bo alles lief te hê inderdaad die eerste gebod is. Maar dit gaan eintlik veel dieper, want hiermee wil Hy ook sê dat Sy kruisdood die grootste enkele gebeurtenis in die geskiedenis van die skepping is. Hierdie vrou se salwing plaas júís die stempel op hierdie groot gebeurtenis van Sy kruisiging.

Jesus se uitspraak oor die tyd van Sy dood sit nie alleen die Joodse leiers aan die gang nie, maar ook vir Judas. Wat die presiese beweegredes vir sy besluit was, kan ons maar net raai. Matteus sê dat dit gierigheid was. Was hy dalk teleurgesteld omdat hierdie Messias nie aan sy verwagtinge voldoen het nie? Jesus het hulle nie verlos van die Romeinse juk, soos hy en baie ander Jode verwag het nie. Was hy bang


Gaan Na Inhoud

omdat die enigste strooihalm waaraan hy nog kon vasklou, besig was om te kwyn?

Die feit is: God het selfs Judas se verraad gebruik in Sy raadsplan. Dawid het dit immers in Psalm 41:10 voorspel! Judas word daarom pertinent "een van die twaalf" genoem. Ons moenie Judas veroordeel nie, dit gaan eintlik oor óns! Jesus se verraad en verloëning word vandag vir ons realiteit. Petrus het daardie nag ontken dat hy Jesus ooit ken. As ek sou stilbly wanneer God se heilige Naam misbruik word, doen ek presies dieselfde as Petrus en Judas……..

**Gebed:**

**Here, hou asseblief my oog gevestig op Jesus wanneer dit lyk of die golwe van die verskrikking van geweld my gaan verswelg.**

# Die Paasmaal

## Matteus 26:17-25

Paasfees het aangebreek. Vir Johannes is hierdie altyd die hoogtepunt op sy kalender. Natuurlik val dit ook saam met die fees van die ongesuurde brood. Van babatyd neem Johannes elke jaar deel aan hierdie weeklange fees wat hulle herinner aan die haas waarmee die Israeliete uit Egipte moes trek, toe daar nie eers tyd was om die brood met suurdeeg te laat rys nie. Dit begin altyd met die paaslam wat op die eerste dag van die fees geslag word. Sy bloed word oor die altaar uitgegooi. Daarna word die lam gebraai en dieselfde aand by die paasmaaltyd geëet. Die paaslam is die simbool van God se vergifnis.

Maar hiérdie paasfees is vir Johannes anders. Hy sien gladnie daarna uit nie, en dit maak hom depressief! Jesus het só reguit vir hulle gesê dat Sy tyd naby is. Hy sou binnekort aan die kruis sterf, al spel Hy dit nie pertinent vir hulle dit so uit nie. Met hierdie aankondiging verbind Hy die paasfees met Sy dood. Hy gaan dus die

Paaslam wees wat geslag gaan word vir die sondes van die wêreld! Johannes krimp inmekaar by die blote gedagte hieraan.

Daadie aand sit-lê Johannes rustig om die tafel saam met sy maats. En dan los Jesus die bom: "**Een van julle gaan my verraai.**" Johannes voel die koue rillings deur hom trek. Hy is spierwit geskrik. Niemand het enigiets vermoed nie!

Jesus het hulle so onkant gevang, dat elkeen begin wonder het of dit nie dalk hyself is wat hierdie verskriklike daad sou pleeg nie. Selfs Johannes vra onthuts vir Jesus: "Is dit dalk ek, Here?" Hy het die afgelope dae dalk 'n baie brawe gesig opgesit, maar diep binne-in hom vreet die onsekerheid oor Jesus, sy Meester, sy Mentor se naderende dood. Wat gaan van hom, hulle word? En nou dít!

"Die een wat saam met My sy brood in die skottel insteek, dit is hy wat My sal verraai…..".

"Maar elkeen van ons sit sy hand op die een of ander stadium saam met Jesus in die skottel! Is dit nie dalk tóg ek nie?" Johannes skud sy kop. Nee, nee, nee! Hy merk dat die ander manne almal vir Jesus aanspreek as "Here." Almal bely dus dat Hy die Seun van God is. Wanneer Judas

egter doodonskuldig ook die vraag vra, of dit nie dalk hy is nie, dan spreek hy Jesus nie aan as “Here” nie, maar “Rabbi,” wat beteken “Meneer” of “Leermeester.” Dit is dieselfde aanspreekvorm wat Jesus se teenstanders gebruik het vir Hom. Judas se vraag kom koel en afsydig, want hy wéét dat hy skuldig is! Jesus se rustige antwoord, sonder enige haat of verwyt, is bloot: “Dit is soos jy sê.” Nou weet almal. Johannes voel siek!

Vandag moet ons nie die fyner nuanses miskyk nie. Die blote feit dat die ander dissipels ook die vraag vra, wys net weereens dat hulle ook maar mense is met ‘n skuldige gewete. Indirek kan elkeen van ons dus ook daardie vraag vra. Is daar nie dalk by my verraad van Jesus of Sy saak teenwoordig nie? Niemand is outomaties van afval gevrywaar nie. Jesus het Judas sag geantwoord, en alhoewel hy toe reeds ‘n besluit geneem het, was daar steeds vir hom omdraaikans - tot op die héél laaste! Judas het egter besluit om nie om te draai nie.

Dalk kan ons vandag redeneer dat die arme Judas die afgryslike verraad gepleeg het omdat God dit so beplan het. En dat hy daardeur

verlore gegaan het! Maar Petrus het feitlik net so 'n slegte ding gedoen met sy verloëning van Jesus. Maar hy het om vergifnis gevra. En dit gekry! Hy het gaan regmaak waar hy verbrou het. Judas het dieselfde geleentheid gehad, maar hy het dit sélf weggesmyt. Ja, hy het berou gehad, maar hy het nie God se vergifnis gesoek nie.

Wat het Judas soveel anders gemaak as die ander dissipels? Almal van hulle was in die geloof "swakkelinge." Later daardie selfde aand nog sou ons sien hoedat hulle slaap wanneer Jesus hulle bystand bitter nodig het. Ons sien dat hulle weghardloop wanneer hulle Here in hegtenis geneem word. Ons moet hoor dat hulle totaal ontken dat hulle Hom ooit geken het, en dít in Sy grootste uur van nood. Hulle is onseker en bitter bang vir dít wat vir hulle voorlê. Nogtans, ten spyte van al hierdie dinge, noem hulle Hom steeds "Here", want hulle volle vertroue, hoe wankelrig ookal, is in Hom. Judas, aan die anderkant, ondervind hierdie selfde onsekerhede en vrese, maar hy besluit dat hy sy vertroue in Jesus onttrek. Jesus is vir hom nie meer die "Here" wat hy aanvanklik gedink het Hy

is nie, en hy verkoop Jesus uit aan die vyand.

Daar kom ‘n tyd in elke Christen-gelowige se lewe waar onsekerheid, vrees en selfs blatante lafhartigheid jou vasgryp. Dit is baie, baie belangrik dat jy dan steeds na Jesus kyk as die enigste Here, al lyk dit of die einde van die wêreld aangebreek het. As jy vandag in daardie situasie is, en soos Judas besluit het dat Jesus nie meer Here van jou lewe is nie, dan is daar selfs nóú nog vir jou omdraaikans! Jesus se hand van liefde is uitgestrek na jou. Gryp dit aan met al jou mag!

**Gebed:**

**Here, waar daar dikwels storms in my lewe woed, en waar onsekerheid en angs dreig om my te verswelg, hou asseblief my hand styf vas, en hou my oog gevestig op U alleen, want U is my Here en my God. Op U alleen vertrou ek!**

## Die Wingerdstok

## Johannes 15:1-8

Dit voel asof die ganse wêreld op Johannes se skouers rus. Sy gemoed is loodswaar terwyl hulle na die tuin stap waar hulle gaan oornag. Hy het só uitgesien na die paasmaaltyd, maar dit het vir hom in ‘n nagmerrie geëindig. Judas! Een van hulle intieme kring! Hy kan dit nog nie verwerk nie. Almal loop in doodse stilte, elkeen besig met sy eie gedagtes. Jesus se woorde, pas voordat hulle vertrek het, maal deur Johannes se gedagtes: “As julle My liefhet, sal julle My opdragte uitvoer.” Hy het ook gepraat van “Die Voorspraak” wat Hy vir hulle sal stuur. Wat presies het Hy bedoel?

Al geluid wat hulle hoor, is die knars van voete op die klippertjies, soos hulle stap. Dan verbreek Jesus die stilte: “Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra. Julle is alreeds reg gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle gesê het. Julle moet



Gaan Na Inhoud

in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie.”

Die wingerdstok het ‘n baie groot rol gespeel in Jesus se bediening. Johannes onthou hoedat Hy dit keer op keer gebruik het om God se almag te beklemtoon of om die een of ander waarheid tuis te bring of om te dien as simboliek. Hy onthou nog Jesus se eerste groot wonderwerk toe Hy wyn gemaak het uit water. Vroeër vanaand nog het Hy vir Johannes-hulle gesê dat die wyn wat hulle drink, Sy bloed is wat vir hulle gestort is. Johannes sidder!

“Ek is die wingerdstok, julle die lote.” gaan Jesus voort. “Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte.”

Johannes is verward. Waarom praat Jesus vanaand so in raaisels, so asof niks gebeur het nie? Waarom juis nóú ‘n storie vertel oor ‘n wingerdstok? Sien Hy dan nie die erns van die saak in nie? Weet Hy nie wat op Hom wag nie?

Verstaan ek en jy vandag die volle implikasies van hierdie gelykenis? Waarom sou Jesus op só ‘n dramatiese tydstip ‘n storie oor

druiweboerdery vertel? Dis dan enkele ure voordat Hy gevange geneem sou word!

Jesus se tydsberekening wys net hoe geweldig belangrik die boodskap is, en dat ons dit reg moet verstaan. Daar is drie uiters belangrike elemente in ‘n wingerd: die wingerdstok of stam, die lote en die druiweboer. Sonder die wingerdstok kan daar nie lote wees nie, en is daar géén vrugte of lewe nie. En sonder die druiweboer se intensiewe aandag sal die wingerd so wild rank dat daar geen krag oor sal wees vir vrugte nie. Hulle moet gesnoei word!

In hierdie beeld stel Jesus Homself voor as die Wingerdstok, die Bron van lewe. Die Vader word voorgestel as die Boer wat alles in stand hou. Die gelowiges is die lote. Nou moet ons baie deeglik besef dat die lote aan ‘n wingerdstok van uiterste belang is, want sonder lote gaan daar géén vrugte wees nie. Daar is ook nie ‘n hoofloot wat al die druiwe dra, en ‘n klomp mindere lote wat net ondersteun of saamgroei nie. Nee, al die lote is ewe belangrik, en almal moet vrugte dra. In die kerk het almal ook ‘n ewe groot taak, daar is nie een wat uitstaan nie.

Jesus sê nou dat lote wat niks doen nie, afgesny word, want hulle is waardeloos. Beteken dit dat gelowiges wat nie hulle kant bring nie, uit die Koninkryk uitgesmyt word? Nee, dit is nie die bedoeling nie. Die woord "afsny" (airo in Grieks) kan ook met "oplig" vertaal word. Dit beteken dus dat so 'n persoon getug (opgelig) sal word om hom weer by God uit te bring. Vir diegene wat weier om te glo, sê Hy egter dat hulle weggegooi en verbrand sal word! (vers 6)

Maar die belangrike is egter, wat met die goeie lote gebeur. Lote in 'n wingerd word jaarliks kort gesnoei om nuwe groei en vrugte te stimuleer. Hoe meer drasties die snoei, hoe beter die vrugte. Dieselfde geld vir die gelowige wat ook dikwels "gesnoei" word.

Die Vader snoei ons dikwels baie drasties, en dit maak soms bitter seer. Die resultate is egter dat ons geestelik bloei en groei en dat ons vrug kan dra. Ek het al dikwels deur so 'n snoeiproses gegaan, en ek wil dit uitskreeu: "Here, dit is nou genoeg!" Maar ek weet dat Hy die Boer is wat beter weet as ek, en Hy sal ophou snoei wanneer Hy tevrede is.


Gaan Na Inhoud

‘n Ander baie belangrike aspek, is dat ‘n loot nie los van die wingerdstok kan groei nie. Hy is totaal afhanklik van hom, want die lewenssap vloei juis uit die wingerdstok om die loot te laat vrug dra. Net so is ons totaal afhanklik van Jesus. Ek moet in Hom bly om te kan oorleef (geestelik en andersins). Maar Hy bly ook in my! Hy is die Een wie se “lewenssap” deur my are vloei en die Een wat die vrug in my lewe gee. Sonder Hom is ek totaal verlore en absoluut waardeloos.

**Gebed:**

**Here, dankie dat ek ‘n loot kan wees aan U Wingerdstok. Gee my asseblief die krag om die snoeiproses te oorleef, sodat ek baie vrug kan dra vir U.**

## Getsemane

## Markus 14:32-40

Dit is die langste nag óóit in Johannes se lewe, waar hy saam met Petrus en Jakobus teen die skurwe stam van ’n knoetsige ou olyfboom gaan sit. Hy is moeg tot diep in sy siel. ’n Entjie van hulle af kniel Jesus op die grond in die flou maanlig. Die hele aand se gebeure maal weer deur sy kop. Die skok tydens hulle Paasmaal toe Jesus aankondig dat een van hulle twaalf Hom sou verraai. Hy sien weer Judas se gesig, asvaal en tot die dood toe skuldig. Dit kan maar nét Judas wees! Ja, hy moes dit geweet het! Hy het nog nooit rêrag vir Judas mooi kon vertrou nie! Daar is net iets omtrent daardie man........

Saggies hoor Johannes sy Meester bid. Hy krimp ineen as hy Jesus se verskriklike sielewroeging hoor: “**Abba, Vader, alles is vir U moontlik.”** Sy smeekwoorde kom aangesweef op die koel nagluggie na Johannes. “**Neem asseblief hierdie lydensbeker van my af weg. Moet nogtans nie doen wat Ek wil nie, maar U wil**.”

Dit voel asof ’n dolk deur Johannes se hart steek, om sy Meester so te hoor pleit. Die rou pyn in Jesus se stem, trane loop oor Johannes se wange. Hoe bitter swaar het sy Meester nie al gely nie, hoe Hy elke dag geestelik uitgemergel word, die ondraaglike spanning. Maar steeds het Jesus voortgegaan om mense te leer. Daar was ’n soort dringendheid by Hom om so veel as moontlik af te handel, asof Hy nog net ’n paar dae oorgehad het om te leef.

En dan, die alewige priesterhoofde, Fariseërs en Herodiane, soos klein brakkies wat net kef en hap. Die vuur van haat en jaloesie wat in hulle oë gloei! Hierdie manne het net één ding in gedagte: om Jesus vas te trek en Hom in die tronk te kry, nes dit gegaan het met Johannes die Doper. Arme Johannes!

Die vaak oorval Johannes, en hy begin droom, die allerverskriklikste nagmerries. “Simon, Johannes, slaap julle?” Johannes word uit sy onstuimige slaap wakker geruk: “Kan jy nie eers vir een uur lank wakker bly nie?”

“Jammer Meester!” Hulle voel baie skuldig dat hulle nie eers vir Jesus kon bystaan in Sy

grootste uur van nood nie.

Half deur die slaap hoor hulle hoe Jesus hulle bekommerd vermaan: “Julle moet waak en bid sodat julle nie in die versoeking kom nie. Die gees is gewillig, maar die vlees is swak.” En daarmee draai Hy om om verder te gaan worstel met God.

“Nou die dag nog het ek en jy gesweer dat ons saam met die Meester Sy lydensbeker sal drink, Jakobus.” Johannes is ontsteld. “Toe julle netnou al geslaap het, het ek gehoor hoe Hy by God pleit om daardie lydensbeker weg te vat. Dit was hartverskeurend om Hom so te hoor.”

“Watter soort vriende is ons? Ons is almal besig om Hom in die steek te laat!” Die drie manne voel bitter skuldig. Dan sak ’n doodse stilte oor hulle neer terwyl hulle met pyn in die harte lê en luister hoe Jesus worstel en wroeg in gebed. Maar vir hierdie drie is die vlees net eenmaal te swak, en weldra verval hulle weereens in slaap.

In absolute eensaamheid, verlaat selfs van Sy intiemste vriende, worstel Jesus, die Seun van God deur Sy grootste krisisuur. Sal ons ooit die ware omvang van Sy lyding kan begryp? Sal ek



Gaan Na Inhoud

en jy ooit kan verstaan waardeur Jesus werklik daardie nag gegaan het? Daardie nag het Jesus fisies bloed gesweet, en bloeddruppels het op die grond geval terwyl hy worstel in gebed. Al was Hy die Seun van God, was hy terselfdertyd ook ten volle mens, met dieselfde angste en gevoelens as enige ander mens. Wat dit soveel erger gemaak het, is die feit dat Hy presies geweet het wat in daardie volgende ure op Hom sou wag, die verskriklike vernedering; die ondraaglike pyn wanneer die soldate Hom gésel. In die fliek "Passion of Christ" word dit so verskriklik grafies uitgebeeld waar Hy stukkend geslaan is. Afgryslik! Jesus het presies geweet waarvoor Hy Hom inlaat: Gegésel, gespot, gekruisig, totaal verlaat van vriende, van familie - verlaat ...... van God! So moes Hy in die mees uitmergelende pyn denkbaar hang, Sy gewrigte verbrysel deur dik ysterspykers.

Die sondes van die ganse mensdom sou op Hom neerkom; die straf vir die sondes van die ganse aarde moes Hy dra.

En Sy vriende lê en slaap......

Markus wil elke leser van hierdie Evangelie, ook

vir jou en my, probeer aanspoor om asseblieftog 'n beter dissipel te wees as wat hierdie manne was. Om te waak en te bid dat ons nie in die versoeking sal kom nie. Hierdie oproep van Jesus aan die manne, weergalm deur die tuin van Getsemane, oor die ganse wêreld, deur die eeue, sodat ek en jy vandag ook moet kennis neem en waarlik gaan doen wat Jesus vra. Die angs wat Hy daardie nag gely het, was ook vir jou en my. Is ons waarlik opreg dankbaar daarvoor?

**Gebed:**

**Here, ek sal nooit kan begryp hoe groot U lyding waarlik was nie. Maar ek wil dankbaar leef voor U. Help my om my dankbaarheid prakties te kan uitleef.**

# 32

## Verraad in die Nag

## Markus 14:41-51

Johannes word weereens wreed uit sy slaap geruk wanneer Jesus die derde keer na die drie manne toe kom: “Slaap en rus julle nog?” Johannes voel asof hy inmekaar kan krimp van skaamte. “Die tyd het gekom,” kondig Jesus aan, en skielik voel dit vir Johannes asof sy hart wil gaan staan. Daar is iets in Jesus se stem wat vir hom sê dat al die dinge waarvan die Meester gepraat het, nou gaan gebeur. “Die Seun van die Mens word in die hande van die sondaars oorgegee.”

“Staan op, kom ons loop,” sê Jesus. “Kyk, die man wat My verraai is hier naby.”

Fakkelligte kom tussen die bome aangesweef. Sagte voetstappe, asof hulle iemand bekruip.

As die optog tussen die olyfbome deur voor hulle verskyn, herken Johannes die man wat heel voor stap onmiddellik. “Jou lae uitvaagsel!” wil hy skree. “Jou addergebroedsel!” Maar hy kry nie ’n geluid uit nie. Magteloos kyk hy toe hoe Judas reguit na Jesus loop. Johannes voel dat hy wil

ontplof. Skielik is die stilte ook weg en almal praat gelyk. Bevele word uitgeskree, en daar heers chaos. Van al die lawaai het die ander manne nou ook wakker geskrik, en hulle kom aangehardloop om te sien wat gebeur.

Jesus staan net daar, soos ’n Lam wat gedweë wag om geslag te word. Judas groet Jesus half stotterend: “Rabbi....” Hy het niks meer as dit om vir sy vriend en Leermeester van die afgelope drie jaar te sê nie. Jesus kyk hom vol in die oë, ’n kyk wat vir Judas sê dat Hy so innig jammer voel vir hom. Hy het die ewige lewe verruil vir ’n paar muntstukke. Judas se hande bewe onbedaarlik. Hy tree vorentoe en soen Jesus, dan draai hy om. Niemand merk die trane in sy oë as hy oorhaastig verdwyn tussen die mense deur nie.

Die spul wat saam met Judas gekom het beur vorentoe om Jesus te gryp, ’n mengelmoes van manne, gewapen tot die tande. Die paar tempelwagte is die enigstes wat ’n bietjie georganiseerd lyk. Hulle tree nader met ontblote swaarde. Die res swaai stokke en kieries wild rond om hulle misnoë en hulle aggressie te vertoon.

Petrus het nou net mooi genoeg gehad. Hy pluk sy swaard uit en storm wild af op die klomp. Vandag is die dag wat hy sy Meester gaan red uit die hande van hierdie klomp skurke. Hy sal veg tot die bitter einde! Hy swaai sy swaard wild na die eerste man wat hy teëkom en tref die man skrams teen die kop, sodat jy net bloed sien spat. Nou is Petrus goed opgewerk, en hy is gereed om die ganse leër aan te vat.

"Simon! Stop!" Petrus begin stadig kalmeer. Eenkant staan die hoëpriester se slaaf kermend. Hy hou sy oor vas, oftewel daar waar netnou nog 'n oor was voordat Petrus hom bygekom het. Jesus wink hom nader. Sy oor is 'n gemors en die bloed stroom teen sy nek af. Jesus sit Sy hand op die wond en oombliklik stop die bloed. As Jesus Sy hand terugtrek, is die slaaf se oor genees, asof Petrus se swaard nooit naby hom was nie. Die kêrel kan sy oë nie glo nie!

Dreigend staan die manne nou nader om Jesus gevange te neem. Dan praat Hy, Sy stem spreek van kalmte en aanvaarding: "**Het julle gekom met swaarde en stokke om My te vang asof Ek 'n rower is?"** In die flikkerende fakkellig herken Hy etlike gesigte wat gereeld na Hom

kom luister het in die tempel. "**Dag vir dag was Ek by julle besig om die mense te leer in die tempel maar julle het My nie gevange geneem nie**." Dan glimlag Jesus, want Hy weet presies waarom hulle Hom nie gevange kon neem nie – die tyd was nog nie reg nie! Dit was nie hoe God beplan het dat Hy gevang moes word nie. God het bepaal dat dit in die nag moes wees, en dat een van Sy dissipels, Sy eie vriende Hom moes verraai. "**Die Skrif moes in vervulling gaan.**" Verduidelik Jesus.

Woedend storm die spul nou op Jesus af. Hulle ego is geknak! "Kom ons gryp Sy aanhangers ook!" Verskrik spat die elf manne uitmekaar en laat spaander die nag in.

Hardhandig word Jesus teen die steil paadjie van die Olyfberg af, deur die Kidronvallei tot in Jerusalem begelei. Versigtig volg Johannes die stoet op 'n veilige afstand, geklee slegs in die doek om die lyf waarmee hy gaan slaap het. Dan merk een van die tempelwagte hom op. "Gryp daai man!" Johannes skrik hom yskoud en vlieg om. 'n Tempelwag kry hom aan die klere beet. In 'n laaste desperate poging ruk hy homself los. Maar hy betaal duur, want in die proses word sy

enigste kledingstuk van sy lyf afgeruk. Al laggende kyk die manne hom agterna as hy vreesbevange en poedelnaak die straat afhardloop en dan tussen die huise verdwyn.

Die optog kom naby die hoëpriester se huis. Vir Jesus is dit nou eers die begin van Sy smarte.

**Gebed:**

**Here, saam met Petrus wil ons ook kwaad word, en saam met Johannes wil ons weghardloop! Maar dan besef ons dat sonder U lyding, ons nie die verlossing sou kon smaak nie. Dankie dat U die volle prys vir ons betaal het.**

## 33

# Voor Pilatus

# Johannes 18:28-40

Dit is in die vroeë oggendure. Die slaap het Johannes heelnag ontwyk. Hy en die ander manne het uiteindelik weer bymekaar uitgekom, nadat elkeen sy eie koers die nag ingevlug het. Dit was net Petrus wat nog skitter in sy afwesigheid. En natuurlik die addergebroedsel, Judas! Vir Johannes was dit 'n verskriklike verleentheid om so sonder sy klere tussen die bome deurgesluip te kom.

En daar het die bedremmelde klomp die hele nag gesit en wonder wat aan die gang is. Baie later het Petrus daar aangestrompel gekom. Toe hy hulle sien, het hy in trane uitgebars. Sy hele liggaam het geruk soos hy aanmekaar snik: "Ek het my Here verloën! Ek het my Here verloën! Sal Hy my óóit daarvoor vergewe?"

Op ‘n vraag, waar Jesus nou is, het Petrus beduie dat Hy voor die Joodse Raad is. “In die nag? Wil iemand weet. “Maar dis mos onwettig!” Johannes is geskok om te hoor dat sy Meester in die nag verhoor word. Dit is iets wat slegs in

daglig mag gebeur!

Kort na dagbreek kom iemand uitasem aangehardloop. “Julle moet kom! Die Raad het Jesus na Pilatus toe gestuur!”

Johannes word spierwit. Dis slegte nuus! Dit kan net één ding beteken, dat die Joodse Raad Jesus tereggestel wil hê. Hulle mag dit mos nie self doen nie. Soos een man spring hulle op en hardloop in die rigting van Pilatus se luukse huis. Langs die pad hoor hulle die nuus so stukkie-stukkie, dat die Raad vir Jesus skuldig bevind het, en dat daardie Romein, Pilatus, bitter ongelukkig is dat die Jode hom so vroeg in die oggend kom pla het.

Die Goewerneur oor Judea, Pontius Pilatus is ‘n gewelddadige, onbuigbare, onbarmhartige, korrupte man! Die volk haat hom met ‘n passie, want hy maak die lewe vir almal baie suur, seker maar oor hy sélf in vrees leef vir die Keiser!

Van ver af sien Johannes al hoe die Joodse leiers buite Pilatus se paleis saamdrom. Hulle wil nie in hierdie heiden se woning ingaan nie, want dit sal beteken dat hulle onrein word. En dis amper tyd vir die Pasga! Dit sal natuurlik beteken


Gaan Na Inhoud

dat hulle nie deel kan hê aan hierdie belangrike fees nie.

Johannes-hulle wil nie te naby kom nie. Maar die nuus bereik gou hulle ore. Die Raad hou Jesus as ‘n misdadiger voor. “Hoe kan hulle? Na alles wat Hy gedoen het? En Hy het alles in die openbaar gedoen sodat almal dit kon sien!” Johannes is bitter verontwaardig.

Johannes hoor iemand sê dat Pilatus glo vir Jesus gevra het of Hy die “Koning van die Jode” is. Daarop het Jesus net geantwoord dat Sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie. Toe Pilatus aanhou vra, het Jesus geantwoord dat Hy wél ‘n Koning is. “Wat presies sou dit beteken?” wonder Johannes.

Die Jode het ‘n Messias verwag wat die skoene van Sy voorvader, Dawid sou volstaan en regeer as koning oor Israel. Maar eers sou Hy die swaar juk van die Romeine van die onderdrukte volk se seer skouers afgooi, en hulle sodoende na vryheid lei.

Wat sou gebeur het as hierdie Messias-koning oor die Jode kom regeer het? Vir hoe lank sou hulle vrede hê, tot die volgende wêreldheerser

net eenvoudig weer oor hulle sou loop? Nee, God se reddingsplan het totaal anders gewerk. Die ware Messias se regering sou nie op geweld gebaseer wees nie, maar op liefde. Dit sou ook nie beperk wees tot slegs die Joodse volk nie, maar sou strek oor die ganse wêreld. Sy volgelinge sou ook nie veg met ysterswaarde nie, maar met die swaard van die Waarheid en die Woord van God. Die belangrikste is egter dat hierdie Koninkryk wat gevestig word, nie op die aarde gebaseer is nie, maar in die hemel.

Pilatus kom baie gou agter dat Jesus geen gevaar inhou vir die magtige Rome nie. Pilatus besef maar al te goed dat Jesus onskuldig is, en desperaat probeer hy om Jesus vry te laat deur ‘n plaasvervanger te laat teregstel, die rower, Barabbas. Daar is ‘n ou verhaal wat sê dat Barabbas se eerste naam ook Jesus was, en dat Pilatus sou vra: “Watter Jesus moet ek vrylaat - Jesus Barabbas of Jesus van Nasaret?” Die Jode het egter die verkeerde Jesus gekies! Barabbas was vir hulle ‘n held, want al was hy ‘n rower, was hy ‘n bendelid van ‘n vryheidsbeweging, wat probeer het om hulle van die Romeine te bevry.

As gelowiges moet ons ook baie versigtig wees dat ons nie van Jesus Iemand probeer maak wat Hy nie is nie. So dikwels is Jesus vir ons slegs daar vir noodgevalle. Wanneer ons in die moeilikheid is, weet ons baie gou waarheen om te hardloop. Wanneer ons die wind van agter het, vergeet ons gerieflikheidshalwe van Hom. Jesus is ons Koning, te alle tye en in alle omstandighede! Ons héél eerste prioriteit is om Hom te dien met alles wat in ons is. Hoe dien ons Hom? Deur Sy liefdesgebod uit te leef, nie alleen teenoor God nie, maar ook teenoor ons medemens, en dan veral teenoor ons medegelowiges.

**Gebed:**

**Here Jesus, U is my Koning. Ek wil U dien met my hele lewe!**



Gaan Na Inhoud

34

# Kruisig Hom!

## Johannes 19:1-16

Die grootste drama van alle tye ontvou reg voor Johannes se oë, ‘n drama wat hom diep in die binneste ruk. Daar is vier partye in hierdie aangrypende drama - nee vyf! In die hoofrol is Jesus, die Koning van die heelal. Hier lyk hy gladnie na enige soort heerser nie. Hy is verslae, uitgeput, in boeie, skynbaar totaal magteloos. Teenoor Hom staan een van die magtigste manne op aarde, die man wat totale beheer het oor die ganse Judea. Sy woord is bevel en hy kan maak en breek soos hy wil. Selfs Koning Herodus swig voor sy blaf! Maar ook hiér is alles nie wat dit op die oog af lyk nie, want onder daardie klipharde dop skuil ‘n bang en bitter onseker mens.

Die derde karakter is ‘n groep vloekende, spottende, wrede, klipharde, bang-vir-niks soldate. Hulle doen wat hulle moet, en hoe meer wreedheid hulle in hulle dagtaak kan insit, hoe meer geniet hulle dit. Maar selfs die bevelvoerder onder hulle het ‘n hart iewers onder

al daardie pantser.

Die vierde is ‘n groep vrome, Godvresende, wetsonderhoudende manne wat op geestelike vlak die volk van Israel lei soos ‘n herder sy skape lei. Dag-vir-dag is hulle in die tempel en in sinagoges, waar hulle die mense leer van God. Onder daardie skitterwit kleed van vroomheid skuil egter ‘n vuil-swart gewaad van haat, wraaksug, moord en opgekropte woede.

En die Vyfde Speler? God Almagtig! Met een enkele woord kan Hy al hierdie spelers verdelg, in rook laat opgaan. Nogtans doen Hy dit nie, want die grootste Verlossingsplan van alle tye moet binne enkele ure uitgevoer word. Hy laat dus toe dat elke speler sy mag, haat, wraak en wreedheid uitleef, want alleen só kan God se reddingsplan slaag.

Op Pilatus se bevel word Jesus eers gegésel. Elke slag van die gésel en elke angsvolle kreet van sy Meester, skeur deur Johannes se wese. Trane stroom oor sy wange as hy die geluide hoor, want hy weet dat stukke rou vleis uit my Meester se rug geruk word, elke keer as daardie sweep met die loodballetjies Hom tref. Die

verskriklike pyn wat Hy moet verduur! Dis onmenslik, verskriklik wreed! Oor en oor en oor tref die hale Hom. Johannes hoor die soldate lag en spot en vloek. En omdat Hy nou kwansuis ‘n Koning is, moet Hy mos ‘n kroon dra. Johannes sien hoedat ‘n kroon van giftige dorings in sy Meester se kopvel inboor. Daardie dorings brand ongenadiglik en laat die bloed deur Sy oë stroom. Ook die purper mantel wat spot met Sy koningskap, word Hom nie gespaar nie.

Die magteloosheid en besluiteloosheid van die magtige, ongenaakbare Goewerneur Pilatus, word al duideliker. Hy het gedink dat hy al die mag in sy hande het, maar nou kom hy agter dat hy in die moeilikheid is met wát hy ookal besluit. Sy hart sê baie duidelik vir hom dat hierdie Man onskuldig is, maar dan is daar die Jode en die Keiser, in wie se slegte boekies hy beslis nie wil kom nie. Hy probeer na alle kante toe om uit die tameletjie te kom, maar hy raak net meer en meer verstrengel in die taai gemors. En dan is daar nog hierdie voosgeslane, bebloede Man hier voor hom wat ewe kalm vir hom wil wysmaak dat hy, die magtige Pontius Pilatus, absoluut géén gesag oor Hom het nie, en dat hy

alleen kan doen wat hy doen omdat God dit toelaat. Watter vermetelheid! Maar sê nou net dit is waar...? Weereens probeer hy hom hier uitwurm, maar hy is magteloos.

Johannes krimp inmekaar as hy die Jode bloedstollend hoor gil: “Kruisig Hom! Kruisig Hom!”, daar voor Pilatus se weelderige paleis. “Kruisig Hom! Kruisig Hom!” Johannes kan nie glo dat dit dieselfde mense is wat ‘n paar dae gelede nog gesing het: “Hosanna! Hosanna!” nie.

Dit is twaalfuur die middag. ‘n Lang, uitmergelende nag en dag van marteling, beskuldigings, hofsake ens. ens. druk alreeds bitter swaar op die bebloede skouers van Jesus. Verwytende haatgille weergalm oor die plein: “Vat Hom weg! Vat Hom weg! Kruisig Hom!” Op Pilatus se vraag of hy dan nou hulle Koning moet kruisig, kom die skokkende antwoord van die priesterhoofde: “Ons het nie ‘n koning nie; ons het net die keiser.” Hulle kies ‘n Goddelose keiser wat hulle met ‘n passie haat, bo die heilige Hemelkoning. Skokkend! Onverstaanbaar! En so sny daardie Jode hulleself finaal van die Koning van die Jode, en so ook van God af.

Sou dit ooit moontlik wees vir God om hierdie verskriklike daad van hulle te vergewe? “Nooit in der ewigheid nie!” hoor ek ‘n koor van stemme opgaan. Nie baie lank daarna nie, stap een van die voorbokke, ’n haatlike Fariseër, na Damaskus om nóg Christene te vervolg. Daar ontmoet Saulus van Tarsus die opgestane Jesus, en word hy die grootste sendeling ooit. God se vergifnis vir hom was volkome! Sit jy dalk met sonde wat jy dink onvergeeflik is? As Hy daardie verskriklike sonde kon vergewe - niemand se sonde is te groot vir Hom nie, ook nie joune nie. Bring dit vandag nog na Hom!

**Gebed:**

**Here, dankie dat U bereid is om selfs die grootste sonde te vergewe.**

35

# Jesus Gekruisig

## Lukas 23:33-38

Dit is ‘n hartsverskeurende toneel wat voor Johannes afspeel, as die massa mense al jouende agter Jesus aanloop teen die koppie uit, die plek van die Kopbeen, Golgota. Die doodsreuk hang swaar om hierdie afgryslike plek, wat maar net één ding vir die besoeker beteken: ‘n aaklige, pynlike, uitgerekte doodsmarteling. Iemand wat daar sy laaste tydjie op aarde deurbring, kan maar net hoop dat die marteling nie te lank gaan duur nie, want dit kan soms dae neem voor die arme mens dood is van dors, uitputting of infeksie in sy wonde.

Daardie lot staar Jesus nou in die oë. Johannes stap ‘n ent agter die massa, hy is te bang om nader te kom. Hy sien hoedat sy Meester sukkel om die swaar houtbalk te dra. Dan krimp Johannes ineen as Jesus daar voor teen die steil bult struikel en inmekaar sak van uitputting. Hy hoor hoedat ‘n soldaat op iemand daar naby skree om die balk by Jesus te kom oorneem en dit verder te dra. “Toe, toe!” skreeu die soldaat,



Gaan Na Inhoud

“Die tyd loop uit! Netnou is dit mos julle Sabbat!”

Iemand vertel vir Johannes dat hy daardie arme man vroeër iewers ontmoet het. Sy naam is Simon, glo hier vir die Paasfees, iewers uit Afrika, die kêrel sê hy dink dis Sirene.

Wanneer hulle by die koppie aankom, sien Johannes ‘n paar van die vroue staan, ‘n bedremmelde hopie huilende vroue. Hy staan nader om te troos.

Johannes sien hoedat die soldaat die swaar hamer lig, en dan weerklink Jesus se kreet van pyn. Johannes krimp ineen. Hy druk sy ore toe om die angskrete te probeer blokkeer. As hy opkyk, merk hy dat daar alreeds twee kruise geplant is. Die twee manne moes seker iets verskrikliks gedoen het om só ‘n straf te verdien!

Tussen die twee misdadigers verrys die derde kruis stadig, die vloekhout waaraan Jesus, die Seun van die Heilige God vasgespyker is. Hoe verskriklik vernederend, om gereken te word saam met sondige mense wat verafsku is deur die samelewing, dink Johannes.

Dan hoor Johannes vir Jesus praat, waar Hy

stukkend geslaan aan die kruishout hang: "**Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!**" Wat hierdie mense aan Jesus gedoen het is in menslike taal absoluut onvergeeflik. Tóg pleit Jesus by die Vader om vergifnis vir hulle. Dit gaan Johannes se verstand te bowe!

En dan kom die soldate en beroof Hom van sy laaste bietjie menswaardigheid, wanneer hulle Sy klere vat. Hulle trek lootjies oor wie dit gaan kry. Dit terwyl die Jode daar staan en Hom spot en uitlag. Vir die Joodse Raadslede was dit 'n reuse oorwinning! 'n Oorwinning oor wat?

Johannes is bedroef tot die dood toe, maar terselfdertyd woedend. Van Jesus het hierdie volk niks anders gekry nie as liefde. Dag-vir-dag het Hy Hom afgesloof om talle siekes gesond te maak en duiwels uit te dryf en vir mense kos te gee. Hy het hulle geleer, en die liefde wat uit Hom gestraal het was oorweldigend. Tóg het hulle Hom verwerp op die mees walglike manier moontlik. Van die soldate kan 'n mens dit dalk verstaan, maar die Joodse volk vir wie Hy so baie gedoen het … dit is onverstaanbaar! Terwyl

die volk daar in veragting staan en toekyk, jou hulle geestelike leiers Hom uit en maak hulle ‘n bespotting van Hom deur na Hom te verwys as “**die Christus wat deur God uitverkies is**”. As hulle maar net geweet het hoe absoluut waar hulle bespotting was.......

Om sout in Jesus se wonde te vryf, koggel die soldate: “**As jy die koning van die Jode is, red jouself!**” Hoe verskriklik seer moet dit Hom nie maak nie! Net om nog so ’n laaste spyker in te slaan, word daar ’n haastige “amptelike” kennisgewing aan Sy kruis aangebring: “**Dit is die Koning van die Jode**”. Hieroor is die Jode nie gelukkig met hulle “bondgenote” nie, want hulle wil ten alle koste hulleself van Hom distansiëer.

Hoe ironies, dat die Joodse Godsdienstige leiers en die afgodsdienende Romeinse owerheid saamwerk om van Jesus ontslae te raak. Hulle skroom nie vir ‘n oomblik om die goddelose se hulp in te roep nie, en sodoende met die duiwel saam te werk teen die heilige Gesalfde van God.

Ons mag nooit, óóit vir ‘n enkele oomblik vergeet hoeveel Jesus opgeoffer het vir ons sondes nie.

Ons durf nie Jesus se opoffering sommer so aanvaar as iets wat maar net gebeur het nie. Ons is dúúr gekoop! En om daardie rede kan ons nie anders nie as om ‘n lewe van dankbaarheid te leef vir Hom wat so verskriklik baie vir ons gedoen het. Ons durf nie toelaat dat sonde ons lewe besoedel nie, maar die grootste is dat ons Jesus se liefde ten volle moet uitleef. Hy het die grootste liefdesdaad óóit gedoen, en die minste wat ek en jy kan doen, is om ‘n bietjie van daardie liefde terug te ploeg in ons verhouding met God en ons medemens.

**Gebed:**

**Here, U liefde vir my was so groot - hoe sal ek ooit iets daarvoor terug kan gee?**

# Jesus Sterf

## Lukas 23:44-49

Verslae staan Johannes saam met ‘n paar vroue, ‘n entjie van die kruis af. Die drie Maria’s is onder die groepie, Maria, Jesus se moeder, Maria, die vrou van Kleopas en Maria Magdalena. Skielik lig Jesus Sy kop en Hy kyk reguit vir die groepie. Sy oë rus op Sy moeder. Afgemete sê Hy vir haar: “Daar is u seun.” Sy oë draai na Johannes, en dan sê Jesus vir hom: “Daar is jou moeder.” Onmiddellik weet Johannes wat Jesus bedoel. Dan neem hy ‘n besluit, dat Maria van nou af in sy sorg sal wees. Sy sal vir hom soos ‘n eie moeder wees!

Skielik is die drie-ure lange duisternis wat hulle so pas beleef het vergete. Wat ‘n skrikwekkende ervaring! Sommer so uit die niet, sonder enige waarskuwing het die son verdwyn en almal in duister gehul. Jesus het hard uitgeroep: “**Eli, Eli, lemá sabagtani?**” - My God, My God, waarom het U my verlaat? Oral om hulle het mense van doods-angs gekerm. Maar Johannes het die vroue en die handjievol ander dissipels by hom


Gaan Na Inhoud

gerusgestel. God wou dalk simbolies hiermee sê dat Hy met die duisternis die lig van Sy teenwoordigheid van Sy volk onttrek het omdat hulle Sy Seun verwerp het! Johannes het geril by die blote gedagte dat God dalk gladnie eers op daardie tydstip daar by hulle teenwoordig was nie. Aaklige gedagte! Toe die lig uiteindelik weer na drie bitter lang ure verskyn het, het Johannes ‘n groot sug van verligting geslaak!

Skaars was die duister verby, of ‘n ander groot riller tref hulle daar by die kruis, toe die aarde begin skud en bewe. So erg was dit, dat selfs groot rotse flenters gebreek het.

Johannes sit sy arms vertroostend om Maria. Sy snik onbedaarlik. Dan kom daar ‘n beroering onder die mense, en Johannes merk die rou angs op baie gesigte. “Wat is aan die gang?” wil hy van iemand weet.

“Die voorhangsel!” hyg die kêrel. Met moeite kry Johannes uiteindelik die volle storie. Die voorhangsel in die tempel het skielik vanself middeldeur geskeur, nogal van bo na onder! Johannes raak yskoud. Dit kan maar net die hand van God wees!



Gaan Na Inhoud

“Wat nog?” wonder Johannes. “Wat gaan volgende gebeur?” Dit wil vir hom lyk asof daar net géén einde is aan hierdie verskriklike nagmerrie nie.

Dan sak daar ‘n doodse stilte neer. Jesus het Sy kop gelig, en dit lyk of Hy iets wil sê. “Ek is dors,” kom die skaars-hoorbare woorde. Een van die soldate druk ‘n spons in ‘n kan suurwyn en hou dit teen Jesus se lippe aan die punt van ‘n lang hisopstingel.

Johannes skrik as hy Jesus se gesig sien. Sy dierbare Meester se einde is nie ver nie!

Dan span Jesus Sy laaste kragte in om met ‘n harde stem uit te roep: “Dit is volbring!” en toe: “Vader, in U hande gee Ek my gees oor!”

Die volgende oomblik sien Johannes hoedat Jesus se liggaam verslap. Sy kop sak op Sy bors. Toe wéét Johannes: alles is genadiglik verby!

Hier naby hom staan ‘n geharde Romeinse offisier, wat seker al duisende mense sien sterf het. Hy is só aangegryp deur die gebeure dat hy God prys en verklaar dat Jesus waarlik onskuldig


Gaan Na Inhoud

was. “Hierdie man was waarlik die Seun van God!” is die soldaat se woorde.

Die mense wat daar saamdrom, is verslae. Johannes merk dat etlike mense met hulle vuiste op die bors slaan, ‘n teken van berou oor dit wat hulle toegelaat het om te gebeur. “Wat het ons tog gedoen?” hoor hy mense vir hulleself afvra. Dit is ‘n bitter donker dag vir die ganse Israel. Die volk van God het God verwerp, en nou het God getoon deur Sy wonderhandelinge dat Hy ook die volk verwerp het.

Jesus se vriende, Johannes, Petrus en die ander, was almal iewers daar naby. Op ‘n afstand het hulle al die verskriklike gebeure dopgehou. Hulle het alles gesien gebeur. Hulle was ooggetuies van God se handelinge en van Jesus se kruisiging en Sy dood. Op daardie oomblik het hulle nie geweet wat om daarmee te doen nie. Hulle was totaal verslae, alleen en bitter verward.

Maar later, toe die volle werklikheid eers tot hulle deurgedring het, nadat die Heilige Gees oor hulle uitgestort is, het hulle kragtige getuies geword. Hulle het die blye nuus van Jesus se


Gaan Na Inhoud

versoening en verlossing wêreldwyd verkondig. Hulle het dit wyd en syd uitbasuin. Ek en jy is vandag ook getuies van hierdie gebeure. Ons leer dit immers uit die wonderlike Woord van God, en ons het dus ook ‘n verantwoordelikheid om nie te swyg daaroor nie. As gelowiges is dit ons taak om die blye nuus van die Evangelie uit te basuin.

**Gebed:**

**Here, ek durf nie stilbly oor hierdie dinge nie - gee my die moed en ywer om te vertel.**

## 37

# Josef van Arimatea

## Lukas 23:50-56

Dit was die langste, droewigste Sabbat óóit in Johannes se ganse lewe. Na die vorige dag se nagmerrie het nie een van die manne kans gesien om weer terug te gaan na Getsemane om daar onder die bome te slaap nie. Boonop was Lasarus en sy twee susters, Martha en Maria só stukkend, dat die manne besluit het om daar in hulle huisie in Betanië te gaan oornag.

Van slaap was daar géén sprake nie. Almal het maar so op die vloer rondgesit, elkeen besig met sy eie gedagtes. Hulle het mekaar getroos, en dit was veral Maria, Jesus se moeder wat báie troos nodig gehad het.

In die vroeë oggendure sit Johannes met sy rug teen die muur met oë wat stokstyf voor hom kyk. Hy skud sy kop heftig, so asof hy die aaklige gedagtes wil probeer uitskud, maar dit wil nie werk nie. Elke riller- detail speel oor en oor voor hom af. 'n Droë traan rol oor sy wange. "Daar is darem één lid van die Joodse Raad met 'n goeie hart," verbreek hy die stilte.



Gaan Na Inhoud

Almal se koppe draai na hom toe. Petrus het ‘n groot vraagteken op sy gesig. “Josef,” sug Johannes. “Josef, die man uit Arimatea.”

Nadat Jesus gesterf het, het die bedremmelde groepie vroue en dissipels besluiteloos daar rondgestaan. Hulle het nie geweet wat om te doen nie. Meeste van hulle het troosteloos gehuil, veral die vroue. Selfs die ontembare Petrus het skaamteloos staan en snik.

Toe kom die soldaat. Hy het sy kop geskud in ongeloof. “Is Hy sowaar al dood?” Net om doodseker te maak, pluk hy sy swaard uit. Johannes het weggekyk, hy wou nie sien nie. Die soldaat het sy vlymskerp swaard in die lug gehou, en met een vinnige haal ‘n diep wond in Jesus se sy gesteek. As Jesus nog gelewe het, sou die bloed gespuit het, maar dit het nie. Bloed en water het stadig uit die wond uitgesypel. “Ja,” mompel die soldaat, “beslis dood!”

Maria was troosteloos. In ‘n stortvloed van trane het sy daar inmekaargesak terwyl sy aanmekaar haar Seun se Naam gesnik het.

“Wat gaan ons nou doen?” wonder Petrus. “Dink julle ons kan Hom nou maar gaan begrawe?”

Maar só maklik is dit nie. Jesus was ‘n “misdadiger” en dus was Hy die staat se “eiendom.” Dit sou beteken dat Hy saam met die ander gekruisigde misdadigers in die Gehinnomvallei op die ashoop sou beland en daar verbrand word. Johannes het na sy asem gesnak by die blote gedagte.

‘n Paar manne het na die soldaat toe gestap en by hom gesmeek om Jesus se liggaam te kry, sodat hulle Hom darem ‘n eerbare begrafnis kon gee, maar hy het net beslis sy kop geskud. Moedeloos is hulle weer terug na die groepie huilende vroue. Alles was verlore!

Intussen het aaklige gille deur die lug geklief, gille van pyn en angs. Die soldate was besig om met knuppels die ander twee gekruisigdes se bene splinters te slaan sodat hulle gouer kon sterf. Hulle móés daardie selfde middag nog dood en van die kruise verwyder word, want dit was amper Sabbat. En volgens die Joodse wette mag ‘n gekruisigde nie op die Sabbat steeds aan die vloekhout hang nie. Hulle doodsgille het deur murg en been gesny, en Johannes het sy ore toegedruk.

‘n Paar soldate het na Jesus se kruis toe aangekom en begin om die kruis te laat sak sodat hulle Hom kon afhaal. Een van die soldate het opgekyk en ‘n paar lelike vloekwoorde uitgespoeg: “Hier kom moeilikheid!”

Johannes het omgekyk. Haastig kom ‘n baie vername man reguit na hulle aangestap, saam met hom sy slaaf met ‘n groot sak vol goed op sy rug. “Wat sou hy wil hê?” het Johannes gewonder.

Die man hou ‘n briefie na die soldaat uit: “Opdrag van Goewerneur Pilatus!” blaf hy, pas nadat hulle die laaste spyker uitgetrek het.

Dan draai die man na die verdwaasde groepie dissipels: “Waar gaan julle Hom begrawe?”

Verbouereerd het hulle geantwoord dat hulle nie ‘n graf het nie. “Julle kan my nuwe graf gebruik,” bied hy aan. “En ek het sommer linne en ‘n klomp speserye ook saamgebring, net vir ingeval.”

Met monde wat oophang van verbasing, het hulle geluister hoedat hierdie man, Josef uit die dorpie Arimatea, sy lewe gewaag het om na Pilatus te gaan en toestemming te kry om Jesus

se liggaam te kry sodat hy Hom kon begrawe.

Hulle het Jesus haastig na Josef se graf gedra en in doeke toegedraai. Hulle was nét betyds klaar voor die Sabbat aangebreek het.

“Was dit nie vir Josef nie…..” dink Johannes. “Daardie man het nou vir homself ‘n klomp vyande gemaak in die Fariseërs!”

**Gebed:**

**Here, ek staan vanoggend weereens verwonderd as ek dink hoedat U elke keer op presies die regte oomblik ingegryp het. Ek kan maar net in aanbidding neerval voor U, Almagtige, Alwetende God.**

# Die Leë Graf

## Lukas 24:1-12

"Waar is julle drie so vroeg op pad heen?" wil Johannes weet toe daar nog donkeroggend 'n geskarrel is. Dit was die Sondagmôre nog bitter vroeg toe die drie vroue, Maria Magdalena, Johanna en Maria (Jakobus se ma) klaar aangetrek by Johannes verbyskuifel op pad uit.

"Ons gaan graf toe om te gaan doen wat ons Vrydagmiddag al wou gedoen het. Ons gaan ons Meester se lyk versorg."

Dit is tog so ironies, dat hulle alles gehoor het wat Hy gesê het, óók dat Hy op die derde dag sou opstaan, maar dit het nie ingesink nie. Só 'n groot wonderwerk was gans te groot vir hulle verstandjies, en dis terloops vandag steeds te groot vir 'n paar geleerde manne se verstandjies!

Johanna begin opnuut weer huil as hulle met reukolies en mirre by die deur uitloop op pad na Josef se graf wat hy so goedgunstiglik vir Jesus aangebied het.

En dan die verskriklike skok! Die klip is voor die



Gaan Na Inhoud

graf weggerol! Haastig hardloop hulle daarheen, en nog groter is die skok as hulle sien dat die graf leeg is. “Iemand het ons geliefde Meester se lyk gesteel!” maal dit deur hulle koppe. So groot is die skok, dat hulle nie eers die twee on-aardse wesens sien wat by die graf staan nie, manne met skitterblink klere aan.

Skielik merk die vroue die twee engele, en hulle skrik vir hulle skoon in ‘n ander geloof in. En toe verduidelik die engele omslagtig van Jesus se woorde: dat Hy immers vir hulle gesê het dat Hy sou sterf en dan weer sou opstaan. En dan begin hulle alles verstaan. Hulle onthou wat Jesus gesê het, en nou begin dit alles sin maak. Stadig val dit soos die blokkies van ‘n legkaart inmekaar. Baie haastig hardloop die vroue terug om hierdie wonderlike nuus vir die ander dissipels te gaan vertel.

‘n Bedremmelde hopie dissipels sit in Martha-hulle se huisie, onseker oor wat om nou te doen. Hulle voel soos ‘n trop skape wat hulle herder verloor het. Dan hoor hulle haastige voetstappe die paadjie opgehardloop kom. Twee van die vroue wat vroegoggend uit is graf toe, kom

uitasem en spierwit geskrik daar aangehardloop.

“Wat’s fout?” wil iemand nog weet, maar die twee babbel gelyk deurmekaar, en al wat die manne kan uitmaak is dat die graf leeg is en dat Jesus se lyk weg is. En so tussen al die gebabbel deur is daar iets van twee engele!

“Waar is Maria?” Johannes wonder waarom sy nie saam met die ander twee teruggekom het nie.

“Weet nie, sy het iewers in die tuin agtergeraak!”

Johannes-hulle kan stééds nie glo dat hierdie dinge werklik waar is nie, en hulle maak dit af as onsin. Dit is alles een groot droom wat in die vroumense se koppe afgespeel het. Jesus is dood! Hulle het dit tog sélf met hulle eie oë gesien! Hy is begrawe. Dis verby! Alles is een groot nagmerrie!

Vir een man het hierdie dinge nou hééltemal te veel geword. Petrus het só gewens dat dinge anders kon wees, sy verskriklike verraad….. Hierdie nuus van die vroue, hoe verregaande dit ookal mag klink, was vir Petrus ‘n opflikkerinkie van hoop. Haastig spring hy op en begin

hardloop na die graf toe. “Wag vir my!” skree Johannes, en hy hardloop agterna.

Die jonger Johannes steek Petrus gou verby. By die graf steek hy verbysterd in sy spore vas. “Dan is dit tóg waar!” Verslae staan hy daar en staar. Al hygende kom Petrus aangehardloop. Vir ‘n oomblik huiwer hy, dan buk hy en storm in die graf in.

Binne sien hy die doeke lê, die doeke wat Josef spesiaal gaan koop het om Jesus in toe te draai. Verder is daar niks, géén liggaam nie. Niemand sal tog so mal wees om ‘n lyk te steel, en die doeke waarin dit toegedraai is net daar los nie!

Uitasem hardloop die twee terug om die nuus met die ander te gaan deel. Hulle weet nog nie mooi wat om hiermee te maak nie. Dit is hééltemal te groot om te begryp. Waar is hulle Meester? Al wat hulle wél weet is dat Jesus nie dood is nie: Hy léwe! Hy het wáárlik opgestaan!

Raak jy nog opgewonde oor Jesus se opstanding? Is Paas Sondag nog vir jou ‘n dag van jubeling en borrelende blydskap? Baie mense is vandag skepties oor hierdie gebeure, maar die feit is dat niemand, nie eers die

heidene nie, praat van “oorlede” Jesus nie. Hiermee word selfs die mees skeptiese persoon gedwing om te erken dat Jesus lééf, en dat Hy waarlik opgestaan het. Vir ons gelowiges beteken dit nog soveel meer, want dit beteken dat Jesus, soos Hy belowe het, vandag, hier en nou, by ons is!

**Gebed:**

**Dankie, dankie, dankie Jesus, dat U gedoen het soos U belowe het, en dat U nie alleen lewe nie maar ‘n lewende verhouding met ons het.**

# Die Emmaus Verhaal

# Lukas 24:1-35

Daar heers ‘n groot opgewondenheid onder Johannes en sy mede-volgelinge van Jesus. Sondagaand het al aangebreek, en steeds koek die klomp bymekaar in Martha-hulle se huisie. Almal is daar, buiten Thomas. Hy was baie skepties oor dít wat die vroue vertel het. Selfs aan Petrus en Johannes se storie, het hy baie langtand gekou, voordat hy dit uitgespoeg het. En toe loop hy! Hy het beter dinge gehad om te doen!

Het Thomas maar ‘n bietjie langer gewag, dan het hy dalk Maria se asemrowende storie gehoor. Dan sou hy dalk anders oor die saak gevoel het!

Ja, skaars het Thomas om die draai verdwyn, of Maria kom uitasem daar aangehardloop. Haar gesig het gegloei van pure opwinding. “Ek het Hom gesien! Ek het Hom gesien!” is al wat sy kon uitkry.

“Wie het jy gesien?” Johannes is nou baie nuuskierig.



Gaan Na Inhoud

Eers nadat hulle vir Maria ‘n beker water ingegee het, raak sy ‘n bietjie rustig, en kon sy haar ongelooflike verhaal vertel: “Toe die ander twee huistoe hardloop, het ek nog ‘n bietjie daar in die tuin rondgeloop. Ek wou probeer sinmaak van al die dinge. En toe, terwyl ek daar doelloos ronddwaal, sien ek ‘n man aangestap kom. Ek kon nie sien wie dit was nie, my oë was skoon dof gehuil. Ek dog dis die tuinier wat dinge daar by die grafte netjies hou. Ek was moedeloos, en toe sommer in die ingewing van die oomblik vra ek hom of hy nie dalk weet wat van Jesus se liggaam geword het nie. Ek wou weet of hy dit dalk gevat het en iewers anders gaan wegsteek het. Ek het vir hom gesê dat ek nie omgee om die liggaam sélf te gaan haal nie! En toe…….”

Trane stroom oor Maria se gesig, en haar stem raak weg van aandoening.

“En toe wat?” Nou is Johannes baie ongeduldig. Kan die tante dan nie haar praat klaarpraat nie?

Wanneer Maria weer haar stem terugkry, gaan sy voort: “En toe sê Hy vir my: ‘Maria!’ En toe wéét ek! Ek het dadelik Sy stem herken!”

“Wie se stem, Maria? Wie s’n?” Johannes kan

nou nie meer sy ongeduld beteuel nie.

“Die Meester s’n! Jesus!”

Asems word verbaas ingetrek: “Jy het Hom sélf gesien? Met jou eie twee oë?”

“Toe ek opkyk na Sy gesig, het ek Hom dadelik herken. Ek sê julle nou, Hy leef! Hy het uit daardie graf opgestaan, nés die twee engele vir ons gesê het!”

‘n Opgewonde ruising het deur die vertrek gegaan terwyl almal gelyk gepraat het. “Maar daar is meer!” maak Maria hulle stil. “Hy het vir my ‘n boodskap gegee om aan julle oor te dra. Hy het gesê dat ek vir julle, Sy broers moet sê dat julle na Galilea toe moet gaan en daar vir Hom gaan wag. Hy sal julle daar sien.”

Terwyl die aandskemering oor hulle daal, herkou Johannes weer aan al die dinge wat die Sondag gebeur het. Die leë graf, Maria Magdalena se storie. Alles is net een te veel vir hom.

Dan skielik is daar ‘n dringende gehamer aan die deur. Johannes vlieg verskrik op en gaan maak oop. Twee manne staan daar, Kleopas en sy maat, uitasem gehardloop, en met stralende gesigte. Almal spring op om te kom kyk waaroor

die geraas gaan. “Ons het Hom gesien!” hyg die manne. En dan begin hulle opgewonde vertel.

Daardie oggend was hulle op pad na Emmaus, toe daar skielik iemand by hulle aangesluit het. Hulle het Hom gladnie herken nie. En toe begin Hy met hulle gesels en Hy verduidelik alles van Jesus se kruisiging en Sy begrafnis en dat Hy opgestaan het. Hulle monde het oopgehang, want Hy het alles uit die Skrif vir hulle aangehaal. Hulle het Hom later uitgenooi om saam met hulle te kom eet. En dit is daar, tewyl hulle eet, toe hulle Hom herken, Jesus! Dit was asof skille van hulle oë afgeval het, en eers tóé sien hulle wie dit werklik was wat al die pad saam met hulle geloop het!

En toe verdwyn Hy! Hulle het dadelik opgespring en al die pad teruggehardloop na Jerusalem om die nuus te kom oorvertel. “Hy leef! Hy het waarlik opgestaan!” borrel die twee manne.

Johannes skud sy kop heftig om sy gedagtes te probeer regruk. Die volgende oomblik hoor hulle die bekende, vriendelike stem van Jesus tussen hulle: “Vrede vir julle!” En daar staan Hy! In lewende lywe staan Jesus tussen hulle.

Johannes-hulle het al die goed van die dag beleef en gehoor, maar steeds is dit so verskriklik onwerklik. Net drie dae tevore het hulle Hom sélf daar aan die kruis sien hang, en het hulle met hulle eie oë aanskou hoe Hy dood is. En nou staan Hy hier saam met hulle! Johannes en sy maats bewe van angs! (Word vervolg!)

**Gebed:**

**Here, ek is vanoggend saam met die Emmausgangers opgewonde oor U opstanding. Jesus leef waarlik! Ek wil dit uitskreeu vir die ganse wêreld!**

40

# Jesus se Verskyning

# Lukas 24:36-49

Vir die sóveelste keer die naweek, skud Johannes sy kop heftig om dood-dóód seker te maak dat hy nie besig is om te droom nie. Alles voel vir hom so verskriklik onwerklik! Kleopas en sy maat het minute gelede nog hier ingestorm om te vertel dat hulle Jesus iewers langs die pad raakgeloop het. Die deur is agter hulle gesluit, want hulle is bang vir moontlike vervolging.

Terwyl hulle nog besig is om oor hierdie dinge te gesels, hoor hulle die bekende, vriendelike stem van Jesus tussen hulle: “Vrede vir julle!” En daar staan Hy! In lewende lywe staan Jesus tussen hulle. Is dit werklik? Is dit nie dalk maar ‘n versinsel van hulle gedagtes nie? Petrus en Maria Magdalena het beweer dat hulle alreeds vir Jesus gesien het, en Kleopas-hulle het ‘n middag saam met Hom deurgebring, maar steeds is dit so verskriklik onwerklik. Net drie dae tevore het hulle Hom sélf daar aan die kruis sien hang, en het hulle met hulle eie oë aanskou hoe Hy dood is. En nou staan Hy hier saam met

hulle! Is dit ‘n Gees? Almal bewe van angs!

Jesus het maar al te goed verstaan hoe hulle moes voel, want hier het hulle skielik die wêreld van die totaal-onbekende betree. En vir enige mens sou dit skrikwekkend wees. Daarom stel Hy hulle gerus, en Hy verseker hulle dat Hy nog presies dieselfde Jesus is wat hulle onthou, dat Hy steeds ‘n liggaam het waaraan hulle kan vat. Hy eet selfs voor hulle oë ‘n stukkie gebakte vis. Geen spook is tot sulke dinge in staat nie!

Dan begin Jesus vir hulle te verduidelik van die volle betekenis van alles wat hulle die afgelope paar dae beleef het. Hy verduidelik waarom Hy móés sterf, om te betaal vir hulle sondes, en waarom Hy weer moes opstaan uit die dood. Nie alleen gee Jesus ‘n kort verduideliking nie, maar Hy wys hulle uit die Skrif waar al hierdie dinge haarfyn voorspel is deur die verskillende profete. Die verhaal van Jesus loop soos ‘n goue draad regdeur die ganse Ou Testament, van die eerste hoofstuk in Genesis met die skeppingsverhaal tot met die heel laaste boek.

As ons met oop oë die Ou Testament lees, sal ons Jesus duidelik daarin herken! Ds. Danie

Haasbroek het ‘n boek geskryf met die titel: “Die Wonder van Jesus in die Ou Testament,” waar hy die sluier lig oor Jesus. Jesus kom nie alleen in profesiëe voor nie, maar soms het Hy ook Persoonlik in die Ou Testament aan mense verskyn.

In die drie jaar wat Johannes en die ander dissipels saam met Jesus was, kon hulle steeds nie verstaan waaroor dit alles gegaan het nie. As hulle geweet het, sou hulle dinge dalk baie anders benader het, en dit sou Jesus se versoeningswerk in die wiele gery het.

Maar nou is Sy werk afgehandel. Nou maak Hy hulle verstand oop sodat hulle kan begryp. Skielik is dit asof ‘n helder lig vir Johannes opgaan. Vir die eerste keer verstaan hy nou van die vergewing van sondes en Jesus se versoening en alles wat Jesus nog die hele tyd vir hulle gesê het.

Maar dan verduidelik Jesus ook dat alles nog nie hééltemal klaar afgehandel is nie, en dat daar ‘n wonderlike verrassing op hulle wag. Hy gaan vir hulle ‘n “Gawe” gee, maar daarvoor moet hulle geduldig hier in Jerusalem kom wag.

Dan onthou Johannes van die boodskap wat Maria Magdalena hulle kom gee het van Jesus, dat hulle eers na Galilea toe moet gaan. Johannes wonder wat daar gaan gebeur? Eers daarna moet hulle weer terugkom Jerusalem toe.

Johannes het nooit in sy wildste drome kon dink wat die geweldige omvang van hierdie "Gawe" sou wees waarvan Jesus praat nie. Daardie beloofde "Gawe" is op Pinksterdag aan die dissipels uitgedeel, dié dag toe die Heilige Gees in volle glorie die harte en lewens van almal daar teenwoordig kom vervul het, en hulle toegerus het met ongekende en onbeperkte krag en wysheid. Hy het lewens totaal kom verander en opgehef tot groot hoogtes. Maar dit is 'n verhaal vir 'n ander dag!

Die wonder is dat daardie selfde Heilige Gees vandag steeds met ons as gelowiges is, en dat Hy ons vandag steeds toerus en vul met presies dieselfde krag en wysheid wat die gelowiges daardie tyd ondervind het.

Die klein handjievol mense wat daardie aand bymekaar was, was op die punt om moedeloos uitmekaar te spat. Kleopas-hulle was al klaar op

pad, en ons weet ook dat Thomas daardie aand ook alreeds nie meer by was nie. Jesus het egter ‘n verskil kom maak, en skielik het hulle nuwe hoop gekry. Dit is ook die soort reaksie wat my en jou lewe moet uitlok, dat ons entoesiasme oor Jesus so aansteeklik sal wees dat almal sal wil meedoen.

**Gebed:**

**Here, dankie dat Jesus in my lewe gekom het en ‘n verskil gemaak het. Help my om dit entoesiasties uit te leef.**

41

## Vissers van Mense

## Johannes 21:1-14

Opgewonde het die handjievol volgelinge vroeg die oggend in die pad geval na Galilea. Die vraag op almal se lippe was, wat daar op hulle sou wag? Ja, selfs Thomas was onder die groep, nadat hy so geskitter het in sy afwesigheid die aand toe Jesus aan hulle verskyn het. “Ek sal dit nooit as te nimmer glo nie!” was sy woorde. En toe verskyn Jesus ook aan hom. Dit was 'n totale ommekeer in die ongelowige Thomas se lewe!

Na 'n lang, vermoeiende reis het hulle in Galilea aangekom, en toe wag hulle. En niks gebeur nie!

Een middag laat, spring Petrus skielik op: “Ek’s verveeld! Ek gaan visvang, wie kom saam?”

“Ekke!” Johannes is die eerste om op te spring. Hy is opgewonde, want ten minste gaan hulle iets doen!

Sommer gou-gou het Petrus ‘n gewillige bemanning. “Vannag gaan ons róér onder die blinklywe!”

Maar dinge verloop nie soos beplan nie, want



Gaan Na Inhoud

soos wat dit maar met menige hengelekspedisie gaan, kom hulle baie bedroë daarvan af. Die ganse nag se harde arbeid lewer nie eers een enkele ou sardientjie op nie. Petrus is moedeloos. Alles in die lewe loop vir hom skeef. Niks maak meer sin nie. Hy, die groot visserman, die een wat oral leiding neem - sy wêreld het inmekaar getuimel. Elke keer as hy dink dat hy nou héél bo is, dan kom hy weer hard terug aarde toe. Toe hy vir Jesus sê dat hy Hom nooit sou verlaat nie, het hy dit eerlik bedoel, maar Jesus het vir hom gesê dat hy sy Meester sou verloën. Hoe verskriklik spook daardie nag nie steeds by hom nie, die nag toe hy wat Petrus is soos ‘n bang hond moes wegkruip sodat mense hom nie dalk sou herken nie. Drie maal daardie nag moes hy lieg, en dit nogal vir ‘n simpel diensmeisie. En toe verloor hy alles wat vir hom in die lewe saakgemaak het, toe hulle sy Meester daar aan die kruis vermoor.

Met Johannes gaan dit ook nie veel beter nie. Hy het mos by Pa Sebedeus, die héél beste leermeester geleer visvang, maar nou kan hy nie eers meer ‘n enkele ou vissie in die hande kry nie!

Dan gebeur die wonderwerk. In die vroeë oggendskemer sien Johannes iemand op die strand. Die “Persoon” skree vir hulle dat hulle die net aan die anderkant van die skuit moet uitgooi. “Wat sal dit nou help?” brom Johannes. “As daar nie visse links is nie sal daar ook nie regs wees nie!” Maar Petrus besluit om maar te doen wat die man sê. Wat het hulle nou om te verloor? Skaars is die net in die water, of dit wemel van visse, nie sommer net sardientjies nie, maar gróót visse! En dan skielik dring die besef deur tot Johannes dat dit niemand anders is nie, as Jesus wat op die strand staan. Tot sy verbasing sien hy hoedat Petrus sy hemp haastig aantrek en in die see spring en strand toe swem.

Skielik kry Johannes sommer nuwe respek vir sy groot, rowwe vriend Petrus. Die ding met sy verloëning het sy ou vriend baie hard geslaan, en hy kon sien hoedat Petrus die afgelope weke wegkwyn. Maar nou het Johannes weer die óú vuur in Petrus se oë gesien toe hy in die water spring. Ja, die Rots is terug!

Wanneer die moeë manne uiteindelik die swaar skuit op die strand uitsleep, tref hulle vir Petrus aan waar hy rustig saam met Jesus langs 'n

vuurtjie sit. Met groot moeite sleep hulle die net met sy 153 groot visse in op die sand uit.

Inderdaad het Johannes daardie oggend geleer dat om op jou eie krag vis te vang, jou niks in die sak bring nie. Met Jesus saam kan jy baie visse vang. Jesus het dit ook vir hulle verduidelik dat hierdie visse in die see nie is wat Hy in gedagte het vir hulle nie, maar dat hulle vir Jesus visse van mense sal vang in oorvloed. Hierdie ou paartjies wat hulle op die strand uitgesleep het is nog niks teen die magdom van mense-visse wat daar gevang sou word nie. Ja, op Pinksterdag alleen was die vangs drie duisend!

Ons is ook vissers. Hierdie verhaal leer ons egter ‘n baie kosbare les. Waarom is dit dat ons beste evangelisasiepogings dikwels ‘n totale mislukking is? Al ons beplanning en al ons harde werk lewer dikwels absoluut niks op nie. Johannes-hulle moes op die harde manier leer dat hulle op sy eie stoom nêrens kon kom nie. Die oomblik toe die Here bykom, was daar sukses.

Op Pinksterdag het die groot wonderwerk gebeur, toe Jesus die Heilige Gees aan Sy kerk

gegee het. Dit was nie net vir die mense van daardie tyd bedoel nie, maar vir die kerk deur die eeue, ook vir ons vandag. Deur die Heilige Gees, beleef ons vandag dieselfde krag van Jesus as wat Johannes en Petrus dit destyds beleef het. Hy is in elke gelowige. Die groot geheim is om Hom net die kans te gee in jou lewe. Die geheim is egter, dat hoe nader jy aan God leef, hoe meer gee jy die Heilige Gees geleentheid om jou lewe te beheer. Hoe minder sonde daar in jou lewe is, hoe meer plek is daar vir Hom.

**Gebed:**

**Here, dankie dat U Heilige Gees in my woon. Help my asseblief om so te leef dat Hy baie plek in my lewe het.**

# 42

## Uitgestuur

## Matteus 28:16-20

Opgewonde loop die groepie teen die berg op in Galilea. Die oggend daar op die strand na die groot visvangs, het Jesus ‘n afspraak met hulle gemaak om hulle hier op die berg te kom ontmoet. Hulle kon sien dat dit ‘n baie belangrike saak was, maar Hy wou nie ‘n woord rep oor wat sou gebeur nie.

Johannes voel ‘n knop op sy maag van pure senuwees. Hy kry ‘n vae gevoel dat hier vandag iets baie, baie groot gaan gebeur. Wanneer hulle bo kom, mis Johannes se hart ‘n paar slae. Op ‘n klip sit Jesus vir hulle en wag, ‘n innemende glimlag op Sy gesig. Hy is inderdáád die Opgestane Here! Alhoewel Jesus alreeds etlike kere oor die afgelope veertig dae sedert Sy opstanding aan hulle verskyn het, kon hulle maar net nie aan die gedagte gewoond raak dat Jesus waarlik opgestaan het nie. Daar was selfs ‘n paar van hulle wat ernstig getwyfel het. Dink maar aan Thomas. Hulle is egter almal nou deeglik bewus dat Jesus die Seun van God is.



Gaan Na Inhoud

Wanneer Johannes nou vir Jesus sien, besef hy maar al te deeglik Wie Jesus werklik is, en hy val voor Hom neer en aanbid Hom. Die res doen dieselfde.

Jesus het vir oulaas ‘n laaste aankondiging vir die elftal. Wat Johannes daar uit Jesus se mond hoor, is ‘n volmagsaankondiging, ‘n opdrag en ‘n belofte.

Oor die afgelope drie jaar het Johannes telkens vir Jesus hoor sê dat alle mag aan Hom behoort. Hier kom bevestig Jesus dit maar net weer ‘n slag: álle mag behoort aan Hom! Dit is dus met outoriteit dat Hy hulle die opdrag gee.

Jesus se opdrag is vierledig: gaan, maak dissipels, doop en leer. In kort, ‘n sendingopdrag. Die opdrag is dus om die wye wêreld in te gaan en wêreldwyd die Evangelie van Jesus Christus te vestig, die sakrament van die doop te bedien aan die nuwe gelowiges. Hulle moet hierdie nuwe gelowiges dan opleiding gee sodat hulle weer dieselfde kan doen, asook vir God met oorgawe dien. Wanneer Jesus sê: “maak dissipels”, is die bedoeling nie alleen om mense na Hom te lei nie. Dit is egter baie belangrik dat Johannes-hulle deeglik moet besef dat hierdie

bekeerlinge opgelei moet word sodat hulle ware dissipels sal word, wat op hulle beurt weer uitgaan om dissipels, oftewel werkers vir die Koninkryk te werf en op te lei.

Dan gee Jesus vir hulle boonop ‘n wonderlike belofte, dat Hy by hulle sal wees tot aan die voleinding van die wêreld.

Vandag, tweeduisend jaar later, het die Kerk baie aanslae beleef. Islam probeer baie hard om die kerk te verswelg; Hindoeïsme verkondig dat dit nie saak maak watter God jy dien nie, en Jesus kan maar saam met al die ander aanbid word; Bhuddisme sê dat jy gladnie eers ‘n God hoef te hê nie, solank jy net goed leef. En so kan ons aangaan. Daar is meer as ‘n duisend verskillende godsdienste wêreldwyd. Ten spyte van al hierdie teenslae het Jesus Christus se kerk gegroei tot die heel grootste van al die godsdienste.

Alles het begin by elf manne wat gewillig was ten spyte van hulle ongeloof en onbekwaamheid. Jesus het vir hulle die nodige geloof gegee, en die Heilige Gees het hulle bekwaam gemaak. Die groot geheim was dat hulle bekeerlinge nie maar net saam kom aanbid het nie. Hulle het

egter daardie opdrag met groot ywer verder geneem, toegerus deur dieselfde Heilige Gees. Meeste Christen-gelowiges het vandag “lui” geword, en sit maar net soos ‘n spons en absorbeer al die mooi dinge wat na hulle kant toe kom. Jesus se opdrag om uitgestuurdes te wees, geld egter vir elke Christen. Ek en jy het vandag presies dieselfde taak as die elf manne daar op die berg, om die Evangelie uit te dra na die wêreld en dissipels te maak. Omstandighede het natuurlik geweldig verander, maar vandag het ons die wonderlikste middele om die blye boodskap te kan uitdra, internet, whatsapp, radio en nog baie ander. Daar is organisasies soos Geopende Deure wat Bybels in plekke smokkel waar die Woord verbode is. Jesus se opdrag aan jou vanoggend is om betrokke te raak.

Hoe kan ek betrokke raak? Hoe kan ek ook ‘n “uitgestuurde” word?

Stuur hierdie dagstukkies aan ander, of as dit moeilik is, stuur vir my die adresse of selfoon nommers, en ek sal dit namens jou aanstuur. Terloops, baie dankie vir diegene wat gereeld vir my adresse en nommers stuur van nuwe intekenare op die dagstukkies. Raak betrokke by


Gaan Na Inhoud

‘n sendingorganisasie soos Geopende Deure, die Christelike Seemansorganisasie, Operasie Mobilisasie of waar die Gees jou ookal lei. Leef Jesus se liefde uit in jou daaglikse lewe. Raak betrokke in jou eie gemeente. Spoor jou gemeente aan om betrokke te raak by sendingwerk indien hulle nie reeds is nie. Wees kreatief! As jy gewillig is, sal die geleenthede en deure vir jou oopgaan.

**Gebed:**

**Here Jesus, ek stel myself vandag tot U beskikking. Wys my asseblief waarheen U my wil stuur of waar U my wil gebruik. Dankie vir daardie wonderlike belofte dat U by my is vir ewig en altyd.**

43

# Wag op die Gees

## Handelinge 1:9-26

‘n Benoude gevoel omklem Johannes se hart as hy luister na Jesus se opdragte, daar op die berg. Dit voel so al vir hom asof dit Sy laaste opdragte is! Johannes herkou weer aan die opdrag, dat hulle Sy getuies oor die hele wêreld moet wees. Hulle moet dissipels van al die nasies gaan maak! Beteken dit dan óók die heidene, en selfs die Samaritane?

Terwyl Johannes nog so sit en tob oor daardie moeilike opdrag, is daar skielik ‘n wolk wat afdaal na hulle, en terwyl hulle almal toekyk, word Jesus in heerlikheid weggevoer op hierdie wolk, die hemel in.

Jesus is weg! Wat nou? Maar hulle word teruggeroep na die werklikheid wanneer twee “manne in wit klere” skielik uit die niet verskyn en hier by hulle kom staan. Engele uit die hemelse wêreld, wat vir hulle kom vertel dat Jesus net so weer sal terugkeer soos wat hulle Hom sien vertrek het.

Johannes het hom yskoud geskrik! Nou het dit

egter tyd geword om die werklikheid in die gesig te staar, hulle moet begin herorganiseer. Hulle vertrek dadelik na Jerusalem, waar hulle vir die volgende weke gereeld by die tempel bymekaarkom. Een Sondag is die elf apostels in die bo-vertrek van ‘n huis bymekaar. Saam met hulle is ‘n aantal vroue, onder wie Maria, Jesus se ma, asook Jesus se broers. Hulle was aanvanklik baie skepties oor Jesus, maar na Sy kruisiging en opstanding het hulle tot nuwe insigte gekom. Hierdie groepie se getalle het gou aangegroei tot sowat 120 mense.

Onder leiding van Petrus en Johannes het die geesdriftige groep Jesus-volgelinge baie tyd saam in gebed deurgebring. Hulle was in opgewonde afwagting op die groot gebeurtenis waarvan Jesus hulle vertel het.

Petrus neem die inisiatief om ‘n ander apostel in Judas se plek te kies. Die getal twaalf is simbolies van die twaalf stamme van Israel, en hiermee word die hele Israel verteenwoordig. Eintlik gaan dit veel verder, want in hierdie twaalftal word die ganse “Nuwe Israel” verteenwoordig, dit wil sê, almal wat in Jesus glo. Petrus verduidelik vir die splinternuwe

gemeente dat hierdie ding met Judas móés gebeur, want God het dit so bepaal.

Dit laat ‘n mens met vrae, en ek het al dikwels die vraag gehoor: “Het God dan vir Judas twyfel en ongeloof gegee sodat hy Jesus sou verraai?” Nee, baie beslis nie! Dit is nie in God se aard om iemand doelbewus van sy geloof te beroof nie. My persoonlike mening is, dat Jesus vooruit geweet het dat Judas met daardie duistere dinge in sy hart rondloop. Iemand uit Jesus se binnekring móés Hom verraai, en daarom het Hy doelbewus vir Judas as apostel gekies, wel wetende dat Judas onbetroubaar was, en dat hy ander motiewe gehad het. Dit moes vir Jesus bitter gewees het om vir ‘n volle drie jaar ‘n intieme verhouding met iemand aan te knoop, terwyl Hy deeglik bewus was van wat Judas aan Hom sou doen.

Om Judas dus as ‘n “onskuldige slagoffer van omstandighede” te sien, is totaal verkeerd. Hy was van die begin af korrup, en hy het baie goed geweet wat hy doen. Selfs sy mede-apostels het hom gewantrou, want hy het hulle geldsake hanteer, en hulle het vermoed dat hy van die geld gesteel het.

Maar nou is hierdie onsmaaklikheid agter die rug, en ‘n nuwe man moet in Judas se plek aangestel word. Twee manne staan as sterk kandidate: Josef, met die bynaam Barsabbas, wat letterlik beteken “Seun van die Sabbat,” waarskynlik omdat hy op ‘n Sabbatdag gebore is, en die ander kandidaat: Mattias. Hulle trek lootjies en Mattias word aangewys as die nuwe apostel. Hy was van die begin af een van Jesus se volgelinge, en het die volle pad gestap van dag een af, toe Jesus gedoop is tot met Jesus se hemelvaart. Mattias was dus ‘n waardige apostel.

Alles was nou gereed vir die koms van die Heilige Gees. ‘n Handjievol (120) begeesterde mense wat biddend gewag het, net soos Jesus hulle beveel het, was daardie Sondag bymekaar in die bovertrek in Jerusalem. Maar wat kan so ‘n klein ou groepie mense uitrig in ‘n wrede, bose wêreld wat dreig om hulle te verswelg?

Moontlik voel jy vandag presies dieselfde, as jy in jou gemeente sit met net ‘n klein handjievol mense wat bereid is om op te staan vir Jesus. ‘n Mens voel so verskriklik magteloos teen die oormag van die wrede wêreld. Jy sien die golwe

van die heidendom wat op jou afstorm - Ateïsme, Satanisme, Islam en die massas mense wat die naam Christen dra, maar totaal ongelowig is! En jy wonder waar jou krag vandaan gaan kom.

Maar daar is wonderlike nuus: die Heilige Gees is eenmaal uitgestort sodat ek en jy ‘n oorwinningslewe kan hê, ook in hierdie op die oog af hopelose situasies. More lees ons DV van hierdie gebeurtenis.

**Gebed:**

**Here, wanneer dinge dikwels ook vir my so hopeloos lyk - rig my oog op die wonderbare krag van die Heilige Gees, en die troostende belofte wat Jesus met Sy hemelvaart gegee het, dat Hy elke dag by my sal wees. Dankie Here!**



Gaan Na Inhoud

# Vuur uit die Hemel

## Handelinge 2:1-13

Vir Johannes, nes die ander gelowiges van Jerusalem, is dit ‘n baie spesiale dag. Hulle is almal bymekaar in die bovertrek van ‘n huis. Dit is natuurlik Pinksterdag, ‘n baie belangrike Joodse feesdag. Boonop is dit Sondag, die dag waarop Jesus uit die dood opgestaan het. Pinksterdag vind altyd plaas op die vyftigste dag na die eerste Sondag wat direk na die Joodse Pasga plaasgevind het. Dit het dus altyd op ‘n Sondag geval.

Johannes, Petrus en die ander gelowiges, 120 van hulle, is bymekaar, maar die idee van ‘n oesfees (wat die Jode vier) kom nie eers in hulle gedagtes op nie. Hulle wag steeds biddend op die groot gebeurtenis waarvan Jesus gepraat het.

‘n Ongemaklike stilte heers. Wanneer gaan dit gebeur? Wat gáán gebeur? Niemand weet nie, hulle kan maar net gis. Maar nie één van hulle was voorbereid op die asemrowende, gebeurtenis wat op hulle gewag het nie. In sy



Gaan Na Inhoud

wildste drome kon Johannes nie voorspel wat daardie dag met hulle sou gebeur nie!

Uit die bloute kom daar skielik ‘n on-aardse geluid: ‘n geweldige stormwind wat uit die hemel neerdaal, al harder en harder. Dit pyl direk op die gebou af waarin hulle sit. Maar as die “wind” hulle tref, is daar géén wind nie, net daardie geweldige geluid. Johannes se hart gaan wild aan die bons: Wat kan dit wees? Die geluid vul die vertrek waarin hulle bymekaar is.

Van regoor die stad kom mense aangehardloop om te kom kyk wat aan die gang is. Jerusalem wil uit haar nate bars van besoekers van regoor die wêreld wat gekom het vir die Pinksterfees. En nou is daar iets baie opwindend besig om te gebeur! Duisende besoekers stroom na die oorsprong van die eienaardige stormgeluid, die gebou waar die handjievol gelowiges minute gelede nog besig was om te bid.

As hulle uitasem daar aankom, moet hulle tot hulle verbasing sien dat daar nie eers ‘n luggie trek nie. Maar dit is nie al nie: voor hulle verbaasde oë daal daar ‘n geweldige vuurvlam uit die hemel neer, reg op die bokamer af. Dan verdeel die vuur, en sprei uit na elkeen van die

gelowiges daar binne. Die skare is oorbluf! Hulle kan nie glo wat hulle sien nie! Wat hier besig is om te gebeur kan maar net ‘n Goddelike verskynsel wees! Uit die geskiedenis weet hulle dat God al aan verskeie mense verskyn het in die vorm van vuur of soms ook ‘n stormwind: Moses het God vir die eerste keer so gesien in die brandende doringbos, en tydens die uittog uit Egipte was dit ook God wat in die wolk- en vuurkolom was. En wat van Karmelberg? Daar waar God se vuur uit die hemel neergedaal het en Elia se offer verteer het! Is hierdie wind en vuur wat hulle nou beleef nie dalk God wat uit die hemel neerdaal nie? Baie van die nuuskieriges is met groot ontsag gevul.

Maar dan gebeur daar nóg ‘n wonderwerk wat die skare, wat nou alreeds in hulle duisende daar saamdrom, se asems skoon wegslaan: Die gelowiges op wie die vuurtonge gaan sit het, begin om God te loof, en te praat oor die groot dinge wat God gedoen het. Die wonder is egter dat hierdie mense almal in verskillende tale praat! Nie ‘n vreemde, onverstaanbare nie, maar verstaanbare tale van al die lande in die bekende wêreld, asook verskeie dialekte. Elke

persoon hoor die boodskap in sy eie taal, maak nie saak waarvandaan hy kom nie!

Die bedremmelde groepie gelowiges wat dae gelede nog verlore weggekruip het agter geslote deure, is nou skielik vreeslose predikers wat hulle geloof aan die wye wêreld verkondig. Die skare is in verwondering! Die platform is geskep vir nog véél groter dinge om te kom, hierdie is maar net die begin! Op watter wyse gaan God dit verder voer? Gaan die skare gunstig reageer op wat nou hier gebeur het? Gaan dit nie dalk maar net 'n "vertoning" wees wat hulle môre of oormôre weer gaan vergeet nie?

Inderdaad is daar skeptiese mense wat die gelowiges uitlag: "Hulle is dronk!" Só word hierdie wonderwerk van God bespot. Maar hulle het nie met God rekening gehou nie! Wat hier gebeur het, is dat die kerk van daardie dag af die Heilige Gees se nuwe en permanente "aardse adres" geword het. Elke gelowige is dus met reg 'n tempel van die Heilige Gees. Elkeen wat toelaat dat die Gees sy lewe beheer, sit met 'n ongekende krag in hom wat berge kan versit. Die gelowiges van Pinksterdag het reeds getoon watter verskil die Heilige Gees in 'n mens se

lewe kan maak. Oor die volgende klompie jare sou hierdie handjievol mense se getalle letterlik ontplof in ‘n onstuitbare tsoenami van geloof wat oor die hele wêreld sou spoel.

Skielik staan Petrus op en tree na vore, en saam met hom Johannes en die ander tien apostels. Petrus voer die woord en begin vir die skare vertel wat die betekenis van al hierdie asemrowende gebeure is.

Dalk wil jy ook nou weet wat jy moet doen? Die Heilige Gees woon alreeds in jou as jy gelowig is. Gee Hom die kans om beheer van jou lewe oor te neem, en jy sal verbaas wees oor die resultate.

**Gebed:**

**Heilige Gees, neem asseblief vandag volle beheer oor my lewe. Gebruik my asseblief in U diens om God se Koninkryk uit te dra.**



Gaan Na Inhoud

# 45

## Die Gees aan die Werk

## Handelinge 2:14-42

Doodgewone mense was hulle, hierdie twaalf manne wat op Pinksterdag na vore getree het. Johannes en sy broer Jakobus – vir hulle het Jesus die bynaam gegee van “Seuns van die Donder” oor hulle opvlieënde geaardheid. Nie juis ‘n mooi eienskap nie. Boonop het die tweetjies hulleself al gesien waar hulle weerskante van Jesus se hemelse troon sit en regeer! Arrogant! En die ander was almal groen van jaloesie oor die twee hulle voorgespring het!

Dan was daar liewe ou Thomas wat na Jesus se opstanding gesê het dat hy “nooit in der ewigheid” sou glo dat Jesus werklik opgestaan het nie. Volgens hom was die verhale van mense wat Jesus gesien het, ‘n klomp snert!

En die “Rots,” Petrus? Ja, ons het vir Petrus leer ken as die impulsiewe prater, wat dikwels dinge gesê het voordat hy gedink het, impulsiewe beloftes gemaak wat hy nie kon nakom nie. Ten spyte van al sy foute was hy egter ‘n gebore leier, en boonop iemand met waagmoed. Selfs


Gaan Na Inhoud

sy lewe gewaag om op die rowwe see te loop! Tog so jammer dat sy moed hom daar begewe het toe hy die wilde branders sien.

Maar nou, op Pinksterdag, sien ons ‘n totale ander groepie manne. Van die “Donderseuns” is daar géén teken nie. Thomas se ongeloof het soos mis voor die son verdwyn. Die manne se jaloesie het totaal verdamp. Almal aanvaar Petrus as die woordvoerder.

Wanneer Petrus na vore tree, is daar niks meer te bespeur van die impulsiewe, rowwe, ongeletterde visserman nie. Vol vertroue staan hy op en begin vir die reuse skare van derduisende mense te verduidelik wat daar so pas plaasgevind het. Van die ou Petrus wat gebewe het voor ‘n diensmeisie is daar skielik géén teken nie! Onverskrokke staan hy daar en met woorde wat behóórlik geweeg en gemeet is spreek hy die mense toe. Hy haal lang gedeeltes aan uit die Septauginta (die Griekse Ou Testament). Hy verduidelik vir hulle uit die boek Joël asook uit Psalm 16.

Petrus wy die hoofdeel van sy toespraak aan die redes vir die uitstorting van die Heilige Gees.

Jesus van Nasaret is deur God sélf na Israel gestuur. Daar het Hy groot wonders gedoen. Sodoende het Hy onteenseglik bewys dat Hy die langverwagte Messias is. Dan word Hy egter verwerp deur die Jode, God se eie volk. Hy ly onder hulle aanslae en sterf uiteindelik 'n grusame dood aan die kruis. Nee, God was nie onkant gevang nie! Sy plan was júis dat Jesus moes kom ly. Maar die aandeel van die Jode aan hierdie lyding kan nie weggewens word nie. Hulle staan skuldig daaraan! Petrus wys vinger na die einste mense wat sy toespraak aanhoor. Hulle is mede-beskuldigdes, want hulle eie volksgenote, broers, familie het saam geskreeu: "Kruisig Hom!"

Teenoor die mense wat Jesus aan die Romeine uitgelewer het, staan die Almagtige God egter. Hy het Jesus uit die greep van die dood kom verlos. Jesus het uit die graf opgestaan! Hy leef! Hulle wat hier bymekaar is, is almal getuies daarvan! Hulle het Jesus persoonlik sélf gesien en met Hom gepraat. Hulle het selfs per geleentheid saam met Hom geëet.

En nou het Jesus die Heilige Gees oor Sy volgelinge uitgestort, net soos wat die Gees ook

oor Jesus gekom het met Sy doop. Na Jesus se verhoging is Hy by magte om ook die Heilige Gees oor te dra na al Sy volgelinge.

Wat het Johannes en Petrus en al die ander nou skielik so anders gemaak? Wat het gebeur dat hulle in ‘n baie kort tydperk so ‘n onbegryplike verandering kon ondergaan? Die antwoord is eenvoudig: die Heilige Gees het in hulle lewens gekom. Hier sien ons duidelik die verskil wat die gebeure van Pinksterdag in ‘n enkeling se lewe gemaak het. Maar dit het véél verder gestrek, want die direkte gevolg van hulle optrede daardie oggend, het nie minder nie as 3000 mense daardie dag vir Jesus as Verlosser aanvaar!

Die wonder is egter dat die Heilige Gees nie beperk is tot Johannes en Petrus en die klein groepie gelowiges wat op Pinksterdag bymekaar was nie. Die Heilige Gees is óók vandag deel van élke gelowige se lewe. En nee, niemand hoef te wag vir ‘n “vervulling met die Gees” nie, want die oomblik wanneer jy die stap neem om Jesus die Koning van jou lewe te maak, is die Heilige Gees reeds in jou. Daar is egter ‘n geheim: jy moet plek maak vir Hom in jou lewe.


Gaan Na Inhoud

Solank sonde die botoon voer in jou lewe, is daar nie plek vir die Heilige Gees om te kan werk nie. Hoe minder sonde in jou is, hoe meer plek is daar vir Hom! En algaande raak jy "vervul" met die Heilige Gees, totdat jy ook soos Petrus en Johannes onverskrokke kan staan vir die saak van die opgestane Jesus Christus.

Hy is reeds in jou, dit hang net van jouself af hoeveel plek jy toelaat vir Hom in jou lewe!

**Gebed:**

**Here, help my asseblief om die sonde in my lewe uit te gooi sodat daar plek kan wees vir U Heilige Gees om my ganse lewe te vul.**

## 46

## Die Kerk word Gebore

## Handelinge 2:37-47

‘n Reuse skare Jode drink die woorde van Petrus in. “Wat staan ons nou te doen?” is die vraag wat op almal se lippe is.

Petrus se boodskap is eenvoudig: “Bekeer julle, en word gedoop in Jesus se Naam!” Dit was die eenvoudige antwoord, toe die mense wou weet wat hulle te doen staan.

Die resultate was absoluut verstommend: Drieduisend mense het daardie dag tot bekering gekom, genoeg om ‘n groot pawiljoen vol te sit. Die miserabele groepie van 120 gelowiges wat die oggend bymekaargekom het, het skielik ‘n reuse skare van gelowiges geword, alles op een enkele dag. Nou is daar ‘n behóórlike fondament gelê vir die kerk van Jesus. En dit deur een enkele preek! Johannes se mond het behóórlik oopgehang!

Maar wag ‘n bietjie: hierdie preek was nou nie juis wat ‘n mens sou noem ‘n oratoriese meesterstuk nie! Dit was teen alle standaarde

gemeet maar redelik power! Die antwoord lê in die wonderlike, onverklaarbare werking van die Heilige Gees. Petrus was gewillig om die Gees deur hom te laat werk, en dit was heeltemal goed genoeg.

Al wat die Here van jou en my vra, is om gewillig te wees, en onsself beskikbaar te stel. Hy, die Heilige Gees sal die res doen.

Die vraag is: wat kan ek as doodgewone mens doen? Ek weet nie eers waar om te begin om die evangelie te verkondig nie?

Die goeie nuus is dat elke gelowige, maak nie saak hóé ver hy op die geloofspad gevorder het nie, ten volle by magte is om die evangelie uit te dra. Ja, ook jy! Luister fyn na die Stem van die Heilige Gees, en wees gewillig om selfs die onbenulligste takie vir Hom te verrig. Aan die einde van die dag kan dit ontplof in ‘n reuse wonderwerk. Om maar net hierdie dagstukkies na iemand anders aan te stuur, is al klaar ‘n metode van evangelisasie! Die wêreld is honger vir die evangelie! En ‘n gesig wat blydskap toon kan ‘n hele kantoor vol mense beïnvloed en van Jesus vertel.

 Gaan Na Inhoud

Vir Johannes en sy maats was Pinksterdag egter nie die einde van die pad nie, maar slegs die begin. Nou moes hulle die dinge wat Jesus hulle oor drie jaar geleer het, prakties gaan toepas en dit weer vir ander gelowiges leer.

Onder hulle leiding ontwikkel ‘n totale nuwe leefstyl. Dit was ‘n dinamiese, Geesvervulde gemeente wat hier aan die groei was.

Hoe het hierdie gemeenskap gelyk?

Hulle onderhou die leer van die apostels getrou. Wat beteken dit? Die leer van Johannes-hulle het gewentel om die persoon en werk van Jesus Christus, onder andere die verkondiging van die Woord van God. Jesus was dus die middelpunt van die mense se lewens.

Hulle was onderling aan mekaar verbonde. Daar is dus ‘n baie spesiale, splinternuwe band van liefde wat tussen die gelowiges gevorm het. Hulle is nou nie meer vreemdelinge nie, maar broers en susters, bloedfamilie binne die nuwe gesin van God.

Hulle het gemeenskaplike maaltye geniet. In daardie tyd was ‘n maaltyd baie meer as net om

gou ‘n stukkie kos af te sluk, soos so dikwels vandag ons lot is. Dit was dikwels ‘n godsdienstige ritueel waar familie saam was en die kos ‘n geestelike betekenis gehad het. Hierdie nuwe gelowiges het die tradisies voortgesit, maar met ‘n heel nuwe betekenis. Tydens die maaltyd is daar gedink aan Jesus se groot offer, en veral ook aan die teenwoordigheid van die opgestane Here.

Dan was daar die kwessie van volgehoue gebed, wat ‘n kenmerk was van die gemeente. Waar die Gees aan die werk is, is gebed ‘n integrale deel van jou lewe.

Eensgesindheid is ‘n ander wonderlike kenmerk van hierdie gemeente. So heg het hierdie band geword, dat mense selfs bereid was om hulle besittings met mekaar te deel. Daar heers ware broederskap, want mense gee waarlik om vir mekaar, en hulle leef aktief hierdie omgee uit.

Ek dink, ek en jy het baie om te leer van hierdie eerste gemeente. Dit het tyd geword dat ons as gelowiges weer saamgebind word as die gesin van God, en dat ons familiebande ons nader aan mekaar trek. Dit help nie om maar net daaroor te

filosofeer nie! Ons moet daadwerklik ‘n besluit neem en iets daaromtrent doen. As ons bereid is sal die Heilige Gees ons daarmee help. In ons gemeente het selgroepe alreeds daardie eerste tree geneem, en die hegte gesinsbande wat daar gesmee word is goud werd! Kom ons begin weer die “koinonia,” die spesiale band van liefde prakties uitleef in ons gemeentes.

**Gebed:**

**Dankie Here, vir wonderlike herinneringe. Help ons asseblief om weer waarlik omgee-Christene te word.**



Gaan Na Inhoud

## Wát 'n Wonderwerk!

## Handelinge 3:1-10

Baie gou het Petrus en Johannes dinge saam begin doen. Saam-saam beland hulle in die moeilikheid, en saam-saam beleef hulle wonderwerke.

Dit het alles by die tempel begin. Die ou Jode het 'n baie streng gebedstradisie gehad. Daar was minstens twee openbare offers gebring by die tempel elke dag, een in die oggend en weer een so teen drie-uur se kant. Dit is dan opgevolg deur 'n tyd van openbare gebed. Daar was altyd iets aan die gang by die tempel, en dit was die ideale plek vir 'n bedelaar om te sit vir aalmoese.

Petrus en Johannes was daardie oggend op pad tempel toe om hulle ou tradisie uit te leef toe hulle juis só 'n bedelaar by die tempelpoort gekry het. Sy hele lewe lank al was hy verlam, en hy was afhanklik van ander mense se gawes vir sy lewensbestaan. Só afhanklik was hy van ander mense, dat hy nie eers self daar kon kom nie. Iemand moes hom daarheen dra.



Gaan Na Inhoud

Maar daardie dag kry hy baie meer as waarvan hy óóit kon droom. Toe die twee manne by hom vassteek, is die man vol verwagting, want iemand gaan vir hom ‘n muntstuk gee. Maar in plaas van geld, gee hulle vir hom gesondheid in die Naam van Jesus. En ‘n splinternuwe lewe! Eers is hy half teleurgesteld as Petrus vir hom verduidelik dat hy nie silwer of goud het nie. Maar toe gryp Petrus hom aan die hand, en skielik is daar lewe in sy verskrompelde ledemate. Oorstelp van vreugde loop hy saam met Petrus en Johannes die tempel in. Nee, nee, hy het nie geloop nie - hy is dans-dans die tempel in! En dít terwyl hy soos ‘n klein seuntjie rondspring van vreugde! En die hele tyd loof en prys hy God vir hierdie ongelooflike wonderwerk wat met hom gebeur het. “Haai kyk: ek loop! EK KAN LOOP!!!!!! Halleluja! Loof God!” sing hy al dansende deur die tempel.

Die wêreld se oë is op hom gerig. Almal het die man geken, want hy was sekerlik vir baie jare elke dag voor die tempel gedrapeer. Om hom nou skielik so te sien rondbaljaar, het elkeen wat in die tempel was aangegryp. “Maar is dit dan nie ou ………? Neeeee, dit kan tog nie wees nie!

Maar inderdaad! Dit ís hy! Wat het gebeur? Dis ‘n wonderwerk!” Ek is seker dat die storie soos ‘n veldbrand deur Jerusalem versprei het. Teen die aand het die hele stad sékerlik van daardie voorval geweet.

Tog só jammer dat die kerk dikwels vasgevang word in wêreldse waardes. Wanneer dit gebeur, raak die boodskap van hoop baie gou soos flou tee, onsmaaklik en ondrinkbaar.

Die verhaal word vertel van die bekende Thomas van Akwinas wat op ‘n dag vir Pous Innocentius II besoek het. Daar tref hy die pous aan, besig om ‘n groot hoop geld te tel. “Broer Thomas,” sê die pous, “dit is darem so gelukkig dat die kerk nie meer vandag hoef te sê: ‘Silwer en goud het ons nie.’”

“Ja,” antwoord Thomas, “en ongelukkig kan ons juis dáárom ook nie meer sê: ‘Staan op en loop’ nie!”

Baie mense dink dat wonderwerke opgehou het die dag toe Jesus gekruisig is. Dit is bitter ver van die waarheid af. Jesus het sélf vir Sy dissipels gesê dat hulle nog groter wonderwerke sou verrig as wat Hy gedoen het. Inderdaad lees

ons dat daar talle wonderwerke plaasgevind het, maar dat slegs enkeles opgeteken is. Dit gaan nie oor die wonderwerke nie, maar juis oor die uitwerking daarvan op mense se lewens. In hierdie geval het die verlamde man se wondergenesing talle mense geraak, en ek is seker dat ‘n menigte mense tot geloof in Jesus gekom het as gevolg van sy genesing.

Is daar vandag steeds wonderwerke? Verseker! Ja, ek weet daar is teoloë wat dit probeer afmaak as snert, maar ek het talle wonderwerke aanskou en sélf beleef.

'n Paar jaar gelede sink ons besigheid en ons verloor alles, ook ons huis. Skielik het ons nêrens om te bly nie, en ons kan nie bekostig om ‘n huis te huur nie. Sonder dat ek gevra het, nooi Willem en Linda ons om gratis in hulle woonstelletjie te kom bly. ‘n Jaar later vra Danie en Adele ons om hulle 3 slaapkamer huis op te pas terwyl hulle oorsee is. Ons hoef niks te betaal nie. Daar het ons vir twee jaar gebly. Twee maal in ‘n ry - is dit nie ‘n wonderwerk nie? Maar wag, daar is meer! Toe die huis verkoop word, word daar wééreens vir ons voorsien met ’n pragtige huisie op ‘n plaas sowat 25km buite


Gaan Na Inhoud

Ballito. Dit gebeur net eenvoudig nie dat iemand drie keer in ‘n ry so van huisvesting voorsien word nie! As dit nie ‘n wonderwerk is nie, dan eet ek my hoed op!

Die grootste wonderwerk van almal is vir my egter dat ‘n verlore sondaarmens deur God uit die stinkende modderpoel van sonde gered kan word en totaal nuutgemaak kan word.

**Gebed:**

**Here, ek loof en prys U vir talryke wonderwerke wat U reeds oor my lewe gebring het, en veral dat U my gered het sonder dat ek dit verdien .**

## Op die Rooi Tapyt

## Handelinge 4:1-22

Petrus en Johannes het die verlamde man gesond gemaak, ‘n asemrowende wonderwerk! Al huppelende en singende is hy agter die twee manne aan, tot groot ontsteltenis van die Joodse Raad, wat nie geweet het wat om hiervan te maak nie. Wat daar gebeur het is tog totaal onmoontlik! ‘n Man wat veertig jaar lank verlam was, en nou skielik spring hy rond soos ‘n Karoosprinkaan op trek! Dit sal nie deug nie! Die ergste is egter die toespraak wat Petrus daarna gemaak het: “Hierdie manne is gevaarlik!” brom die kerkmanne onder mekaar. “Ons het so pas van hulle Jesus ontslae geraak, en nou dreig ‘n gevaarlike vuur om uit te breek. As ons nie nóú hierdie ding in die kiem smoor nie, het ons moeilikheid met ‘n hoofletter M!”

Vir 'n klompie Sadduseërs was die saak nog véél erger. Hulle glo nie dat daar lewe is na die dood nie, dus verkondig hierdie vissermanne boonop mos 'n gruwelike dwaalleer as hulle wil beweer dat Jesus uit die dood opgestaan het!

‘n Groot skare mense het intussen in die tempelgang saamgedrom om te sien wat gebeur het. Petrus en Johannes is nog besig om vir hulle te verduidelik waaroor dit alles gaan, toe storm die beswaarde Sadduseërs en ander kerkleiers op hulle af met woede op hulle gesigte. Die twee apostels word nét daar in hegtenis geneem.

Na ‘n nag in die tronk verskyn hulle voor die Joodse Raad. Almal is daar: die Skrifgeleerdes, Familiehoofde, Sadduseërs en natuurlik die Hoëpriester. Al 71 sitplekke in die Raadsaal is gevul. Hierdie is immers ‘n baie ernstige saak, ‘n saak van lewe en dood! Almal is bekend met die feit dat die klein handjievol van hierdie “sekte” op een dag aangegroei het tot drieduisend entoesiastiese dissipels, en in die paar dae sedertdien het dit nou al weer verder gegroei tot vyfduisend mense. Daar moet dringend iets aan die saak gedoen word, anders kan dit die Joodse tradisie tot in sy fondamente skud!

Een en sewentig stroewe gesigte gluur vir Petrus en Johannes aan: hierdie simpele vissermanne het nie ‘n kat se kans om hulleself teen die geleerde manne te verdedig nie. “Kom vertel ons

‘n bietjie: watter soort van krag het julle gebruik om hierdie man gesond te maak? In wie se naam het julle dit gedoen?” Die vraag is veronderstel om die twee totaal van stryk te bring.

Maar die Joodse Raad het nie rekening gehou met die Heilige Gees nie, want wanneer Petrus die vloer vat, is hy beslis nie alleen nie. Hy gryp die geleentheid met albei hande aan en bring die Evangelie aan die Raad, helder en duidelik, sodat elkeen van die geleerde manne dit kan verstaan. Hy vertel van Jesus wat gekruisig is en weer deur God uit die dood opgewek is. Dit is Hy alleen wat verlossing bring!

‘n Doodse, bitter ongemaklike stilte sak oor die raad toe nadat Petrus gepraat het. In die agterbanke van die raadsaal, tussen die ander Apostels, staan ‘n man met ‘n glimlag wat dreig om reg rondom te gaan. Dit is net sy ore wat in die pad is. Hierdie glimlag maak die Raad nog meer seer, want hier is die bewys van die krag van die twee vissermanne.

“Ons, die hoogste gesag in Israel, verbied julle om nog een enkele woord te sê van hierdie Jesus, anders is julle in gróót moeilikheid!”

Johannes-hulle word eers uitgestuur sodat die bekommerde Raadslede kon koukus oor hulle lot. Hierdie saak is baie meer kommerwekkend as wat hulle gedink het! Hulle weet nie herwaarts of derwaarts hoe om die saak te hanteer nie. Hulle enigste oplossing: “Ons moet hulle dreig!” Petrus en Johannes se antwoord op die dreigemente is egter dat die Raad maar self moet besluit wat die belangrikste is: om aan húlle gehoorsaam te wees of aan God.

Jare gelede is ‘n kêrel voor ons kerkraad gedaag oor ‘n klagte wat ons van ‘n ander gemeente ontvang het: hy het evangelisasiewerk binne hulle gemeentegrense gedoen. Hy het aan ons verduidelik: “Dit is vir my onmoontlik om stil te bly! Die wonderlike geleentheid was daar om die Woord van God te verkondig. Hoe kon ek dit óóit laat verbygaan?”

Die kerkraad het half tong in die kies geantwoord: “Probeer tog maar om nie weer in daardie gemeente se gebied te preek nie.”

Kom ek en jy maak vandag één voorneme, om soos Petrus en Johannes onwrikbaar op te staan vir ons geloof. Ons het immers die Heilige Gees wat vir ons die krag gee om dit te kan doen, net

soos Petrus-hulle van ouds. Kom ons gryp elke moontlike én onmoontlike geleentheid aan om te getuig van Jesus met woord en ook ons hele lewe. Kom ons leef so ‘n stralende, jubelende blydskapslewe dat elkeen met wie ons in aanraking kom sal wonder wat ons getref het. As hulle vra, dan is dit mos ‘n ope uitnodiging om te kan getuig, en dan durf jy nie stilbly nie! Kom ons gebruik die wonderlike krag wat die Heilige Gees tot ons beskikking stel ten volle.

**Gebed:**

**Here, maak my gewillig om U getuie te wees, maak nie saak wat die omstandighede is nie.**

## Wéér in die Moeilikheid!

## Handelinge 5:17-42

Bo alle verwagting in, groei die kerk met rasse skrede. Die klein groepie volgelinge groei binne 'n baie kort tydjie tot 'n reuse skare van Jesus-aanhangers. Boonop bring wonderwerk op wonderwerk die volk in vervoering. Die Hoëpriester en sy trawante is gevul met afguns en jaloesie! “Hierdie mense moet gestop word voor dit dalk hééltemal te laat is!” Die manne is bitter bekommerd en die tempelwagte word opdrag gegee dat die Apostels in hegtenis geneem word. “Sluit hulle toe, môreoggend sal ons met hulle galle werk!”

Intussen word die volle Joodse Raad bymekaar geroep vir die oggend se belangrike vergadering. Al die leiers van Israel is daar. “Gaan haal hulle,” kry die wagte die bevel van die Hoëpriester. ‘n Rukkie later kom die wagte uitasem terug by die vergadering. Wit in die gesig geskrik stamel hulle: “Hulle is weg!”

“Wat bedoel julle met ‘Weg’?”

“Die tronk is gesluit; die wagte is op hulle pos,



Gaan Na Inhoud

maar daar is g'n teken van die Apostels nie! Ons verstaan dit nie! Ons het hulle sélf persoonlik daar toegesluit!"

Wat hulle nie geweet het nie, is dat God ingegryp het. Toe Johannes daardie nag in die tronk wakker word, staan daar 'n engel by hulle. Voordat hy nog kans kry om te skrik, val die tronkdeure oop, sodat die twaalf manne vry kon uitstap om hulle taak om die Evangelie te verkondig kon voortsit. Dit is die taak van gelowiges om die Evangelie uit te dra, nie die taak van engele nie!

Nog een van die wagte kom, buite weste geskrik, hygend ingehardloop: "Daardie manne wat ons gisteraand toegesluit het staan in die tempel en preek!"

"Gaan haal hulle!" Die Hoëpriester is woedend.

Maar die wagte is onwillig. Hulle protesteer heftig: "Die mense gaan ons doodmaak as ons hulle weer arresteer!" Dit is 'n bedremmelde groepie wagte wat uiteindelik mor-mor en baie halfhartig instem om die manne te gaan haal. By die tempel aangekom word die Apostels mooi gevra of hulle nie asseblief maar wil saamkom nie, "want die Hoëpriester wil met julle praat,"

verduidelik die bevelvoerder.

By die vergadering word die Apostels behóórlik oor die kole gehaal omdat hulle alle opdragte van die Raad verontagsaam het. Johannes en Petrus is immers by die vorige geleentheid ten sterkste belet om ooit weer oor Jesus te praat, en wat gaan staan en doen hulle? Hulle steur hulle nie eers aan die hoogste gesag in Israel nie. Die ganse Jerusalem lê vol van die "snert" wat hulle verkondig! Boonop wil hulle ook nog voorgee dat die Joodse Raad die vark in die verhaal is! Dit is kwansuis húlle wat verantwoordelik was vir Jesus se dood! Hierdie onding moet onmiddellik staak!

Petrus is die een wat weereens na vore tree: "Jy moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense!" sê hy sonder vrees, want die Heilige Gees gee hom die krag en vertroue. Hy gaan verder en steek sommer 'n preek af vir die geleerde manne wat daar sit en hom aangluur. Die Joodse Raad is woedend! As hulle kon, het hulle hierdie Apostels nét daar en dan laat doodmaak.

Toe staan Gamaliël op, 'n man wat 'n bietjie insig het, en hy stuur die Apostels uit sodat hy met die

Raad kan praat. "Kollegas, ons moet baie versigtig wees dat ons nie dalk God teëgaan nie! Ons sal wel gou sien of hierdie dinge van God kom. As dit mensewerk is, sal dit oorwaai. Kom dit egter van God af, kan ons niks daaraan doen nie!"

Weereens word die Apostels geroskam, en belet om verder te praat. Boonop word hulle geslaan, en dan vrygelaat, maar hierdie ou insidentjie het hulle géénsins van stryk gebring nie. Dit spoor Johannes en sy trawante juis aan om die Evangelie met nog groter vuur te verkondig. In sak en as gaan sit? Nooit! Vir hulle was dit 'n reuse voorreg om te kon ly vir hulle Meester, Jesus.

Die Jehovah's Getuies verkondig 'n dwaalleer, maar één ding kan ons by hulle leer, en dit is om jou nie te laat afsit as iemand jou uit die huis jaag nie. As hulle uitgeskel word, stap hulle net eenvoudig na die volgende huis om hulle boodskap te bring. Vir gelowiges moet verwerping en vervolging eintlik as aansporing dien om die Woord met nog groter ywer uit te dra. Ek is sélf al 'n slag of wat uitgevloek omdat ek die Evangelie ongevraagd aan iemand


Gaan Na Inhoud

gestuur het. Om te sit en tob en wroeg daaroor is sinneloos!

Die Evangelie word nie deur teenstand en swaarkry ondergekry nie. Die ware lig kan nooit deur die donkerste nag van vervolging of teenstand uitgedoof word nie, daarvoor sorg God self. Hy gee my en jou, Sy kinders die krag en wysheid sodat ons met vrymoedigheid oor Hom kan bly getuig. Soms bewe ons knieë, maar dan verseker die Gees ons dat ons op die Rots staan wat nooit sal bewe of wankel nie.

**Gebed:**

**Here, hou asseblief my oë altyd gevestig op Jesus, my Rots, selfs deur die donkerste tye van vervolging en vernedering, sodat ek met vrymoedigheid van U kan getuig. Gee asseblief vir my die regte woorde sodat ek U heilige Naam altyd hoog kan hou.**



Gaan Na Inhoud

# 50

## Filippus in Samaria

## Handelinge 8:4-25

In Jerusalem het die vervolging van die Christengelowiges in alle erns begin. Gelowiges het uitmekaargespat en in alle rigtings gevlug vir hulle lewens. Omtrent die enigstes wat oorgebly het, was uiteindelik Johannes en die ander apostels. Die gelowiges wat gevlug het, het die Evangelie verkondig so ver as wat hulle gegaan het, en so is die blye boodskap die wêreld ingedra.

Een van die vlugtelinge was die nuutverkose diaken, Filippus, een van die sewetal wat saam met Stefanus verkies was. Hy het na die landstreek Samaria uitgewyk om daar vir hom ‘n holtetjie vir sy voet te vind tussen die Samaritane. Nou weet ons mos al dat die Samaritane en die Jode nie juis die beste van bure was nie, en daar was gedurigdeur ‘n gestry oor waar God éintlik aanbid moes word, Jerusalem of op die berg Gerasim. Die Jode het die Samaritane verafsku, en as slegs ‘n Samaritaan se skaduwee op ‘n Jood sou val, het

hy hom eers gaan was, want dan was hy onrein.

Onder hierdie donker omstandighede kom Filippus die land binne. En wat doen hy? Hy begin die Evangelie verkondig aan hierdie einste Samaritane! Maar eers moes hy die reg om te kon preek verdien. Die Heilige Gees het kragtig deur Filippus gewerk sodat hy baie wondertekens gedoen het en sodoende die mense se aandag op hom gevestig het. Siekes is gesond gemaak; kreupeles kon weer regop staan; verlamdes kon skielik weer loop! Die Samaritane het geredeneer: “Hierdie is nie sommer maar net iemand nie, God werk deur die man! Ons kan gerus maar luister na wat hy sê!” Hulle was vol verwondering oor wat Filippus vermag het, en hulle het aandagtig na Filippus geluister. Nie alleen het die wondertekens bevestig dat hy deur God gestuur is nie, maar dit wat hy gesê het het hulle diep aangegryp.

Alles was egter nie pluis nie. Filippus het groot teenstand gekry van ‘n man met die naam Simon, ‘n gedugte towenaar. Só sterk was Simon se mag om allerhande bonatuurlike dinge en toorkunste te verrig, dat die mense na hom verwys het as “die groot krag van God.” Hy is

met ander woorde as ‘n goddelike wese beskou wat ter aarde neergedaal het, of dalk selfs as ‘n beliggaming van God self! Dit was nie vreemd vir daardie tyd nie, want baie towenaars het daarop aanspraak gemaak dat hulle gode was. Hulle is met groot agting bejeën. Vandag is hulle steeds met ons in die persoon van sangomas, spiritiste, fortuinvertellers ens. Hierdie is bitter gevaarlike praktyke wat heul met die magte van die duisternis, en eintlik in diens van die duiwel staan!

Simon kon wél wonderlike dinge doen. Filippus was egter in 'n héél ander kategorie. Hy het boonop oor die wonderlikste woorde beskik, woorde wat lewe gee wáre lewe! Geloof in God berus nie in wat jy sien, oftewel wonderwerke nie. Dit berus eerder in ‘n vaste vertroue dat Jesus se sterwe en opstanding nuwe lewe gee vir die gelowige. Simon het gesien wat gebeur, en hy het begeer om ook soos Filippus te wees. Hy het na Filippus geluister en het gelowig geword, is selfs ook gedoop. Maar Simon se motiewe was nie suiwer nie. Hy het geglo op grond van die dinge wat hy Filippus sien doen het en nie soseer oor dit wat hy gepreek het nie.

Die woord oor Filippus se sukses in Samaria het versprei en ook die ore van die apostels in Jerusalem bereik, en hulle het besluit om te gaan kyk wat daar aangaan. Dit was immers hulle taak om toesig te hou oor die regte verkondiging van die Evangelie. Petrus en Johannes word afgevaardig om 'n besoek by Filippus te gaan aflê. Daar aangekom het hulle vir die mense gebid, en die reaksie was dat die Heilige Gees kragtig op die nuwe bekeerlinge gekom het, net soos dit gebeur het op Pinksterdag.

Toe Simon sien wat gebeur, het sy hart weereens met begeerte gebrand. Hy wou ook doen wat die apostels doen, want hy sien dat die mense die Heilige Gees kry as Petrus maar net sy hande op iemand lê. "Ek is bereid om gróót te betaal vir daardie krag!" Hy probeer hard om Johannes en Petrus om te koop.

Petrus se geskokte antwoord is: "Gaan na die verderf met al jou geld en al!" God se hemelse gawes is beslis nie met geld te koop nie!

Daar is nie plek in die kerk vir mense wat God probeer dien om allerlei "byvoordele" te kry, soos

status, mag of eie eer nie. Om goed te doen sodat jy ‘n beter plekkie in die hemel kan verdien is ewe selfsugtig. Om God waarlik te dien beteken dat alle eer aan Hom alleen gaan, en dat jy Hom dien en aanbid sonder om iets terug te verwag, uit suiwer dankbaarheid vir wat Hy alreeds vir jou gedoen het.

**Gebed:**

**Here, genees asseblief my selfsugtige hart, en gee vir my ‘n hart van onbaatsugtige diens aan U alleen.**

# 51

## Diep Ingedagte

## Johannes 1:1-14

Sewentig jaar het soos ‘n oogwink verbygevlieg, sewentig jaar sedert sy eerste ontmoeting met Jesus van Nasaret, daar op die strand van die See van Galilea.  Hoe baie dinge het daar nie gebeur in daardie tyd nie!

‘n Glimlag sprei oor die ou man se gesig. Wat ‘n asemrowende voorreg was dit nie om vir ‘n volle drie jaar elke dag saam met die Here Jesus te kon deurbring. Dit was baie, baie spesiaal en ‘n uiters kosbare tyd vir hom.

‘n Ruk gelede het hy die groot taak aangepak om die verhaal van Jesus neer te skryf, want soveel gelowiges het nie mooi verstaan waaroor dit alles gaan nie. O ja, Markus het alreeds die verhaal neergeskryf so kort voor die groot tragedie Jerusalem getref het, toe die Romeine die tempel verwoes het. En toe, ‘n paar jaar later het Matteus óók die verhaal neergeskryf. So ook daardie knap doktertjie, Lukas.

Maar hy, Johannes wou iets totaal anders bereik.



Gaan Na Inhoud

Sy boek sou nie maar net die verhaal van Jesus wees nie. Hy wou die gebeure in Jesus se lewe gebruik om die boodskap van die Evangelie vir mense duidelik te maak. Daarom begin hy sy boek nie soos Matteus en Lukas deur te vertel hoe Jesus gebore is nie, maar hy val met die deur in die huis deur te vertel presies Wie en Wat Jesus was, en inderdaad nog steeds is. Daarom het hy sy boek met die treffende woorde begin: “In die begin was die Woord (dis natuurlik Jesus waarvan hy skryf) en die Woord was by God, en die Woord was sélf God!” Kan jy dit duideliker uitspel?

Johannes moes dit baie duidelik maak dat hierdie Jesus selfs die Skepper was van die hemel en die aarde! Absoluut niks wat ons ken is NIE deur Hom geskep nie! Hy was nie sommer maar ‘n gewone mens nie, of selfs ‘n profeet nie. Hy was en is God almagtig. Uit en gedaan!

Johannes was al gekritiseer dat hy nie die verhaal van Jesus in streng volgorde geskryf het soos dit gebeur het nie, maar dit was nooit sy bedoeling om alles mooi netjies agtermekaar te skryf nie. Hy het bloot grepe uit Jesus se lewe geneem om waarhede te probeer beklemtoon.

En dan wou hy natuurlik probeer verduidelik van hoe belangrik liefde is. Daardie wonderlike woordjie Liefde! Natúúrlik begin alles by God se liefde vir ons. Johannes raak sommer skoon opgewonde as hy weer dink oor wat God se liefde alles beteken! Daarom skryf hy sommer hier vroeg-vroeg al in die boek van Jesus se nagtelike gesprek met Nikodemus. Die arme man moes Jesus in die donker opsoek omdat hy bang was sy mede-Fariseërs sien dat Hy met Jesus gesels. En dan vertel Jesus hom hoe asemrowend lief God die wêreld gehad het, só lief dat Hy Sy enigste Seun na hierdie einste goddelose wêreld gestuur het om ons die ewige lewe te kom gee.

God se liefde is oneindig groot! Johannes kan net nie uitgepraat raak daaroor nie!

Maar dit is baie, baie belangrik dat ons, die gelowiges ook liefde moet uitleef, nie alleen teenoor mekaar nie, maar ook teenoor ongelowiges en selfs ook teenoor ons vyande! Johannes kan dit nie genoeg beklemtoon hoe ontsettend belangrik liefde is nie. Jesus het dit immers by verskillende geleenthede herhaal, dat ons liefde moet uitleef! Só belangrik is dit vir

Jesus, dat Hy enkele ure voordat Hy gevange geneem is om gekruisig te word, dit weer ‘n slag oor en oor herhaal. “Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief,” het Hy daardie nag gesê. “Julle moet in my liefde bly.”

Dit was nie maar net ‘n versoek van Jesus nie. Nee, net daarna sê Hy vir hulle dat dit eintlik ‘n opdrag, ‘n bevel is: “Dit beveel Ek julle: Julle moet mekaar liefhê!”

Vir Johannes was dit so ‘n wonderlike voorreg om hierdie boek te kon skryf. Sy gebed is dat baie mense dit sal lees en Jesus sodoende beter verstaan. Inderdaad besef hy baie goed dat dit nie uit sy eie krag is wat hy die boek kon skryf nie. Hy is immers maar ‘n eenvoudige visserman!

Hy glo egter vas dat dit die Heilige Gees is wat vir hom die woorde in sy gedagtes neergelê het sodat hy dit kon skryf. Op sy oudag het hy nou nie meer die kragte om die wêreld aan die brand te gaan preek, soos hy gedoen het toe hy nog jonk was nie. Maar nou het God hom die geleentheid gegee om steeds die Evangelie te kan uitdra, al is dit dan ook net met ‘n gansveer

en ink. Natúúrlik is daar baie maniere om Jesus se Goeie Nuus uit te basuin aan die wêreld.

Johannes sug swaar. Ja, hy is ál een wat nog oorgebly het van die twaalftal. Hulle sit nou almal aan Jesus se voete. Hoe verlang hy nie, smag hy daarna om weer by Jesus te wees!

**Gebed:**

**Here, soos Johannes, sien ek ook uit na die heerlike dag wanneer ek saam met soveel ander gelowiges aan U voete kan sit.**

## Die Ware Jesus?

## 1 Johannes

Dit is die jaar 90 nC. Met bewende hand sit ‘n stokou man, diep in sy negentigs, in diepe bepeinsing met pen in die hand. In sy gedagtes maal die vraag: “Hoe is dit moontlik dat hulle my boek verkeerd kon interpreteer? Ek het dan gedink dat ek dit alles so duidelik en eenvoudig gestel het, sodat selfs ‘n kindjie dit sou verstaan!” Dan besluit hy: “Ek sal dit net eenvoudig duideliker vir hulle moet uitspel!”

Johannes, die “geliefde dissipel” en jongste van Jesus se twaalftal, doop die gansveer in die inkpotjie. Vyf jaar gelede het hy sy boek begin met die woorde: “*In die begin was die Woord.....*” Waarom sal hy dan allerhande fieterjasies en mooi woordjies gebruik? Hy sal dit weer presies op dieselfde wyse stel, want dit gaan immers oor Jesus en Wie Hy is! “*Van die begin af was Hy daar,*” skryf Johannes.

"Wie is Jesus nou éintlik? Hoe kan ek nog duideliker vir almal vertel wie Hy is? Daar heers baie dwalinge rondom hierdie vraag! Daar is



Gaan Na Inhoud

maar net één genade: ek sal dit in 'n brief vir die mense moet verduidelik!"

"*Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe.*" Johannes se gedagtes gaan baie ver terug en 'n glimlag speel om sy mondhoeke. "Sestig jaar gelede al! Kan dit so lank wees? Maar een ding is seker: ek het Hom daardie tyd persoonlik belewe!"

Vir Johannes is daar een geloofswaarheid wat soos ‘n paal bo water uitstaan, naamlik om te glo in Jesus. Natuurlik is dit baie belangrik om te glo dat Hy waarlik die Seun van God én Mens is. Die vraag is of dit voldoende is vir jou vryspraak? Kan hierdie geloof jou in die hemel bring? Ware Christenskap behels ’n persoonlike verhouding met Jesus. Dit bly egter nie maar net by ‘n innerlike ding nie, maar dit moet tot uiting kom in konkrete dade. Wanneer jy begin om liefde uit te leef op ‘n manier wat ander mense se lewens fisies aanraak, word jou geloof ‘n werklikheid. Die feit is dat jou liefdesoptrede God sigbaar maak vir mense op aarde!

Dit is juis wanneer gelowiges liefdeloos optree wat die werk van Jesus skade ly. Hierdie feit moet hy baie duidelik tuisbring in hierdie brief van hom.

Johannes is ook bewus van sekere leerstellige verskille wat aanleiding gegee het tot wrywing in die gemeente. Die gevolg was dat sommige gemeentelede hulle eie paadjie begin loop het. Tweespalt in 'n gemeente kan die gemeente tot so 'n mate verlam dat liefde totaal verdwyn.

Johannes is byvoorbeeld bewus van 'n probleem wat sekere gelowiges het oor die menswording van Jesus. Dit sal dringend aangespreek moet word! Dan is daar weer ander met 'n probleem oor die praktiese lewe van die gelowige. Hulle glo dat wanneer jy die salwing van die Heilige Gees het, het jy geen sonde nie, want dan het jy mos volledige kennis. Boonop weerspieël hulle alledaagse lewe gladnie hulle geloof nie. Wat dit eintlik op neerkom, is dat hulle nie wil aanvaar dat Jesus werklik mens geword het om vir hulle sondes te sterf, en sodoende vergifnis en vryspraak te bewerkstellig nie. Hulle dink volgens presies dieséldfde riglyne as die Grieke met hulle gnostisisme. Die gnostisi glo mos dat

hulle Goddelike saad ontvang het deur die Heilige Gees, en dat hulle om daardie rede nie kan sondig nie! Hulle het dus ook nie Jesus se versoening en vergifnis nodig nie. Gevolglik is hulle kennis van God sodanig dat hulle dade gladnie hulle geloof hoef te weerspieël nie!

Johannes besef dat hy met hierdie brief sal moet probeer om perspektief te gee oor die persoon van Jesus. Hy sal probeer om die verdraaide persepsies van die gnostisiste aan die kaak te stel, en sodoende te wys waaroor dit werklik in die geloof gaan.

Johannes skryf. Hy verduidelik vir die lesers van sonde en vergifnis uit die beeld van duisternis en lig. Hy maak 'n reeks negatiewe en positiewe stellings, soos: As jy beweer dat jy deel het aan Jesus, maar jy leef in die duister, dan lieg jy mos. Maar as jy in die lig lewe, reinig Jesus jou.

Sy duidelike boodskap is dat die gelowige se leefstyl moet ooreenstem met die oorsprong van sy geloof. God is Lig, en ons Sy eiendom. Daarom moet ons lewenswyse, optrede, dade en gedagtes natuurlik ook God se lig weerspieël. Ek kan beslis nie in God se ligkring lewe as my lewe

verduister is deur sonde nie. Natúúrlik kan ons nie ontken dat sonde bestaan nie, maar wanneer ons ons sonde bely, het ons die sekerheid dat God ons vergewe. Hy het immers vir Jesus as Middelaar aan ons gegee om ons sondes weg te neem.

**Gebed:**

**Here, ek moet vanoggend met droefheid bely dat daar nog soveel sonde in my lewe is. Help my asseblief om daarmee te breek sodat ek in U lig kan wandel.**

## 53

## Geskrif uit Patmos

## Openbaring 1

Dit is al geruime tyd dat hy hierdie "gewaarwordinge" kry, amper soos drome, maar net baie helderder, en dan onthou hy elke detail klokhelder wanneer hy wakker word. Dit is sedert hy na die eiland Patmos verban is dat hierdie drome kom. Hy is mos na Patmos geneem omdat hulle nie meer wou hoor wanneer hy van die Here praat nie. Maar stilkry sal hulle níé vir hom wat Johannes is nie. Baie beslis nie!

Baie gou begin die besef tot Johannes deurdring dat hy weereens die pen moet opneem. Na sy lywige boek oor Jesus, het hy die gansveer maar rustig laat eenkant lê. Net 'n brief of wat geskryf, maar dis mos nou nie juis wat jy ware skryfwerk noem nie. Dalk wil die Here juis hê dat hy nou weer 'n groot geskrif aanpak.

"Here, wat wil U hê moet ek doen?" bid hy ernstig.

En dan is dit asof hy die stem van God iewers in sy binneste hoor: "Johannes, Ek wil hê dat jy die


Gaan Na Inhoud

openbaring wat Ek jou gee sal neerskryf en vir die mense gee."

Een oggend vroeg word Johannes wakker na nóg een van sy helder drome. En dan wéét hy: Dis nou die tyd! Haastig staan hy op en gaan sit by sy tafeltjie. Hy doop die gansveer in die inkpotjie, en dan begin hy skryf: "*Wat hier volg, is deur Jesus Christus geopenbaar.*"

Johannes maak sy oë toe en bid: "Here, lê asseblief elke woord in my gedagtes, sodat ek slegs sal skryf wat U wil hê dat ek moet skryf. Hierdie is nie my boek nie, maar U boek, Here my God!"

Johannes is oortuig daarvan dat die drome van die afgelope ruk waarlik 'n openbaring van die Here was, en hy neem 'n besluit dat hy slegs gaan skryf wat die Here aan hom openbaar. Hy onderneem om niks van sy eie kommentaar hier in te skryf nie. Maar waar begin 'n mens met só 'n boek?

"*Kyk, Hy kom op die wolke, en al die mense sal Hom sien,*" skryf Johannes, terwyl hy met 'n glimlag om sy mond weer dink aan daardie asemrowende dag. Hy en 'n klompie ander

dissipels was daar op die berg bymekaar, toe Jesus op die wolke weggevaar het. En toe sê die engel vir hulle dat Jesus weer presies nét so gaan terugkom. Almal sal Hom sien, nie net hulle, die gelowiges nie, maar ook die ongelowiges. Ja, selfs diegene wat Jesus gekruisig het!

"*Al die volke sal oor Hom in selfverwyt weeklaag. Ja, dit is seker!*" Johannes skryf hierdie woorde neer sodat elkeen moet weet dat as hulle saak met die Here nie reg is nie, dan sal hulle dit berou op daardie dag!

Johannes weet verseker dat hierdie nie sy eie mening is nie, maar dat dit God Almagtig is wat aan die woord is, daarom skryf hy met bewing: "*Ek is die Alfa en die Omega, sê die Here God, Hy wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.*"

Met hierdie inleidende woorde wil Johannes dit baie, baie duidelik maak van hoe ontsettend belangrik die inhoud van hierdie boek is. Nee, dit is nie sy boek, dat hy daarop kan roem nie. Hierdie is die Here God se boek!

Johannes besluit om vir die lesers te verduidelik

waarom hy hierdie boek skryf en waar hierdie gedagtes wat hy neerpen vandaan kom.

"*Ek, Johannes, is julle medegelowige, en deur ons verbondenheid met Jesus het ek saam met julle deel aan die verdrukking en aan die koninkryk en aan die volharding.*" Ja, die mense moet darem seker weet dat dit hy is wat hierdie dinge neerskryf, en dat hulle hom daarom kan vertrou as 'n betroubare getuie, en dat hy nie sommer dinge uit sy duim suig nie.

Miskien moet hy ook 'n bietjie agtergrond gee oor waar hy aan die gedgates kom: *"Ek was op die eiland Patmos, waarheen ek verban was omdat ek die woord van God en die getuienis van Jesus verkondig het. Op die dag van die Here is ek deur die Gees meegevoer en ek het agter my, so hard soos die geluid van 'n trompet, 'n stem hoor sê: "Skrywe wat jy sien in 'n boek op en stuur dit vir die sewe gemeentes: Efese, Smirna, Pergamum, Tiatira, Sardis, Filadelfia en Laodisea.*"

Johannes maak sy oë toe, en dan sien hy helder en duidelik voor hom, elke klein detail van die droom, visioen, vervoering - noem dit wat jy wil –

wat hy gehad het. Hy sien weer die sewe goue staanlampe toe hy omgedraai het om te kyk waar die geluid van die harde stem vandaan kom. En tussen die lampe het Hy gestaan, Jesus! Hy het ‘n lang kleed aangehad en daar was ‘n goue band om Sy bors. Johannes het in vervoering voor Jesus se voete neergeval! En toe vat Jesus aan hom, en Hy sê: “Moenie bang wees nie, dit is Ek!”

En daar gee Jesus hom die opdrag om te skryf.

**Gebed:**

**O Here, vandag is ek só dankbaar dat U daardie dag vir Johannes die opdrag gegee het om hierdie wonderlike troosboek vir ons te skryf.**

# 54

## ‘n Brief aan Efese

## Openbaring 2:1-7

In alle erns begin Johannes die eerste afdeling van sy boek skryf. Dit sal briewe behels aan die sewe gemeentes van Asië, soos sy opdrag was van Jesus. Nee, hy gaan nie aan elke gemeente apart ‘n brief skryf en dit aan hulle stuur nie. Hierdie sewe briewe gaan ‘n integrale deel van die boek as geheel vorm.

Eerste aan die beurt is Efese. Johannes glimlag, en ‘n onbeskryflike gevoel van die grootheid en majesteit van die oomblik ril deur sy liggaam, as hy terugdink aan die gesig wat hy ervaar het. “So sê Hy wat die sewe sterre in Sy regterhand vashou en wat tussen die sewe goue lampe rondgaan,” O, wat ‘n asemrowende oomblik was dit nie! “Ek weet alles wat julle doen. Ek ken julle onvermoeide arbeid en julle volharding. Julle kan nie slegte mense verdra nie. Julle het ondersoek ingestel na die mense wat voorgee dat hulle apostels is, en dit nie is nie, en gevind dat hulle leuenaars is. Verder volhard julle ook; julle het

baie vir my Naam verduur, en julle het nie moeg geword nie.”

Wat 'n pragtige getuienis is dit nie! Waarlik 'n gemeente wat lewe vir die Here! Maar ongelukkig is alles nie nét mooi en goed in die gemeente nie. Daar is ook dinge wat krap, en die Here het dit duidelik vir Johannes uitgewys. Hy moet dit reguit vir die gemeente sê. Met 'n swaar sug skryf Johannes verder: “Maar Ek het dít teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie.”

In sy gedagtes vorm Johannes ‘n prentjie van Efese. Dit is ‘n pragtige stad met ‘n kwartmiljoen inwoners, en dit is geleë op die punt waar drie handelsroetes bymekaar kom. Waarlik ‘n baie groot en effektiewe handelsentrum! Dit is pragtig uitgelê rondom ‘n riviermonding en dit is boonop geseën met ‘n groot hawe.

En Efese kan roem op ‘n lewendige kultuur. Efese is die enigste stad wat kan spog daarmee dat die Pan-ioniese spele daar plaasvind, ‘n gebeurtenis wat elke jaar derduisende besoekers lok. En dan is daar natuurlik ook die asemrowende tempel van Artemis, oftewel


Gaan Na Inhoud

Diana, soos dit in Latyn bekend staan. Hierdie baie besonderse bouwerk word beskou as een van die sewe wonders van die wêreld. Een van die dinge wat in die talle tempels in Efese bedryf word, is natuurlik keiserverering, waar die keiser as ‘n god aanbid word.

Johannes ril! Al hierdie dinge is baie mooi, maar dit maak dit bitter moeilik vir ‘n gelowige om sy geloof ten volle uit te leef. Dit is ‘n bitter stryd wat elke gelowige voer teen die magte van die bose.

“Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek te ete gee van die boom van die lewe, wat in die paradys van God is.” So sluit Johannes die brief aan Efese af om hulle aan te moedig om die stryd te stry.

Inderdaad praat die Woord van God vandag met elkeen van ons, net soos wat Hy met die Efesiërs gepraat het. Hierdie boek wat Johannes geskryf het, is tydloos, en dit is beslis nie net vir daardie sewe gemeentes bedoel nie. Dit is net so duidelik vandag aan my en jou gerig, en ons moet dit oordink en selfondersoek doen oor dit wat Johannes geskryf het.

In die brief aan die gemeente, word hulle

onvermoeide arbeid asook hulle volharding aangeprys. Hulle het uit hulle pad gegaan om die boodskap van die Evangelie suiwer te hou, en die werk van vals profete is summier aan die kaak gestel.

Ongelukkig het die gemeente se ywer om hierdie dwalings uit te snuffel ook ’n prys gehad. Hulle het soveel aandag hieraan gegee, dat daar ’n baie belangrike deel van hulle verhouding met die Here verlore gegaan het. Hulle liefde vir Christus het begin verflou!

Dikwels raak ons so behep met sekere aangeleenthede, dat ons begin vergeet van die dinge wat rêrag saakmaak. Gaan dink maar watter dinge jou gedagtes oorheers. Nie noodwendig slegte dinge nie, en dikwels baie edele sake. Dalk is dit jou passie vir die behoud van ons pragtige taal. Moontlik is dit die misdaadsituasie in ons land wat jou ‘n ywer gee om dit met al jou mag te bestry. Dalk stry jy daarvoor om pornografie en Godslastering op TV te stop.

Daarmee is niks verkeerd nie, en dit is alles reg en baie edel, maar daar moet ‘n balans in jou

lewe wees. As jy hierdie dinge doen, en die liefde (wat natuurlik jou lewe moet oorheers) is nie meer sigbaar nie, dan het jy liederlik gefaal in jou Christelike plig. Die belangrikste van alles, liefde, mag nooit in jou lewe vervaag nie.

Johannes sluit die brief af met die wonderlike belofte dat die Here diegene wat oorwin, sal laat eet van die Boom van die Lewe. Dit is beeldspraak wat sê dat ons as gelowiges deel sal hê aan God en aan die Lam. Wat ‘n wonderlike vooruitsig!

**Gebed:**

**Here, vul my lewe weer vandag opnuut met U allesoorheersende liefde.**

55

# God se Troonkamer

# Openbaring 4

Johannes het die briewe aan die sewe gemeentes voltooi. Daar was mooi momente, maar ook dinge wat hy moes sê wat nie lekker is nie. Maar dan, wanneer hy klaar is, kom daar vir Johannes ‘n visioen wat sy asem wegslaan. Daar was ‘n deur. En ‘n stem, ‘n groot stem soos die geluid van ‘n trompet. Dan volg ‘n uitnodiging dat hy kon gaan kyk. En wat Johannes daar sien laat jou in volslae verwondering.

God gee ons die Goddelike voorreg om so ‘n klein kykie te kry in die asemrowende Hemelhof. Vir Johannes was dit ‘n reuse probleem om die dinge wat hy gesien het in mensetaal te probeer oordra, want hoe beskryf jy iets wat niemand nog ooit gesien het nie? Hoofstuk 4 en 5 van Openbaring is die aanloop tot die eindgebeure. Hoofstuk 4 beskryf God die Skepper, en hoofstuk 5 Jesus Christus. Dit loop oor van beeldspraak, en jy moet dus baie fyn luister wanneer jy hierdie gedeelte lees.

In die antieke tye het mense geglo dat daar ‘n hek of deur is waardeur jy moet gaan om in die hemel te kom. Vandag word daar steeds grappenderwys gepraat van die hemelpoorte waar Petrus as hekwag sit. Johannes sien die deur na die hemel egter bloot in die sin dat God die hemel oopgemaak het vir ‘n wyle sodat ons ‘n ietsie daarvan kan sien.

In ‘n Geesvervoering word Johannes die wonder van die troonkamer van God gewys. Wat hy daar sien probeer hy beskryf deur van bekende dinge gebruik te maak, want alles is so wonderlik en oorweldigend en anders. Hy sien daar vir God op die troon sit, vanwaar Hy regeer en regspraak lewer. Hy beskryf God nie direk nie, maar sê dat Sy voorkoms soos opaal en karneool was. Opaal is ‘n deursigtige edelsteen, soos diamant, en simboliseer suiwerheid. Karneool het ‘n rooi glans en simboliseer oordeel. Die reënboog met die glans van smarag rondom die troon is simbolies van God se genade en goedheid.

Dít wat Johannes rondom die troon sien, stem in ‘n groot mate ooreen met Esegiël se visioen, ‘n aangrypende gesig, en Johannes vind dit baie moeilik om te beskryf. Daar is die sirkels - vier

lewende wesens wat die troon omsirkel, die reënboog wat God omsirkel, die 24 ouderlinge wat in ‘n sirkel sit, die engele wat almal die troon omsirkel. Dit alles beskryf dat God die middelpunt en sentrum van alles en almal is.

Die ouderlinge stel die kerk (gelowiges) voor. Hulle het wit klere aan, en dit sê dat hulle regverdig verklaar is om voor God te verskyn. Hulle het goue krone op, wat wys dat hulle regeer. Die getal 24 is simbool van die twaalf stamme van Israel en die twaalf apostels. Simbolies beteken dit dat dit die somtotaal van al die gelowiges is.

Dit wat Johannes ervaar gaan gepaard met oorweldigende natuurverskynsels soos weerlig, dreunings en donderslae. Sulke dramatiese natuurgebeure maak dat jy in aanbidding voor die grootheid en heerlikheid van God buig.

Die sewe Geeste van God is simbool van God se alomteenwoordigheid deur Sy Heilige Gees. Die see voor die troon kan ook vertaal word as die see van glas, en dit beskryf die onuitspreeklike heerlikheid van God.

Die vier lewende wesens is simbool van God se

skepping. Hulle het oë voor en agter, wat sê dat niks hulle wakker aandag ontglip nie. Daar is ‘n leeu, volgens die Jode die sterkste van die wilde diere. Ook ‘n bul, sterkste van die mak diere, ‘n arend, sterkste van die voëls, en ‘n mens, magtigste van die hele skepping. Hulle verteenwoordig dus die ganse skepping. Die ses vlerke vol oë van elkeen versinnebeeld hulle wakker bereidwilligheid om met groot spoed God se bevele uit te voer. Die ganse skepping loof en prys God dag en nag: “**Heilig, heilig, heilig is die Here!**” Natúúrlik is God heilig! Hy is so totaal anders as Sy skepping, en daar is geen grens aan Sy mag en krag nie. Hy is die Almagtige, en Hy is tydloos. Van ewigheid af en tot in alle ewigheid.

Die ouderlinge kniel voor God, en sit hulle goue krone voor Hom neer wanneer hulle Hom lof betuig. Hiermee sê hulle dat hulle totaal afhanklik van God is, en dat hulle heerskappy slegs geleen is - dit behoort immers aan God! Dan dwing dit my en jou ook vanoggend om in aanbidding voor Hom neer te val en saam met die ganse skepping uit te roep: “**Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat**

**was en wat is en wat kom!**"

As ek so deur my kantoorvenster na buite kyk, en ek sien die wonder van God se skepping in die blommetjies, die plante, die voëltjies, wat vrolik kwetter en baljaar, dan kan ek verstaan wat Johannes beleef het, want ons God is groot en goed en almagtig. Kom ons aanbid Hom met alles wat binne-in ons is.

**Gebed:**

**Almagtige Vader, Skepper van die heelal, al my lof en dank en aanbidding gaan tot U alleen. Dankie ook dat U hierdie wonderlike visioen deur Johannes laat opteken het. Dankie dat ek vanoggend kan weet dat ek 'n Lewende, Alomteenwoordige en Almagtige God kan aanbid.**

# Die Bitter-Soet Boek

## Openbaring 10:1-11

Johannes se visioene raak al hoe meer intens. Eers is dit die asemrowende troonsaal van God. Daar sien hy hoedat ‘n boekrol wat met sewe seëls verseël is, aan die Lam oorhandig word om oop te maak.

Wanneer Hy die eerste vier seëls oopmaak, is daar telkens ‘n perd met ‘n ruiter, eers ‘n spierwit perd, toe ‘n vuurrooie, toe weer ‘n swarte en die laaste perd was vaal, en sy ruiter se naam, Die Dood!

Die vyfde seël het die siele onthul van diegene wat gedood is omdat hulle aan God getrou gebly het. Toe kom die sesde trompet, en die aarde word in chaos gedompel deur ‘n magtige aardbewing, sonsverduistering en sterre wat neerstort. Wanneer die sewende seël egter oopgemaak word, sak daar ‘n doodse stilte neer.

Die volgende visioen wat Johannes sien, behels sewe engele met sewe trompette. Elke keer as een van die engele op sy trompet blaas, volg

daar grootskaalse verwoesting, hael en vuur wat ‘n derde van die aarde verbrand, vuurspuwende berge, ‘n ster wat van en ‘n deel van die aarde verswelg. Dan volg die son en maan wat gedeeltelik verwoes word. Die vyfde trompet laat sprinkane vry met angels soos skerpioene wat ongelowiges pynig. Die sesde trompet is egter die ergste, want dit bring ‘n magtige leër van ruiters op perde wat vuur spoeg en doodmaak wat voorkom.

Na die sesde trompet is daar vir Johannes ‘n dubbele tussenspel - ‘n klein boekie wat Johannes moet eet en die twee getuies. Alles begin by ‘n engel wat Johannes uit die hemel sien neerdaal. Hierdie engel is in diens van God, en sy hele beeld straal dit uit. Hy is deur God gestuur om ‘n boodskap van hoop te kom bring vir die verdrukte kerk. Johannes sien hoedat hy wydsbeen gaan staan oor die land en see. Dit is natuurlik simbolies van sy omvattende posisie. Dit is voorwaar ‘n asemrowende figuur wat getuig van groot krag en gesag. Sy sending dra dus Goddelike sanksie.

En dan is daar die oop boekie: hierdie is eintlik ‘n onverseëlde boekrol wat hy in sy hand hou,

soortgelyk aan die groot boekrol wat Johannes in ‘n vorige visioen gesien het. Hierdie Boekie is eintlik ’n kleiner weergawe van die groot Boekrol, en is die testament van die toekomsgebeure.

Wanneer die engel praat, dan is dit met groot gesag, en sy stem is baie hard, soos die magtige stem van ‘n leeu wat brul.

As hierdie engel praat, dan antwoord die hemele in sewe donderslae wat sy Goddelike gesag bevestig. Johannes wil alles neerskryf wat hy hoor, maar ‘n stem uit die hemel belet hom - dit is nog ‘n geheim. Dan kondig die engel aan dat daar nie meer tyd oor is nie. Die sewende trompet gaan weergalm, en dit sal die finale einde inlui. Hy bevestig dit met ‘n eed, sy regterhand na die hemel uitgestrek, soos die voorskrif is om ‘n eed af te lê. Die verborge bedoeling (die volle raad van God) sal dan in vervulling gaan. Die einde is naby! Alles en almal het nou hulle Godgegewe betekenis bereik.

Maar dan kom daardie moeilike opdrag aan Johannes: ‘n Stem uit die hemel sê vir hom dat hy die oop boekie by die engel moet neem en dit opeet. Deur hierdie simboliese daad, neem

Johannes nou aktief deel aan die eindgebeure. Hierdie boek smaak soet soos heuning, en nadat hy dit geëet het moet hy die Woord van God aan Israel gaan verkondig. Die profeet moet dus eers die boodskap verteer - hy moet dit met ander woorde sy eie maak voordat hy dit kan vertel.

Johannes se boek is soet soos heuning, maar as dit in die maag kom is dit bitter. Dit wil vandag vir ons sê dat dit heerlik aangenaam is om die Woord van God te lees en dit te bestudeer, maar wanneer dit by die verkondiging kom van dit wat jy jou eie gemaak het, dan is dit nie so maklik nie. Om die Woord te verkondig is veeleisend, en dit gaan dikwels gepaard met bitter moeilike teenstand.

Johannes se opdrag is dan ook om God se boodskap te gaan verkondig. Sy boodskap raak die hele wêreld - volke, nasies, tale en konings. Weereens is dit God se onmeetlike genade wat na vore kom, wanneer Hy die wêreld steeds geleentheid gee om hulle tot God te bekeer voordat die finale oordeel kom.

Dit is asof God vandag ook Sy hand op my en jou skouer plaas, en ons aanspoor om Sy Woord


Gaan Na Inhoud

aan elkeen waarmee ons in aanraking kom te gaan vertel. Wat ‘n wonderlike voorreg! Ons is gevul met die heerlike soet smaak van die Woord, maar ons moet ons regmaak om ook die bitter van verwerping te kan ervaar, wanneer mense God se Woord in ons gesigte teruggooi.

**Gebed:**

**Dankie vir die heerlike voorreg, Here, dat ek ook u Woord kan versprei oor die hele aarde. Ek wil vra dat U asseblief vir my deure sal oopmaak sodat die Woord wyd en syd sal weerklink, en dat almal sal weet van U groot genade en liefde.**



Gaan Na Inhoud

# Die Nuwe Jerusalem

## Openbaring 21:9-22:5

Vir maande sit Johannes alreeds en skryf. Elke klein detail van die wonderlike, en soms bitter ontstellende visioene wat hy beleef het, is in sy boek beskryf.

Na ‘n reeks oordele wat sy hart omklem, sien Johannes een oggend die mees asemrowende gesig. Voor sy oë begin die aarde en die hemel verdwyn, en in die plek daarvan neem ‘n splinternuwe hemel en aarde stadig vorm aan. Johannes kan sy oë nie glo nie, want so wonderskoon het hy nog nooit gesien nie. Dan besef hy dat hierdie visioene nou einde se kant toe moet staan!

Meteens hoor hy die stem van God: “**Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God. Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan.**”



Gaan Na Inhoud

Daarna neem ‘n engel hom na ‘n hoë berg, en wys hom die nuwe stad, Jerusalem. Sy hart bokspring van pure opgewondenheid. Die hele stad glinster soos ‘n kristalhelder opaal, wat beklemtoon dat die stad vol is van God se teenwoordigheid. Sy heerlikheid is stralend en glinsterend. Daar is ‘n 144m hoë muur met twaalf poorte, wat benadruk dat daar voldoende toegang is vir al die navolgers van die Lam. Die muur dien ook as ‘n skeiding tussen die gelowiges binne en die ongelowiges buite die stad, en gee volledige beskerming aan al die inwoners. Daarom word die toegange bewaak om slegs die gelowiges toe te laat. Die muur is van opaal, wat weereens God se teenwoordigheid daarin beklemtoon. Die fondamente van die muur is met twaalf edelstene versier, wat herinner aan die twaalf edelstene aan die borssak van die hoëpriester. Die twaalf poorte in die stadsmuur is elk uit een enkele pêrel gekerf. Johannes merk dat die name van die twaalf stamme van die volk Israel op die poorte geskryf is, en die name van die twaalf apostels op die fondamente. Dit is natuurlik omdat sowel die Ou-Testamentiese as

die Nuwe-Testamentiese geloofsvolk van God deel het aan die stad.

Dan sien Johannes hoedat ‘n engel die stad meet met ‘n goue meetstok. Hiermee wil die engel sê dat hierdie God se eiendom is wat blyplek gee aan almal wat daar hoort. Die stad is in die vorm van ‘n reuse kubus van 12’000 x 12’000 x 12’000 kilometer. Die allerheiligste in die tempel was ook in die vorm van ‘n kubus, dus beklemtoon dit eenvoudig dat God se teenwoordigheid die ganse stad vul.

Die stad self is van suiwer goud, en so ook die strate. Nie alleen is dit ongelooflik waardevol nie, maar het ook ewigheidswaarde. ‘n Geheelprentjie van die goue stad en die waardevolle edelstene, herinner jou aan priesterlike dinge. Dit bring jou tot die gevolgtrekking dat die ganse stad, net soos ‘n priester, in diens van God staan. Die hele stad is ‘n tempel omdat God en die Lam daar teenwoordig is, en daarom skryf Johannes ook pertinent dat daar gladnie ‘n tempelgebou in die stad is nie. Dit is nou totaal onnodig!

Nog ‘n wonderlike ding wat Johannes opmerk, is



Gaan Na Inhoud

dat die son en maan totaal oorbodig is, want die heerlikheid van God verlig die stad. Die glansryke heerlikheid van die Goddelike teenwoordigheid dien as lig om in te leef. Daar is dus ook gladnie meer ‘n onderskeid tussen dag en nag nie. Om die waarheid te sê, bestaan daar nou gladnie meer so ‘n ding soos nag nie!

Die stadspoorte word nooit meer gesluit nie. Dit staan heeldag lank oop omdat die bose mos nou reeds vernietig is. En slegs gelowiges het burgerskap in hierdie stad - dit het hulle gekry op grond van die offer van die Lam.

Nadat Johannes hom verkyk het aan hierdie wonderlike stad, wys die engel hom ‘n ander wonderwerk: die rivier met die water van die lewe, wat kristalhelder uit die troon van God en die Lam stroom. Dit is simbolies van God wat die lewe gee. En dan is daar die boom van die lewe wat twaalf keer per jaar vrugte dra. Dit beteken dat die paradys uiteindelik herstel is, en dat die totale vrede wat daar in die tuin van Eden moes geheers het, uiteindelik nou in vervulling kan gaan. Liggaamlike en geestelike siektes bestaan nie meer nie, en daar is ‘n totale afwesigheid van sonde. In volmaakte saamwees met God regeer

die triomferende gelowiges nou vir ewig in ‘n wonderlike en volmaakte gemeenskap met God en die Lam.

Is hierdie nie ‘n wonderlike ding om na uit te sien nie? Hierdie beskrywing wat Johannes gee is genoeg om enige gelowige opgewonde te maak, en met groot verwagting te laat uitsien na die eindtyd.

**Gebed:**

**Here Jesus, ek sien so uit na die volmaakte lewe saam met U. Gee my asseblief die krag om hierdie lewe op aarde voluit te leef vir U. En wanneer ek pyn en smart beleef - versterk dan die wete in my dat dit net tydelik is, en dat die volmaakte op my wag.**



Gaan Na Inhoud

58

# Jesus Kom Weer!

## Openbaring 22:6-21

Johannes is baie opgewonde. Nog net die laaste paar lyntjies, dan is sy boek klaar. “Toe sê die engel vir my: “Hierdie woorde is betroubaar en waar.” skryf Johannes met bewende hand. “Die Here God, wat sy Gees aan die profete gee, het sy engel gestuur om vir sy dienaars te wys wat binnekort moet gebeur.”

Ja, betroubaar en waar! Hy het elke detail neergeskryf presies net soos hy dit gesien het. En die wonderlike is dat hy weer, na al die jare vir Jesus gesien en gehoor het. Dit was nou wel visioene, maar dit was so helder en duidelik soos die werklikheid.

“Jesus sê toe: Kyk, Ek kom gou! Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem,” skryf Johannes. Nie sy woorde nie, maar Jesus s’n.

“Dit is ek, Johannes, wat dit alles gehoor en gesien het.”
Ja, alles was vir Johannes so wonderlik, dat hy so ampertjies die engel wat al die dinge vir hom


Gaan Na Inhoud

gewys het, aanbid het. Hy het al klaar op sy knieë neergeval om hom te aanbid, toe die engel hom stop: “Pas op, moenie!” het hy vir Johannes gesê. “Ek is 'n mededienaar van jou en van jou medegelowiges, die profete en dié wat die woorde van hierdie boek ter harte neem. Aanbid God!”
En toe sê die engel vir Johannes: “Moenie die woorde van hierdie profetiese boek geheim hou nie, want die eindtyd is naby.”

Vir oulaas praat Jesus weer met Johannes: “Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het. Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde.”

Vir ‘n oomblik dink Johannes weer terug aan die manier waarop hy sy eerste boek begin het. Daar het hy dit so duidelik moontlik probeer beklemtoon wie Jesus waarlik is, dat Hy God almagtig is, reg van die begin van alle tye af, en dat Hy die Skepper-God is van hemel en aarde. En hier kom sê Jesus dit presies net so weer vir hom.

Dan beaam Jesus dit: “Ek, Jesus, het my engel


Gaan Na Inhoud

gestuur om dit alles aan julle in die gemeentes te betuig. Ek is die Wortel, dit is, die Nakomeling van Dawid. Ek is die helder Môrester.”

“Here, U moet asseblief gou kom! Ek wag op U!” sug Johannes.

“Ja, Ek kom gou!”
“Amen! Kom, Here Jesus!” antwoord Johannes opgewonde. Hy is meer as gereed om Jesus te ontmoet!

En so kom ons aan die einde van nog ‘n reeks dagstukkies. Vir my persoonlik was dit ‘n wonderlike reis saam met Johannes. Ek het hom leer ken as daardie weerbarstige jong “Seun van die Donder,” die jong visserman met soveel ambisie. Ja, hy wou héél bo uitkom, selfs saam met Jesus op die troon gaan sit en regeer.

Mettertyd het ek hom sien groei in sy geestelike lewe tot ‘n reus in die geloof wat onverskrokke saam met Petrus selfs die Joodse Raad aangedurf het.

En dan, op sy oudag begin hy skryf, en hy skryf die wonderlikste boeke wat menseharte diep aanraak. En dan veral hierdie groot, groot boek Openbaring, waar hy een van die héél

belangrikste van vrae aanraak, die wederkoms van Jesus.

Aan die einde van hierdie boek moet ek vir myself die vraag afvra of Jesus se wederkoms vir my ‘n verskriklike berg is wat voorlê, of is dit ‘n wonderlike gebeurtenis om na uit te sien. Johannes skryf met borrelende opgewondenheid oor Jesus se wederkoms, en die hele skepping smag daarna dat daardie dag moet aanbreek. Vir my as gelowige is daar niks om voor bang te wees nie, want ek is reeds vrygespreek van die oordeel, en daarom kan ek saam met ‘n reuse skare van gelowiges uitroep: “Kom Here Jesus, kom gou!”

My vraag aan jou vanoggend is egter of jy ook so daaroor voel? Sien jy ook, nes Johannes met groot verlange uit na Jesus se wederkoms? Of sit jy dalk met vrees in jou hart, want jy weet nie of jy die binnekant van die hemel sal sien nie? As jy met daardie verskriklike vrees sit, dan smeek Jesus by jou om te kom en van die water van die lewe te kom drink. Dis verniet! Jy hoef niks daarvoor te betaal nie! Ek wil jou dan ook dringend uitnooi om vir my te skryf as jy met daardie probleem sit.

Marana ta!

**Gebed:**

**Dankie Here Jesus, vir die groot voorreg wat U my gegee het om ‘n pad saam met hierdie wonderlike man te kon stap, en sy boeke te lees en te bestudeer. Dankie vir al die boodskappe van genade en liefde wat opgesluit is in die Johannes Evangelie en veral ook Openbaring, en dat U my opnuut hierdeur versterk en getroos het. Marana ta! Kom Here Jesus!**

As hierdie boek vir jou van waarde was, oorweeg dan asseblief 'n donasie deur hierdie ZAPPER QR kode te gebruik.
Deel van die donasie gaan vir Bybelverspreiding.

MOSBOLLETJIE BOEKE
zapper™


Gaan Na Inhoud